

GESKIEDENIS VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE
ONDERWYS AAN BLANKES IN DIE
DISTRIK HEIDELBERG, TRANSVAAL
VAN 1839 TOT 1950.

-----ôoOoo-----

'n Verhandeling ter verkryging van die graad
MAGISTER EDUCATIONES onder die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

KANDIDAAT: PETRUS WILHELM LÖTZ, B.A., B.Econ., B.Ed.

-----ooOoo-----

PROMOTOR: PROF. DR. J. CHRIS. COETZEE,
P. U. vir C. H. O.

-----ooOoo-----

V O O R W O O R D.

My doel met hierdie studie was in die eerste instansie om na te gaan watter plek die onderwys ingeneem het in die vroegste geskiedenis van blanke-nedersetting in die Suikerbosrandstreek. Ek wou verder bepaal hoe die onderwys in sy ontwikkeling beïnvloed is deur gebeurtenisse op maatskaplike, kerklike en politieke terrein.

Die kerkgeskille, die ondoeltreffende beheer en toesig oor die onderwys onder die Uitvoerende Raad, die liberale onderwyswetgewing van president Burgers en die anneksasietydperk het almal verlamd gewerk op die onderwyspogings van plaaslike beyweraars.

Die Christelik-nasionale rigting wat ingeslaan is deur superintendente Du Toit en Mansvelt, het 'n onuitwisbare stempel op die onderwys in Heidelberg afgedruk. Die tydperk van Kroonkolonie- en Selfbestuur kan genoem word 'n periode van aanpassing en oorweging, van gee en neem. Onder Provinsiale Bestuur het die onderwys geleidelik begin rigting vind en ontwikkel tot 'n stelsel van doeltreffende beheer en effektiewe onderrig.

Die bronne waaruit ek die gegewens oor die onderwys kon naspoor, was eerstens die ongepubliseerde dokumente, verslae, notules en briewe, te vinde in die Staatsargief te Pretoria, in die kerklike argiewe, in die argief van die Laer Volksskool, Heidelberg, en in die kantore van ander onderwysinrigtings in die distrik. Tweedens was tot my beskikking gepubliseerde bronne: boeke, Kerklike en onderwysorgane en tydskrifte, verslae en rapporte van die Onderwysdepartement.

Ek het verder getuigenisse ingewin van heelparty bejaarde persone wat oor 'n lang tydperk van jare 'n leidende aandeel in die onderwys van Heidelberg geneem het of in

noue voeling gelewe het met gebeurtenisse wat die geskiedenis gemaak het.

In die gebruik van die bronne-materiaal het ek my bes gedoen om die getuienisse te sif en volgens my beskeie oordeel slegs dit neer te skryf wat as waarheid bewys kan word. Waar die onderwysgeskiedenis vertroebel is deur kerklike of ander geskille het ek probeer om objektief alleen die spoor van die ontwikkeling in die onderwys te volg.

Aan die argiveris en sy personeel van die Staatsargief te Pretoria, die bestuurder en sekretaris van die Ned. Herv. of Geref. kerklike kantoor te Heidelberg, die sekretaris van die Heidelbergse Skoolraad, hoofde van skole en die verskillende deponente my innige dank vir gewaardeerde hulp in die verskaffing van gegewens, informasie en foto's.

In die besonder wil ek my hartlike dank betuig aan my promotor, professor dr. J. Chris. Coetzee van die P.U. vir C.H.O., vir hulp en leiding aan my verleen en vir die inspirasie wat deur sy vrugbare en toegewyde lewe uitgaan na sy studente.

F. W. Lötze.

Vereeniging.

November 1952.

.....

I N H O U D S O P G A W E.HOOFSTUK 1.Historiese Agtergrond.Bladsy.

1. Die eerste blanke nedersetting in Suikerbosrand. ..	1
2. 'n Paar leidende figure onder die eerste nedersetters	3
3. Langlaagte as kerkplaas en handelsentrum	7
4. Stigting van die dorp Heidelberg	9
5. Stigting van die Landdrosdistrik Heidelberg	
in 1866	11
6. Ontdekking van goud in die distrik Heidelberg	
in 1886	13
7. Bepaling van die geografiese terrein wat deur	
hierdie studie gedek sal word	13.

HOOFSTUK 2.Onderwys gedurende die beginjare van Heidelberg,1839 - 1868.

1. Onderwys voor 1853	15
(a) Maatskaplike toestande	15
(b) Die behoefte aan onderwys en die werk van	
katekiseermeesters	16
(c) Bevindings van besoekende leraars:	19
(i) Dl. A. Murray, Snr. en P.K. Albertyn	19
(ii) Ds. A. Murray, Jnr., 1850	20
(iii) Dl. A. Murray, Jnr., en J.H. Neethling,	
1852	20
2. Onderwys vanaf 1853 tot 1868	21
(a) Die koms van ds. Van der Hoff in 1853	21
(b) Kerklike en politieke twiste nadelig vir	
onderwys	22
(c) Besoek van dl. A.A. Louw en J.H. Neethling	
in 1856	23
(d) Stigting van die Ned. Herv. Gemeente	24
(e) Die stigting van die Ned. Geref. Gemeente	25

(f) Skole voor 1867	26
3. Kritiese samevatting	27
(a) Die maatskaplike toestande	27
(b) Geestelike behoeftes en hoe daarin voorsien is	28
(c) Kerklike en politieke twiste	28
(d) Die eerste skooltjies	28.

HOOFSTUK 3.

Onderwys in Heidelberg, 1868 - 1881.

1. Onderwys onder die Uitvoerende Raad, 1868 - 1871 ..	29
(a) Die eerste skoolkommissie te Heidelberg, 1868 .	29
(b) Die eerste goewermentsonderwyser onder die nuwe wet	30
(c) Tekort aan onderwysers in die distrik	35
2. Onderwys onder Burgers, 1872 - 1877	36
(a) Die Burgers-wet oor die onderwys	36
(b) Skoolkommissie volgens die nuwe onderwyswet gekies in 1876	39
(c) Die distrik skool te Heidelberg	40
(d) Engels in die skool te Heidelberg	43
(e) Skooltjies op die plase	45
3. Onderwys in Heidelberg onder die Engelse Bewind, 1877 - 1881'	46
(a) Shepstone annekseer die Transvaal in 1877	46
(b) Dr. Vacy Lyle as Kommissaris aangestel	46
(c) Skool te Heidelberg, 1877 - 1881	47
(d) Privaatskole in die distrik	50
4. Kritiese samevatting	52
(a) 'n Stadige begin onder moeilike omstandighede, 1869 - 1871	52
(b) Onderwys onder die Burgers-wet	52
(c) Onderwys gedurende die anneksasietydperk, 1877 - 1881	54.

HOOFSTUK 4.Bladsy.Onderwys in Heidelberg, 1881 - 1899.

1. Onderwys in Heidelberg onder ds. S.J. du Toit en H. Stiemens, 1882 - 1891	55
(a) Ds. S.J. du Toit word Superintendent van Onderwys	55
(b) Wet Nr. 1 van 1882	55
(1) Algemene Bepalings	55
(ii) Besondere Bepalings	56
(c) Ontwaking op onderwysgebied in Heidelberg vanaf 1882	57
(1) Die dorpskool te Heidelberg, 1882 - 1891	58
(ii) Wykskole, 1882 - 1891	62
(iii) Wanpraktyke met die stigting van wykskole	66
(d) Inspeksierapporte, 1883 - 1891	67
2. Onderwys in Heidelberg onder Mansvelt, 1891 - 1899	69
(a) Mansvelt as Superintendent van Onderwys	69
(b) Herformulering van die onderwyswetgewing	69
(c) Uitbreiding van skole, 1891 - 1898	72
(1) Dorpskole in Heidelberg, 1891 - 1898 ..	72
(ii) Wykskole in Heidelberg, 1891 - 1898 ...	74
(d) Inspeksierapporte oor die Heidelbergse skole	76
3. Kritiese samevatting	79
(a) Die tydperk, 1881 - 1891	79
(b) Die tydperk, 1891 - 1899	80

HOOFSTUK 5.

Onderwys in Heidelberg onder Kroonkolonie- en
Selfbestuur, 1900 tot 1910.

1. Onderwys onder Kroonkoloniebestuur, 1900 - 1905 ..	82
(A) E.B. Sargent as Direkteur van Onderwys in Transvaal	82
(B) Onderwys in Heidelberg gedurende die oorlogsjare, 1900 - 1902	83

(C) Ordonnansie Nr. 7 van 1902	85
(D) Onderwysregulasies van 1903	87
(a) Skoolkommissies	87
(b) Vakke-indeling en leerplanne	87
(c) Die invoer van onderwysers(esse)	88
(E) Skole geopen in Heidelberg, 1902 tot 1906	89
(a) Laerskole	89
(b) Sekondêre onderwys, 1904	91
(F) Rapporte oor die onderwys in Heidelberg	91
(a) Mnr. F.H. Thompson, 1904	91
(b) Mnr. L.M. Foggia, 1906	92
(G) Die C.N.O.-beweging tot 1906	94
(a) Die ontstaan van die C.N.O.-beweging	94
(b) C.N.O.-skole in Heidelberg	95
(I) Die Volksskool	95
(II) Ander C.N.O.-skole in Heidelberg	107
2. Onderwys onder Selfbestuur	109
(A) Die Onderwyswet van 1907	109
(B) Vordering op onderwysgebied in Heidelberg,	
1907 - 1910	110
(a) Die eerste Adviserende Skoolraad,	
1906 - 1907	110
(b) Die eerste skoolraad onder die Smuts-wet ..	112
(c) Vermeerdering van goewermentsskole,	
1908 - 1910	113
(C) Inspeksierapporte, 1907 - 1910	116
(a) Mnr. T.G. Ligertwood	116
(b) Die Direkteur van Onderwys oor die Normaalskool,	
Heidelberg	120
(D) Die C.N.O.-skole onder Selfbestuur	122
3. Kritiese samevatting	125
(A) Die toestand van onderwys in Heidelberg onder	
Kroonkoloniestuur, 1900 - 1906	125

(B) Die toestand van onderwys in Heidelberg. . . .	
onder Selfbestuur, 1906 - 1910	126
(C) Die stand van die skole en die onderwys in	
Heidelberg teen 1910	127.

HOOFSTUK 6.

Onderwys onder Provinsiale Bestuur.

1. Geleidelike ontwikkeling in die onderwys in	
Heidelberg	128
(a) Fundamentele reëlins in verband met onderwys	128
(b) Wysiginge in die Smuts-wet en nuwe onderwys-	
regulasies rakende die onderwys in Heidelberg	129
(c) Groei op onderwysgebied	130
(I) Aanwas van die getal skoolgaande leer-	
linge in Heidelberg, 1910 - 1950	130
(II) Groei van die Laer Volksskool te	
Heidelberg	132
(III) Groei van die Hoër Volksskool te	
Heidelberg	135
(IV) Uitbreiding van die koshuise te	
Heidelberg	138
(V) Groei van die Heidelbergse Normaal-	
kollege	143
(VI) Laerskole met middelbare afdelings en	
Intermediêre Skole	151
(d) Die skoolraad en sentralisasie	156
(I) Die tydperk, 1910 - 1934	156
(II) Sentralisasie van 1934 tot 1950	162
(e) Inspeksierapporte en verslae van 1910 tot 1950	
met die oog op:	167
(i) Onderwyspersoneel	167
(II) Metodes, leervakke en hulpmiddels by die	
onderwys	169

(III) Geboue en uitrusting	172
(IV) Uitbreiding van die skool se pligte	174
(f) Skool-mediese dienste in Heidelberg	176
2. Unie-Onderwys in Heidelberg	178
(a) Die Nywerheidskool te Emmasdal	178
(I) Stigting en groei	178
(II) Die doelstelling van die Inrigting	179
(III) Leervakke en ambagte	179
(IV) Uitplasing en nasorg	179
(V) Die beheer oor die Inrigting	180
(VI) Die Inrigting	181
(VII) Buite-aktiwiteite van seuns	181
(b) Die J.W. Lückhoff-hulpskool vir Subnormales .	181
(I) Die stigting en groei	181
(II) Doelstelling van die Inrigting	183
(III) Leervakke en ambagte	183
(IV) Uitplasing en nasorg	183
(V) Die Inrigting as sodanig	184
(VI) Buite-aktiwiteite en sport	184
3. Kritiese samevatting	185
(a) Groei op onderwysgebied in Heidelberg,	
1910 - 1950	185
(b) Onderwyspersoneel	185
(c) Onderwysfasiliteite	186
(d) Sentralisasie	186
(e) Die stand van onderwys in Heidelberg in 1950	187.
Bylae A	1
Bylae B	111
Bylae C	vii.
Bibliografie.	

HOOFSTUK 1.

HISTORIESE AGTERGROND.

1. DIE EERSTE BLANKE-NEDERSETTING IN SUIKERBOSRAND:

Hoewel dit nie moontlik is om met sekerheid te bepaal presies wanneer die eerste blankes hulle in die omgewing van Suikerbosrand gevestig het nie, is daar genoegsame bewyse dat die eerste nedersetters in die streek gekom het omtrent dieselfde tyd toe die omgewing van die huidige Potchefstroom deur die Trekkers bewoon is.

Suikerbosrand word genoem in verband met gebeurtenisse wat so vroeg as die einde van 1837 gebeur het. So skryf dr Gustav S. Preller:

"dat die eerste vermelding wat ons besit van Pretorius in verband met die trekbeweging, dagteken uit die tyd toe Potgieter en Maritz hul laers gestaan het aan Suikerbosrand, in Transvaal, toe Potgieter hom gereedgemaak het vir die tweede kommande teen die Matabele, in Nov. 1837" 1);

en verder:

"Hy (Pretorius) is saam met Potgieter en Uys van Suikerbosrand af na Marico, ----- maar is na enige tyd weer teruggekeer in die laër te Suikerbosrand, waarskynlik op versoek van Potgieter, in ieder geval om daar bevel te voer tydens Potgieter se afwesigheid" 2).

Ander skrywers betwyfel dit egter dat hier bedoel was die Heidelbergse Suikerbosrand 3). Mr. K. Bonsma, tans nog woonagtig te Heidelberg en iemand wat baie navorsing gedoen het in verband met die vroeë geskiedenis van die dorp en distrik, skryf die volgende:

"Die getuienis van afstammelinge van die oudste blanke bewoners van die distrik, 'n noukeurige studie van die terrein en 'n vergelyking van verskillende historiese bronne, maak dit amper seker dat Potgieter en sy mense, nadat hulle die Vaalrivier oorgetrek het, hulle laer opgeslaan het op die teenwoordige Blinkpoort, ongeveer ses myl Suid-Oos van die dorp Heidelberg. Eintlik was dit twee laers; 'n kleiner een op Laerspoort en 'n groter een op Blinkpoort" 4).

1) Preller: Andries Pretorius, 22.

2) Ibid., 22, 23.

3) Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 83, noot.

4) Bonsma: Brosjure: Iets uit die Geskiedenis van Heidelberg Dorp en Distrik, 1.

Al sou die Suikerbosrand, waarvan in die vorige aanhalings melding gemaak word, nie die Heidelbergse Suikerbosrand wees nie, of al was die laers se verblyf daar in 1837 maar net van verbygaande aard, dan nog is dit seker dat permanente vestiging daar plaasgevind het nie later as die somer van 1838 - 1839 nie. So lees ons byvoorbeeld:

"Toe Potgieter Vetrivier, end 1838, verlaat om na Transvaal te trek, was baie van sy mense al oor die gebied tussen die Vet en die Vaal versprei, nes voor die Liebenbergmoorde twee jaar tevore. 'n Klein aantal het selfs oor die rivier getrek en hulle in die huidige Heidelbergse, aan Suikerbosrand neergeset" 1).

Hieruit wil dit voorkom asof daar reeds blanke bewoners in Suikerbosrand was voordat Potgieter hom metterwoon in die Mooirivierstreek gevestig het.

Ook prof. S.P. Engelbrecht skryf:

"Na Potchefstroom is Suikerbosrand die streek waar die blankes hulle die eerste in Transvaal gevestig het" 2).

Suikerbosrand is dus een van die oudste deur blankes bewoonde streke in Transvaal. Dit is maklik verstaanbaar, want dit is 'n mooi en oor die algemeen vrugbare streek. Buitendien loop daar baie spruite van die rante af die vlaktes in, wat die streek waterryk maak:

"Op die rante het die Proteas nog dik gestaan, so dik dat hulle dit Suikerbosrand genoem het. Onbalemerd het die spruitjies hul silwer waterstroompies al murmelende laat afloop na Blesbokspruit. Blesbokspruit, omdat groot kuddes blesbokke in die môre daar hul dors kom les het" 3).

Ds. A.J. Louw het eenkeer in 'n toespraak die volgende vertel uit die tyd net na die Voortrekkers hulle in Heidelberg gevestig het:

"Een van die skoolkinders uit daardie dae vertel o.a., hoe in die môre die volstruise oorkant die Blesbok

- 1) Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 114.
- 2) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865 - 1935, 5.
- 3) Bonsma: Iets uit die Geskiedenis van Heidelberg Dorp en Distrik, 5.

rondgedans het; met groot troppe blesbokke en springbokke en hoe die kinders dan net soos die volstruise voor die skool staan en wals. In die aand kon mens die leeus hoor brul en dit was 'n grap vir die kinders om meester skrik te maak en te sê: „Meester, hoor hoe die leeus brul, ons moet loop!“ 1).

Dus was dit ook 'n landstreek van volop wild, 'n faktor wat die Voortrekkers altyd sou bekoor.

2. 'n PAAR LEIDENDE FIGURE ONDER DIE EERSTE NEDERSETTERS.

Onder die eerste Nedersetters van die Suikerbosrand was daar ook diegene wat die toon aangegee het en leiding geneem het op staatkundige en maatskaplike maar veral ook op godsdienstige gebied. Omdat godsdienste en onderwys in daardie tyd nie van mekaar te skei was nie, is dit ook uit die oogpunt van die onderwys en opvoeding van belang om te let op hierdie geestelike leiers.

„Verskillende van hulle was uit die distrik Beaufort-wes afkomstig soos die families Jacobs, Strydom, Marais, Pretorius, Smit, Bronkhorst en miskien nog meer. Tot die ander ou families moet gereken word die families Brits, Botha, Willemsse, Goosen, Spruyt, Claassen, Nortjé, Labuschagne e.a.“ 2).

Lede van verskeie van bogenoemde families het uit die staanspoor 'n leidende aandeel geneem in Suikerbosrand, en in die loop van meer as 'n eeu het die nasate van daardie eerste stoere intrekkers op verskillende terreine leiding gegee. Van baie wat aandag verdien, kan ek hier maar slegs enkele noem.

Die trek uit Beaufort-Wes het in 1838 plaasgevind na die moorde van die Soeloes in Natal. Die Trekkers in Natal het drie persone, naamlik F. Hattingh, W.J. Pretorius en Charl Celliers na die Kaapkolonie gestuur om hulp te gaan seek;

„W.J. Pretorius het na Beaufort-Wes gegaan en vandaar P.D. Jacobs met 'n klompie mense gebring“ 3).

1) Afskrif van toespraak in besit van mej. Charlotte Louw, Pretoria. Sy is die enigste oorlewende dogter van ds. A.J. Louw.

2) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente, Heidelberg, 5.

3) Ibid., 5.

Prof. Engelbrecht vertel verder van P.D. Jacobs dat hy in 1780 gebore is en in 1804 met Maria van Wyk getroud is. Hy was 'n groot skaapboer en besitter van verskeie slawe en het die betrekking van veldkornet beklee. Die kommando wat hy uit die Kolonie gebring het, het uit sestig man bestaan. Hy is as kommandant gekies en is saam met generaal A.W.J. Pretorius en het op 18 Desember aan die slag van Bloedrivier deelgeneem saam met sy twee seuns, Pieter Daniël en Gabriël Gerhardus Jacobs. Na die slag van Bloedrivier is kommandant P.D. Jacobs na die Vrystaat ^{en} vandaar met verskillende families uit Beaufort-Wes na Transvaal, waar hulle in die streek Suikerbosrand gaan woon het. Kommandant Jacobs het hom op die plaas Goedeverwachting, nou in die distrik Vereeniging, gevestig. Hy is op 12 Augustus 1845 en sy vrou op 11 Desember 1853 daar oorlede. Hulle grafte is nog in die ou kerkhof op die plaas te sien 1). Een van kommandant P.D. Jacobs se nakomelinge, mnr. J. Jacobs, is vandag nog besitter van die gedeelte waar die ou opstal was en woon nog daar. 'n Broer van hom, mnr. P.D. Jacobs, woon nog op 'n ander gedeelte van die plaas.

'n Ander lid van die familie Jacobs het veral op godsdienslike gebied baie gepraessteer. Hy was:

"David Francois Jacobs, 'n kleinneef van kommandant Jacobs... Reeds vanaf 1820 was hy kerkraadslid van die gemeente Beaufort-Wes en later ook voorleser. Hy was 'n waardige persoon met 'n vrome lewenswandel. Op die trek het hy Sondae godsdienst gehou en ook later na die vestiging in Suikerbosrand het hy dit bly doen; die een Sondag op die een en die ander Sondag weer op 'n ander plaas. Dit was sy gewoonte tot in sy hoë ouderdom. Die Natasle Volksraad het hom op 3 Januarie 1840 op voordrag van die landdros van Winburg as kerkseermeester aangestel vir die mense ten Weste van die Drakensberg" 2).

Ds. A. Murray jnr. wat op 6 Mei 1849 as predikant van Bloemfontein bevestig is 3), skryf in sy verslag oor sy tweede reis van 1850 die volgende oor D.F. Jacobs:

-
- 1) Engelbracht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 5,6,7,
 - 2) Ibid., 7.
 - 3) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 57.
-

"Groote belangstelling kon ik in deze gewesten onder eenigen ontdekken, die vooral levendig gehouden werd door den vlijtigen arbeid van den oudl. D. Jacobs (van Beaufort) die gedurig de gemeente zoekt te stichten en op te wekken," 1).

Die derde deputasie van die Kaapse Kerk, t.w. di. A. Murray van Bloemfontein en J.H. Neethling van Prins Albert, praat op twee plekke in hulle verslag tot groot lof van D.F. Jacobs;

"Wij overwoogen de raadzaamheid om nevens de waardige Broeders ouderlingen Womarans en Viljoen, eenen derden te benoemen. Eenparig viel de keuze op den bejaarden en waardigen vromen David Jacobs, die ook als oud ouderling in die Suikerbosch randen van de uitgebreidste nuttigheid was zoo door zijnen christelijken wandel, als door het woord ter oefening, waarin hij, bij welzijn, elken Zondag der gemeente voorging" 2).

Later weer;

"Er heerscht bij dit al in deze streken de goede en prijzenswaardige gewoonte, den waardigen David Jacobs, wanneer hij gezond is, af te halen, om op de plaatsen, door oefening en Katechisatie, het woord Gods bekend te maken" 3).

Na wat hierboor oor die lewe en werk van David F. Jacobs gesitueer is, kan ek volstaan deur net daarop te wys dat hy 'n geestelike leier van onskatbare waarde moes gewees het in 'n tyd van algehele gebrek aan onderwysers en predikante.

'n Ander Jacobs wat weer op staatkundige gebied leiding gegee het, was Gabriël Gerhardus Jacobs van Houtpoort, een van die seuns van Kommandant P.D. Jacobs wat aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het.

Hy was lid van die Volksraad wat in Mei 1849 op Derdepoort die staatkundige grondslag van die Zuid-Afrikaanse Republiek gelê het 4).

"In Desember 1856 was P.D. Jacobs die Suikerbosrandse lid van die Volkskongres wat in Potchefstroom die Transvaalse grondwet vasgestel het. Jan Gabriël Marais, Geb. 8 Feb. 1817 en oorlede op sy plaas Diepkloof op 2 Maart 1900, was jarelank veldkornet en inspekteur van plase" 5).

1) Die Kerkbode, 1851, 61

2) Ibid., 1852, 303.

3) Ibid., 1892, 317.

4) Engelbrecht : Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 11.

5) Ibid., 11.

Dan was daar die familie Spruyt, waaruit onderwysers en 'n generaal vir die Engelse oorlog gebore is. Jan Spruyt het met die trek in 1838 uit die Kolonie gekom maar op pad weer omgedraai en sy bruid, Johanna Catharine Brits, gaan haal. Hulle is in die laer aan die Grootrivier getroud. Jan Spruyt het self met tye in Suikerbosrand onderwys gegee. Van sy vier seuns het drie vir korter of langer tye onderwys gegee. Hulle was J. (Koos) Spruyt, Rudolph Cornelis Spruyt en Ockert Wilhelm Spruyt. Die vierde seun was Cornelis Johannes Spruyt, die later bekende Boeregeneraal, wat gedurende die Engelse oorlog gesneuwel het 1).

Ook kan ek nie nalaat om Frederick Korsten Maré as een van die bouers van Heidelberg te noem nie. Hy het in Julie 1866 die eerste landdros van Heidelberg geword. Met die uitsondering van die tydperk gedurende die Eerste Anneksasie, toe hy nie onder die Engelse wou dien nie en op die plaas Groenfontein gaan woon het, het hy landdros gebly tot sy dood in 1895 2).

Verder wil ek nog noem Ockert A. Strydom en J.L. Venter, wat vanaf 1860 pogings aangewend het om hul plaas Langlaagte as die dorp Heidelberg uit te gee 3). P.F. Strydom, die eienaar van Kafferskraal en Schoongezicht, was ook 'n leier op Kerklike en onderwysgebied. Die twee Hollanders Buhrman en H. van der Linden was elk met 'n dogter van hom getroud 4).

Ek maak gladnie aanspraak daarop dat ek met die een en ander wat ek van 'n paar van die ou inwoners van Suikerbosrand vertel het, reg laat geskied het aan al die noemenswaardige persone van daardie tyd nie. In 'n verhandeling soos hierdie

-
- 1) Meegedeel deur mev. M.P. Lötze (76 jaar oud), geb. Spruyt, 'n dogter van R.C. Spruyt, woonagtig te Heidelberg.
 - 2) Meegedeel deur mev. J.H.J. (Sina) Botha (84 jaar oud), geb. Maré, 'n dogter van F.K. Maré, woonagtig te Rietspruit, dist. Heidelberg.
 - 3) Meegedeel deur mnr. K. Bonsma, Heidelberg.
 - 4) Meegedeel deur mnr. K. Bonsma, Sien ook Lichtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 40
-

kan ek egter nie te lank by enkele persone stilstaan nie. Ek moet dus hiermee volstaan.

3. LANGLAAGTE 'S KERKPLAAS EN HANDELSENTRUM.

Uit wat ons onder 2. hierbo oor die kerklike bedrywighede van David Francois Jacobs geskryf het, is dit duidelik dat daar op verskillende plase in die afdeling Suikerbosrand van tyd tot tyd kerkdienste plaasgevind het. Ons kan aanneem dat daar in elke omgewing 'n plek was waar hierdie byeenkomste in die reël plaasgevind het. Hierdie eer sou so 'n plek om meer as een rede te beurt val. Dit sou miskien afhang van die aansien en invloed van die eienaar maar ook van die geskiktheid van ligging. Ongelukkig is dit nie vir ons moontlik om te bepaal watter plase almal as kerkplekke diens gedoen het nie.

Houtpoort, die plaas van Gabriël G. Jacobs, word meermale in hierdie verband genoem. Op 11 Oktober 1856 het kommandant-generaal M.W. Pretorius byvoorbeeld 'n groot byeenkoms daar gehou 1). Gedurende die tyd wat ds. A.J. Begeman van Pretoria Suikerbosrand bearbei het, het hy ook meermale op Houtpoort kerk gehou 2).

Met verloop van tyd het die plaas Langlaagte meer en meer die gereelde kerkplek geword. Dit is miskien omdat hierdie plaas uit alle rigtings makliker bereikbaar was, omdat dit op 'n kruispunt van paaie gelê het en omdat dit nader aan Pretoria was. Ook het Heinrich Julius Friedrich Ueckermann in 1856 'n klein stukkie grond daar gekoop en 'n winkeltjie opgerig 3). Hierdie handelsgeleentheid wat die plaas van toe af gebied het, het gemaak dat die mense gereeld daarheen gegaan het om inkope te doen. Soos ons later aantoon, het die winkelier die moontlikhede wat die stigting van 'n dorp vir hom sou meebring, ingesien

1) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nêderduits Hervorde Gemeente Heidelberg, 10.

2) Ibid., 11.

3) Bonsma: Iets uit die Geskiedenis van Heidelberg Dorp en Distrik, 4.

Ds. A. Murray van Bloemfontein en die predikante uit die Kaapkolonie wat Suikerbosrand besoek het, het waarskynlik hulle byeenkomste op Langlaagte gehou. Ds. A. Murray skryf byvoorbeeld oor sy tweede reis:

"Op de Kerkplaats aan de Suikerbosrand werden er agt en dertig kinderen gedoopt en twee jonge lieden aangenomen" 1).

Daar is ook vroeg reeds 'n soort tydelike kerkgebou opgerig.

Wanneer dit opgerig is, waar dit presies gestaan het, hoe groot dit was en hoe dit gelyk het, kan ons nie vasstel nie. In die verslag van di. J.H. Neethling en A.A. Louw, gedateer 17 September 1856, lees ons die volgende woorde:

"maar de rieten kerk was klaar en in de voor ons toebereide woning huisden de leeraar en kerkeraden van Moorivier, die voor ons waren aangekomen" 2).

Nog voordat Heidelberg amptelik tot dorp verklaar is, is daar oorgegaan tot die oprigting van 'n permanente kerkgebou:

"Op 4 Julie 1864 het voor die Kerkraad van Pretoria 'n versoek uit Suikerbosrand gekom om daar 'n kerk te bou. Die kerkraad het die versoek ingewillig, en op 17 Oktober van dieselfde jaar is op die plaas Langlaagte die hoeksteen gelê. Die boukommissie het uit J.P. Mare, P.P. Roëts, J.H.F.C. Ueckermann en C.F.J. Meyer bestaan" 3).

Heidelberg het dus sy ontstaan veral te danke aan die kerklike bedrywighede. Eers was dit die plaas waarop kerklike byeenkomste gehou is. Later is 'n tydelike onderdak vir hierdie geleenthede opgerig, en eindelik is ook die permanente kerkgebou, voordat die dorp Heidelberg nog bestaan het, ja, selfs nog voordat daar 'n onafhanklike gemeente bestaan het.

1) Die Kerkbode, 1851, 61.

2) Gereformeerde Kerkbode, 1856, 312.

3) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 11.

4. STIGTING VAN DIE DORP HEIDELBERG.

In 1859 is die plaas Langlaagte getransporteer op naam van D.J.J. Strydom en nog dieselfde jaar van hom aan Ockert A. Strydom en sy swaer J.L. Venter. In dieselfde jaar het H.J.F. Ueckermann transport van 'n klein stukkie grond, later bekend as erf nr. 92, gekry. Dit was geleë op die plek waar vandag die kantoor van die Skoolraad en Inspekteur van Onderwys is 1). Ueckermann het dadelik die here Strydom en Venter aangespoor om hulle plaas as 'n dorp uit te gee. Die dorp sou dan die naam Heidelberg kry na die geboortestad van die twee broers Ueckermann, wat toe 'n winkel op die plaas gehad het 2).

Die twee eienaars van die plaas, O.A. Strydom en J.L. Venter, rig toe op 27 Augustus 1860 'n brief aan die Volksraad, waarin hul meedeel dat hulle besluit het om 'n dorp op hulle plaas uit te lê. Hulle vra die goedkeuring van die Volksraad en deel verder mee dat hulle reeds erwe laat opmeet het en dat die dorp se naam Heidelberg sal wees 3).

Op 1 September 1860 skryf hulle ook 'n brief aan die Uitvoerende Raad en gee kennis van hulle voorneme en ook dat hulle van plan is om 'n publieke

„van dietsie te houwen en erffen te verkopen" 4).

Die eerste brief is op 12 September 1860 deur die Volksraad behandel (Art. 38), en die saak is na die Uitvoerende Raad verwys. Die Uitvoerende Raad het egter al die brief wat aan hulle op 5 September 1860, gerig was behandel en besluit om die ondertekenaars in kennis te stel dat die inhoud daarvan teenstrydig is met die bestaande wette en dus van die

1) Bonsma: Iets uit die Geskiedenis van Heidelberg Dorp en Distrik, 4.

2) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente

3) Argiefstuk R. 3941/60.

Heidelberg, 11, 12.

4) Argiefstuk R. 3958/60



J.L. Venter,
een van die eie-
naars van die plaas
Langlaagte.



F.K. Maré, die
eerste landdros van Heidelberg.



Vier Spruyt-broers; van
l. na r: Jacobus, Rudolh C.,
Cornelis J. (later generaal),
en Ockert Wilhelm.

hand gewys moet word 1).

Op 1 Januarie 1866 hou ds. A.J. Begeman 'n groot nagmaal op Heidelberg 2), en by die geleentheid word drie memories (ged. 2 Jan. 1866) geteken. Daarin word aansoek gedoen

"om onze Kerkplaats, nu genoem Heidelberg, voor 'n dorp te verklaren".

Dit word op 15 Februarie 1866 deur die Uitvoerende Raad behandel (vgl. artt. 78 en 81). Daar word besluit om die versoek toe te staan om vir die dorp 'n landdros te benoem. As geboortedatum van die dorp Heidelberg moet dus gereken word 28 Maart 1866, dit wil sê die datum waarop bogenoemde besluit van die Uitvoerende Raad deur die Volksraad bekragtig is 3).

H.J.F. Ueckermann het as agent van die eienaars opgetree in die verkoop van erwe 4). In 'n brief van rev. Noel Roberts gedateer 4 Maart 1947 aan mnr. K. Bonsma word vertel dat die landmeter wat die dorp uitgmeet het, mnr. Thomas William Fannin was. Hy het in 1865 gekom om die dorp uit te meet en was pas klaar toe hy in die huis van mnr. Ueckermann aan koors gesterf het. Hy is dan ook die eerste persoon wat in die kerkhof op Heidelberg begrawe is.

5. STIGTING VAN DIE LANDDROSDISTRIK HEIDELBERG IN 1866.

Nadat Heidelberg tot 'n dorp verklaar is, het die regering daartoe oorgegaan om 'n landdros in die distrik aan te stel, sodat die dorp en distrik behoorlik van regeringsweë geadministreer kon word. Uit 'n paar kennisgewings in die Staats Courant kry ons 'n duidelike beeld van hoe hierdie amptelike pligplegings plaasgevind het.

Op 7 Mei 1866 word in 'n goewernentskennisgewing in die

- 1) Bonsma: Iets uit die Geskiedenis van Heidelberg Dorp en Distrik, 6.
- 2) Notule Nederduits Hervormde Kerk, 1.
- 3) Bonsma: i.a.p., 8.
- 4) Ibid., 4 noot.

Staats Courant aangekondig dat die twee kandidate vir die amp van landdros in Heidelberg die twee here J.W. Spruyt en F.K. Maré is. Die „kiesloten“ moes binne twee maande na die goewermentskantoor ingestuur word 1). Twee maande later was die verkiesing afgeloop en word in die Staats Courant aangekondig dat die heer F.K. Maré verkies is en reeds die ampseed afgelê het 2).

Nadat die landdros behoorlik gevestig was, moes nog bepaal word tot waar sy jurisdiksie strek. Die Uitvoerende Raad het die grenslyne van die distrik in September 1866 bepaal en dit in die Staats Courant gepubliseer 3):

„Gouvernements Kennisgeving 101.

Nademaal, Heidelberg bij Volksraadbesluit, dato 19 Febr. 1866 tot een afzonderlijk district is verklaard, en nademaal het den Uitv. Raad is opgedragen de grenslijnen van dat district, tot nadere approbatie van den Hoog-Ed. Achtb. Volksraad, te bepalen, zoo wordt de volgende grenslijn tot algemeen narigt gepubliceerd.

Vanaf den oorsprong van Rhenoster-poorts-rivier: van daar met een rechte lijn naar den kop van Standers plaats, aan Kromrivier; van daar met de rivier af tot aan de Potchefstroomsche lijn, en met die lijn tot aan de plaats van J.H. Prinsloo, Wonderfonteinsoog; van daar met den Veldkornetslijnen van A. du Preez en Jan Marais, langs de lijn van den Veldkornet Niclaas Prinsloo, Veldkornetschap Witwatersrand, tot den oorsprong van Rhenosterpoortsrivier, met den afloopwaters van de districten Pretoria en Heidelberg.

M.W. Pretorius, President.

Op last.

H. v.d. Linden, Gouv. Secr.

Gouv. Kantoor, Pretoria, 3 September 1866"

Hiermee was die amptelike erkennig en die reëlings i.v.m. die distrik afgehandel. Die distrik was baie groot en het dele van die teenswoordige distrikte Standerton en Bethal asook feitlik die hele Witwatersrand ingesluit. Ook die teenswoordige distrik Vereeniging het binne die grense van Heidelberg gelê. Gebeurtenisse wat 'n twintig jaar later

1) S.C. 148, 8/5/'66, 1.

2) S.C. 157, 10/7/1866, 2.

3) S.C. 165, 4 Sept. 1866, 4.

plaasgevind het, het egter gou die swaartepunt van die distrik vanaf Heidelberg laat verskuif en 'n verandering en uitbreiding van die administrasie in die distrik noodsaaklik gemaak.

6. ONTDEKKING VAN GOUD IN DIE DISTRIK HEIDELBERG, 1886.

Met die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886 het die distrik Heidelberg nie alleen in Suid-Afrika bekendheid verwerf nie maar is as gevolg daarvan heel gou op die wêreldkaart geplaas. Hierdie nuwe ontwikkeling was egter so ver van Heidelberg en van so 'n geweldige omvang dat Heidelberg somaar uit die staanspoor sy betekenis as die hoofdorp in die distrik verloor het. Die Witwatersrandse goudvelde is feitlik van die begin af onder 'n aparte administrasie geplaas met Johannesburg as setel.

Die Roodepoortdelwerye met setelplekke op Heidelberg en Greylingstad het ook in die distrik geval en het onder die administrasie van 'n Mynkommissaris en die regspraak van 'n Spesiale Landdros geressorteer. Ook die dorpie Vereeniging, Nigel en Elandsfontein was binne die distrik geleë. Op eersgenoemde twee dorpie was resident-vrêderegters en op Elandsfontein 'n veldkornet.

In 1895 is daar te Heidelberg ook 'n Siviele Kommissaris aangestel. Sy taak was om die direkte belastings in te vorder 1).

Mettertyd is aparte distrikte op die Witwatersrand geproklameer, en ook Vereeniging het 'n afsonderlike distrik geword. Ook aan die oostelike en suidoostelike kant het die grense van die distrik gekrimp, sodat dit vandag 'n baie kleiner oppervlakte beslaan.

7. BEPALING VAN DIE GEOGRAFIESE TERREIN WAT DEUR HIERDIE STUDIE GEDEK SAL WORD.

Met die term „distrik Heidelberg" in die opskrif van hierdie verhandeling word in die eerste plek bedoel die gebied

1) Argiefstuk: Z.A.A. lyste, Landdroste en Delwerye, 35.

wat binne die teenswoordige grense van die distrik lê. In hierdie studie sal dan hoofsaaklik behandel word die onderwysbedrywigheide wat plaasgevind het binne hierdie grense.

In die hoofstukke wat oor die tydperk 1839 tot 1899 handel, sal daar dikwels ook verwys word na skole wat buite die grense van die teenswoordige distrik Heidelberg val. In die statistieke en die onderwysverslae word al die skole van die hele Heidelbergse distrik ingereken. Dit sal dus soms moeilik gaan om duidelik te onderskei watter skole binne die huidige grense geval het.

Al die skooltjies van die vroegste jare waarvan ek gegewens kon opspoor, sal bespreek word afgesien van waar hulle geleë was. Ook die skole in die huidige distrik Vereeniging sal tot 1926 behandel word.

Die onderwysgeskiedenis van die Witwatersrand sal op sigself 'n groot boekdeel beslaan. Die skole van die geproklameerde delwerye op die Witwatersrand sal ek dus van die begin af buit^ebespreking laat.

In die tydvak 1926 tot 1950 sal ek my uitsluitlik by die skole van die teenswoordige distrik Heidelberg bepaal.

HOOFSTUK 2.ONDERWYS GEDEURENDE DIE BEGINJARE VAN
SUIKERBOSRAND, 1839 - 1848.1. ONDERWYS VOOR 1853.(a) Maatskaplike toestande:

Die eerste bewoners van Suikerbosrand het hulle, wat betref vyanaelike Kafferstamme, seker betreklik veilig gevoel. Ons kan aanvaar dat verskeie van die eerste intrekkeers die strafekspedisie van Potgieter en Uys in 1837 teen Silkaats meegemaak het en dus bewus was van die verdrywing van hierdie onrusstoker uit Transvaal. Ons weet ook dat verskeie van hulle, onder andere kommandant P.D. Jacobs en sy seuns, gehelp het om Dingaan se mag in Natal te verbreek 1).

Na die ooste en noorde was daar baie dagreise ver geen gevaarlike kafferstamme nie. Dit het Potgieter en sy kommissie, wat op die spoor van Louis Trichardt getrek het, alreeds in 1836 vasgestel. Die eerste natuurlike wat hulle op hulle tog ontmoet het, het in die omgewing van Soutpansberg gewoon 2).

Die nedersetting het dus onder vreedsame omstandighede ontwikkel. Die mense kon hulle aandag ongestoord wy aan die opbou en bewoonbaarmaking van hul plase.

Die eerste bewoners van die streek het seker baie lase gehad van roofdiere by hul vee. Die Potgieter-kommissie van 1836 het daar geen natuurlike aangetref nie maar gevind dat daar baie ongediertes was:

"Die kommissie het die Vaal ten ooste van Viljoensdrif oorgesteek en is Suikerbosrand oor. Die wereld daar het van ongediertes gewemel, en noordwaarts was olifante en renosters" 3).

Vir ledigheid was daar dus geen kans nie. Die vee moes gedurig bewaak word teen roofdiere, huise moes gebou word

-
- 1) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 6
 2) Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 39
 3) Ibid., 38.

en lande moes skoongemaak en geploeg word vir die verbouing van graan en vrugte. Behalwe die bediendes wat uit die Kolonie saamgekom het, was daar seker geen werkvolk te kry nie. Die kragte van elke lid van elke gesin was dus nodig om die nuwe, wilde land bewoonbaar te maak.

Daarby het ook gekom dat die volwassenes, veral die manne wat die toonaangewers in die gemeenskap was, hulle aandag moes skenk aan die ordening en bestuur van die burgerlike laws. Die gebied moes ingedeel word in wyke, en veldkornette moes benoem word. Plase moes geïnspekteer word en grenslyne bepaal word, sodat die besit van grond op 'n wetlike grondslag vasgelê kon word.

Onder bogenoemde omstandighede gedurende die eerste jare van die nedersetting was gereelde en langdurige skoolbesoek vir die kinders feitlik ondenkbaar.

(b) Die behoefte aan onderwys en die werk van kerkseermeesters:

Terwyl die toestande wat ons hierbo beskryf het, bestaan het, is daar elke jaar kinders gebore, terwyl ander opgegroeï het sonder om die nodige onderwys te ontvang. Daar was nie eens 'n vaste predikant om die doop en nogmaals te bedien en jongmense belydenis te laat aflê nie. Dit is vanselfsprekend dat daar binne 'n paar jaar 'n toestand van die allergrootste behoefte op kerklike en onderwysgebied ontwikkel het. Daar was gesinne met twee tot drie ongedoopte kinders, terwyl baie jongmense gesmag het na 'n geleentheid om belydenis af te lê.

Gedurende hierdie eerste en moeilikste jare van die nedersetting in Suikerbosrand het eerw. D. Lindley van Natal drie reise na die Transvaal onderneem. Die besoeke het plaasgevind in 1842, 1844, en 1846. Op hierdie reise het hy onder andere Potchefstroom besoek en waarskynlik ook die Suikerbosrand. Hy het die evangelie

verkondig, die sakramente bedien en kerkraadslede bevestig 1). Gestel dat eerw. D. Lindley op hierdie reise nie by Suikerbosrand aangedoen het nie, dan kan ons met veiligheid aanneem dat baie van die mense van Suikerbosrand sy kerkdienste te Potcheirstroom sou byweon om die bediening van die sakramente te ontvang en om hulle groter kinders ^{laat} te ondersoek en belydenis te laat aflê.

Behalwe hierdie periodieke besoeke van eerw. Lindley en later ook van predikante uit die Kaapkolonie was die werk van kerkseermeesters meer gereeld en baie waardevol. In 1842 het eerw. Lindley ook kerkraadslede in die gebied wes van die Drakensberg en ten noorde van die Vaalrivier bevestig 2). Hierdie kerkraadslede was met gesag bekleed en is geëer deur die gewone lidmate. Hulle het baie gedoen om die jeug op te voed in die Bybelkennis en kerkleer en hulle so voor te berei vir bruikbare lidmaatskap van die kerk.

Vir sover dit Suikerbosrand betref, het ons veral belangrike getuigenis in verband met die kerkisasiewerk wat deur die ouderling David Francois Jacobs gedoen is. Die besoekende predikante het op meer as een plek in hulle verslae van sy werk melding gemaak. So skryf ds. A. Murray in sy verslag oor sy tweede reis van 1850 van hom as volg:

Groote belangstelling kom ik in deze gewesten "onder eenigen ontdekken, die vooral levendig gehouden werd door den vlijtigen arbeid van den oudl. D. Jacobs (van Beaufort) die gedurig de gemeente zoekt te stichten en op te wekken" 3).

In die verslag van dl. A. Murray en J.H. Neethling, wat die derde deputasie van die Kaapse kerk geleidelik het, lees ons van "de waardige Broeders Ouderlingenⁿ Wolmarans en Viljoen". Toe 'n derde ouderling gekies moes word, "viel de keuze op den bejaarden en waardigen vromen

1) Gerdener, Ons Kerk in die Transgariep, 56.

2) Ibid., 236.

3) De Kerkbode, 1851, 61.

David Jacobs die ook als oud ouderling in de Suikerbosch randen van de uitgebreidste nuttigheid was zoo door zynen christelijken wandel, als door het woord ter oefening, waarin hy bij welzijn, elken Zondag der gemeente voorging" 1). Verder in dieselfde verslag lees ons van hom:

"Er heerscht bij dit al in deze streken de goede en prijzenswaardige gewoonte, den waardigen David Jacobs, wanneer hij gezond is, aftehalen, om op de plaatsen, door oefening en Katechisatie, het woord Gods bekend te maken" 2).

Uit bogenoemde aanhalings blyk die ywer wat deur so 'n katekiseermeester aan die dag gelê is. Dit is ook duidelik dat die gemeentelêde van sy ywer en bekwaamheid gebruik gemaak het om hulle kinders vir die aflegging van belydenis voor te berei. As ons verder daarop let dat baie jongmense na deeglike ondersoek deur die besoekende predikante by die kerkplekke belydenis afgelê het, is dit vir ons 'n bewys van die goeie werk wat deur die katekiseermeesters gedoen is. Die predikante sou nie die jongmense alleen op hulle belydenis aanneem nie. Hulle sou ook bewys moes lewer van 'n goeie kennis van die Bybel en die kerkleer.

Die onderwys het in hierdie jare feitlik net bestaan uit die voorbereiding vir die aflegging van belydenis. Die beginsels van lees en skryf is in die meeste gevalle waarskynlik deur die ouers aan hulle kinders geleer. Hier en daar sou daar 'n man of vrou gewees het wat 'n bietjie onderwys aan die kinders van die omgewing gegee het, maar oor die algemeen was die onderrig maar hoofsaaklik die wat deur die katekiseermeesters gegee is.

1) De Kerkbode, 1852, 503.

2) Ibid., 1852, 317.

(c) Bevindings van besoekende leraars:

In 1844 het die voorsiening in die geestelike nood van die emigrante vir die eerste keer by die Ringsvergadering van Graaff-Reinet ter sprake gekom. Dit het gelei tot die afvaardiging van 'n kommissie in 1846 na die noordelike gebiede. Ds. W. Krige van Victoria-Wes het op hierdie reis slegs die Rietriviergebiëd in die teenswoordige Vrystaat besoek 1).

Opvallend is dit dat by die Sinode van 1847 dit juis die Kerkraad van Beaufort-Wes was wat 'n beskrywingspunt ingedien het „dat middelen in het werk mogen worden gesteld om ze zoo spoedig mogelyk onder de zegeningen des Evangelies te brengen“ 2). Dit het aanleiding gegee tot die afvaardiging van verskeie deputasies gedurende die daaropvolgende jare deur die Kaapse Kerk. Van hierdie deputasies het drie in die vroeë vyftiger jare by Suikerbosrand aangedoen en in hulle verslae een en ander oor die geestelik^e toestand van die gebied meegedeel.

(1) Di. A. Murray snr. en P.K. Albertyn:

By die Sinode van 1847 is toe 'n kommissie, bestaande uit di. A. Murray snr., P.K. Albertyn en ouderlinge B. Pienaar en D.J. de Wit, benoem om die emigrante in die noordelike gebiede te besoek. Laasgenoemde kon weens siekte die reis nie meemaak nie 3). Hulle het op 3 Maart 1848 vertrek en selfs tot by „Maghalesberg“ getrek. Hier het hulle Gerrit Kruger, landdros ? Lombaard en kommandant A.W.J. Pretorius ontmoet, wat hulle gehelp het deur 'n brief van bekendmaking rond te stuur.

1) Moorrees: Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873, 730.

2) Ibid., 731, en Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 87.

3) Gardener: Ons Kerk in die Transvaal, 44.

Ten gevolge van deze bekendmaking kwamen op de "bepaalde dagen van Schoonspruit, Suikerbosrand, Vaal Rivier en vooral van Maghaliessberg eene menigte van menschen op ter bywoning van de openbare godsdienst en om de doop hunner kinderen te ontvangen" 1).

Uit hierdie aanhaling spreek die nood en behoefte op geestelike gebied wat daar onder die hele emigrantegemeenskap bestaan het.

(11) Ds. A. Murray jnr. 1850:

Intussen is ds. A. Murray jnr. op 6 Mei 1849 as predikant van Bloemfontein bevestig 2). In 1850 onderneem hy 'n reis na die Transvaal en doen ook by Suikerbosrand aan. Van hierdie besoek skryf hy die volgende in sy verslag:

"'s Woensdags reisden wij verder (altijd in eene oostelijke rigting) en kwamen 's Donderdags aan op de plaats van den hr. J. Smit, aan den Suikerbosch Rand, waar ik reeds dien avond eene kleine gemeente bijeen vond, die den volgende dag nog vermeerderde, en 's Zondags had ik zeker tusschen de twee en drie honderd zielen onder het gehoor".

En verder teken hy aan:

"Op de Kerkplaats aan de Suikerbosrand werden er acht en dertig kinderen gedoopt en twee jongelieden aangenome" 3).

Die groot getalle wat in 'n dunbevolkte streek na hierdie kerkdienste opgekom het, en die groot aantal dopelinge is 'n sprekende bewys van die groot behoefte wat daar op geestelike gebied bestaan het.

(111) Ds. A. Murray jnr. en ds. J.H. Neethling, 1852:

Die lede van die derde deputasie van die Kaapse Kerk was ds. A. Murray van Bloemfontein en ds. J.H. Neethling van Prins Albert. In hulle verslag oor Suikerbosrand word weer gemeld van die ywerige werk van die ouderling David Jacobs, en verder word ver-

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 102. Uitreksel.

2) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 57.

3) De Kerkbode, 1851, 6.

slag gedoen van die uitbreiding van die kerkraad 1). In dieselfde verslag word egter ook 'n saak aangeroer wat baie nadelig en belemmerend ingewerk het op die geestelike en verstandelike ontwikkeling van die Transvaalse gemeenskappe. In verband met hulle verslag oor Lydenburg notuleer hulle die volgende ongunstige mededeling omtrent Suikerbosrand:

De opkomst der gemeente kon men eene tamelijke "noemen. Wij hoorden echter tot onze smart, dat eenige gemeenteleden van de Suikerbosch Randen, zich uit politieke overwegingen hadden laten terughouden, naar de kerk te komen. Van alle deelen in het Oorwaalsche hebben wij de verdwaaldheid hier het meest of uitsluitelijk aangetroffen, en dit niet slechts tot onzer, maar ook tot aller welgezinden innige droefheid. Wij verblijden ons echter later, toen wij vernamen dat ook velen hunner tot andere gedachten waren gekomen, toen wij hun na drie maanden naar de kerk te Mooi Rivier zagen komen" 2).

Hierdie ongelukkige verdeeldheid op politieke gebied, wat selfs sy invloed in die kerklike lewe laat geld het, sou sekerlik ook die kanse om eensgesind op te tree ten einde enige opvoedingsgeleenthede vir die kinders te skep, benadeel het. In die jare wat hierop gevolg het, het verdere verdeeldheid op kerklike gebied die Suikerbosrandse gemeenskap langgelê, sodat van 'n eensgesinde optrede om onderwysgeriewe vir die kinders te verseker min sprake was.

2. ONDERWYS VANAF 1853 TOT 1868.

(a) Die koms van ds. Van der Hoff in 1853:

Tot 1853 moes die Transvaalse emigrante nog altyd sonder 'n permanente leier op kerklike en onderwysgebied klaarkom. Soos ons in die vorige paragrawe gesien het, het die houding van die Kaapse Sinode vanaf 1847 teenoor die emigrante verander en is daar

1) De Kerkbode, 1852, 303.

2) Ibid., 1852, 317.

verskeie deputasies van predikante gestuur om die mense te bearbei en die sakramente te bedien. Hierdie periodieke besoeke het wel enigsins verligting gebring in die groot geestelike behoeftes, maar dit was te wisselvallig van aard om permanente voorsiening te maak vir die onderwys van kinders en die bediening op kerklike gebied.

Op 27 Mei 1853 het ds. Dirk van der Hoff op Potchefstroom aangekom as predikant. Hy was die eerste predikant wat na die Transvaal gekom het 1). Sy koms was van groot betekenis nie alleen op kerklike gebied nie maar ook vir die onderwys. Reeds op die eerste sitting van die kerkraad onder sy voorsitterskap het hy die traktement van die onderwyser te Potchefstroom (H. Van der Linden) op vaste voet geplaas. Hy het ook 'n nuwe reglement vir die skole ontwerp en is deur die Volkswaad benoem tot „Binne- en Buitelandsche Correspondent voor Kerk- en Schoolzaken" en tot „Schoolopziener" op Potchefstroom 2). Deur hierdie benoeming het ds. Van der Hoff se optrede ook groter betekenis gekry vir die hele Transvaal en gevolglik ook vir Suikerbosrand.

(b) Kerklike en politieke twiste nadelig vir die onderwys:

Onder leiding van ds. Van der Hoff het 'n kerklike organisasie in 1853 in die Transvaal tot stand gekom. Op 8 Augustus 1853 het die eerste Algemene Kerkvergadering byeengekom. Die vergadering het besluit om in geen geval onder die Kaapse Sinode te val nie. Ook sommige inwoners van Suikerbosrand, onder andere persone soos ouderling David Jacobs en Gebriël Jacobs van Houtpoort, was gekant teen enige inmenging van die Kaapse Sinode in Transvaalse kerklike sake 3).

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 19.

2) Ibid., 20.

3) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1935, 9 - 10.

Soos ek later sal aantoon, was daar egter ook diegene wat nie met hierdie standpunt saamgestem het nie en nog die gesag van die Kaapse Sinode erken het. Dit is feitlik nie eens nodig om daarop te wys dat hierdie kerklike twiste baie nadelig was vir die ontwikkeling van die onderwysbedrywigheide en opvoeding van die jeug nie. Tot 1859 het alle kontrole oor onderwysbedrywigheide onder die beheer van die kerkrade geval. Hierdie verdeeldheid op kerklike gebied het die samestelling van die kerkraad in Suikerbosrand geheel en al ontwrig. Vir sover dit die volgelinge van die Nederduits Hervormde Kerk betref, het Suikerbosrand 'n wyk van die gemeente van Potchefstroom geword, maar die mense wat nie onder die gesag van ds. Van der Hoff en sy kerkraad wou staan nie, moes maar wag tot tyd en wyl 'n deputasie van die Kaapse Sinode sou aankom om hulle te herorganiseer. Ons kan gevolglik aanneem dat selfs die kerkiseerwerk in baie huise stilgestaan het. Ouderling David Jacobs, van wie se dienste as kerkiseermeester feitlik die hele Suikerbosrandstreek gebruik gemaak het, was nou 'n uitgesproke volgeling van ds. Van der Hoff en sou uit die aard van die saak slegs sy eie mense bedien.

In die sestiger jare het politieke twiste ook die horison verduister en uitgeloop op 'n kortstondige burgeroorlog.

(c) Besoek van di. A.A. Louw en J.H. Neethling in 1856:

In 1856 het die Transgariepse Ring di. A.A. Louw en J.H. Neethling afgevaardig om in die Transvaal te gaan ondersoek instel na die nuutste ontwikkelinge en om die gemeentes te gaan besoek 1).

1) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 285, en Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, 123.

Toe die Kommissie te Suikerbosrand aankom, was ds. Van der Hoff met sewe van sy kerkraadslede reeds daar om „persoonlik met de leeraars van de Kolonie over hunne komst te spreken" 1).

'n Onderhoud tussen die twee partye het toe plaasgevind, en ds. Van der Hoff en sy kerkraad het die twee Kaapse predikante belet om voort te gaan met hulle reis;

toen echter de gemeente verklaarde, hare kleine kinderen ongedoopt naar huis te zullen nemen, en daarbij nogh andere, schoon redelijke drangredenen bezigde, zeide de heer van der Hoff, dat hij ons verlof gaf te gaan waar, en te doen wat wij willen" 2).

Hierna het hulle die sakramente bedien en enige jongmense aangeneem.

Die volgende paragraaf uit die verslag van di. Louw en Neethling is tekenend van die verdeeldheid op kerklike gebied van daardie tyd in Suikerbosrand:

Wij hebben aldaar met genoeg gearbeid, en, wij vertrouwen ook, met zegen, maar geene woorden zijn in staat de verdeeldheden van heden, tegenover de eensgezindheid van voor vier jaren naar eisch te schetsen" 3).

'n Groot aantal jare lank is die geskiedenis van Suikerbosrand deur die tweedrag op kerklike gebied vertroebel en is daar geen vordering met onderwys gemaak nie.

(d) Die stigting van die Nederduits Hervormde Gemeente:

Kerklik het Suikerbosrand vanaf 1853 'n wyk van die Potchefstroomse gemeente uitgemaak, maar nadat ds. A.J. Begemann op 27 Januarie 1861 tot predikant van Pretoria bevestig is, het Suikerbosrand onder Pretoria geressorteer 4). Op 4 Julie 1864 het 'n versoek om 'n kerk te bou uit Suikerbosrand voor die kerkraad in Pretoria gedien. Die versoek is toegestaan, en op 17 Oktober van dieselfde jaar is op die plaas Langlaagte die hoeksteen van die kerkgebou gelê 5). In die

1) De Kerkbode, 1856, 312.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 11.

5) Ibid.

volgende jaar het 'n versoek in die kerkraadsvergadering te Pretoria gekom van gemeentelêde van Suikerbosrand, Kliprivier en Roodekoppen om daardie dele as 'n selfstandige gemeente af te stig.

Op 27 Junie 1865 het die kommissie van die Algemene Kerkvergadering te Rustenburg die versoek toegestaan en ds. A.J. Begemann tot konsulent benoem. Die eerste kerklike fees na die afstigting het op 30 en 31 Desember 1865 plaasgevind. By die geleentheid het 30 nuwe lidmate belydenis afgelê en 18 kinders gedoop. Die eerste kerkraadsvergadering is op 1 Januarie 1866 gehou 1).

Die gemeente het so vinnig gegroei dat die konsulent in Desember 1867 die kerkraad moes aanraai dat dit tyd geword het om 'n eie predikant te beroep. In Maart 1868 is ds. N.J. van Warmelo van Zoutpansberg formeel beroep. Hy het die beroep aangeneem en is op 18 Julie 1868 deur ds. Begemann op Suikerbosrand bevestig 2).

Deur die stigting van die Nederduits Hervormde Gemeente te Heidelberg het daar orde en gereelde bediening gekom. Die koms van ds. Van Warmelo na Heidelberg het 'n nuwe tydperk ingelui. Daar was nou 'n aktiewe geestelike leier, wat nie alleen vir die kerklike bediening gesorg het nie maar ook groot belangstelling en ywer vir die onderwys aan die dag gelê het.

(e) Die stigting van die Nederduits Gereformeerde Gemeente:

In April 1865 is daar ook 'n Nederduits Gereformeerde Gemeente deur ds. F. Lion Cachet van Utrecht gestig. Van hierdie stigting lees ons onder andere die volgende uit die verslag van ds. Cachet:

Broeder Maree bood zijne woning aan, waar ik Zondag 1 April, godsdienstoefening hield, nadat door de daar

1) Engelbrecht: Gedenkbok van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 13.

2) Ibid., 15.

tegenwoordig zijnde leden der Gereformeerde Kerk eene declaratie werd opgemaakt en naar den kerkeraad verzonden, met bekendmaking dat de ondertekenaars niet langer wenschen beschouwd te worden als leden der Hervormde gemeente, maar zich verklaarden te zijn leden der Nederduitsche Gereformeerde Gemeente van Heidelberg. Broeder Marsee werd voorlopig als diaken gekozen" 1).

Die mense wat liewer onder die Kaapse Sinode wou ressorteer, is dus ook in 'n gemeente saamgesnoer. Die gemeente het wel geen eie predikant gehad nie en is as 'n konsulent-gemeente van Utrecht beheer, maar alleen die gedagte dat daar 'n kerkraad was om die gemeente se belange te behartig, het weer meer orde en rus geskep.

(f) Skole voor 1867:

Op 5 Mei 1859 is volgens besluit van die Volksraad 'n "Algemene Kommissie vir Onderwys" in Transvaal benoem. Die eerste lede van die Kommissie was ds. D. van der Hoff van Potchefstroom, ds. P.A.C. van Heyningen van Lydenburg, die Staatsprokureur B.G.E. Proes en die goewermentsonderwyser H. van der Linden van Potchefstroom. Hierdie Kommissie moes toesig hou oor die onderwys in die hele Republiek, en die plaaslike skoolkommissies was ondergeskik aan hierdie Kommissie. Die Algemene Kommissie vir Onderwys het tot 1867 in werking gebly 2).

Ek kon nie daarin slaag om enige informasie oor 'n plaaslike skoolkommissie in Heidelberg voor 1867 in te win nie. Uit die notule van die skoolkommissie wat in 1868 gekies is, blyk duidelik dat daar wel voor die tyd 'n plaaslike skoolkommissie bestaan het 3). Aangesien daar geen verslag van die werksaamhede van hierdie eerste skoolkommissie bestaan nie, weet ons nie hoe lank dit bestaan het nie. Dit gee ons die reg om aan te neem dat daar wel voor

1) De Kerkbode, 1866, 167.

2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 27.

3) Notulen van de Plaatselijke Schoolcommissie district Heidelberg, 2. (Hierin voortaan "Notulen" genoem).

1867 'n skooltjie in Heidelberg bestaan het. Wie die onderwyser of onderwyseres was, hoe groot die skool was of wat die aard van die onderwys was, weet ons nie. Verder moet ons ook veronderstel dat daar van tyd tot tyd deur sekere persone op Heidelberg en op bepaalde plekke in die distrik vir korter of langer tydperke onderwys gegee is. So weet ons byvoorbeeld dat H. van der Linden aan die begin van 1852 ses weke lank op Kafferskraal, die plaas van sy skoonvader, P.F. Strydom, skoolgehou het 1). Mev. M.F. Lötze, gebore 1872 en lewenslank 'n inwoner van Heidelberg, het my meegedeel dat haar grootvader, Jan Spruyt, wat 'n Voortrekker was, in die ou tyd tye lank skoolgehou het. Ook haar vader Rudolph C. Spruyt, het skoolgehou te Van Collerskop (naby Greylingstad) en Sandfontein (tans distrik Vereeniging). Haar oom J. (Koos) Spruyt was 'n lang tyd onderwyser op Klippoort naby Heidelberg, en 'n ander oom, Ockert Spruyt, het ook 'n kort tyd skoolgehou. Hierdie laasgenoemde drie moes ongeveer in die sestiger of sewentiger jare skoolgehou het.

Dit is maar van een familie wat ons hierdie verslag het. Daar sou nog veel meer persone wees van wie ons nie weet nie, wat vir korter of langer tydperke private skooltjies op die plase aan die gang gehou het.

3. KRITIESE SAMEVATTING:

(a) Die maatskaplike toestande:

Die eerste bewoners van Suikerbosrand kon vreedsaam op hulle plase verspreid woon. Dit het geleenthede geskep om aandag aan die onderwys en opvoeding van die jeug te skenk, maar daar was ander omstandighede wat dit bemoeilik het. Die plase was nog woest en onbewerk, terwyl die meeste van die emigrante verarm was deur jarelange veeverliese wat hulle in die Kolonie en later op die trekpad en deur kafferaanvalle gely het. Die moontlikhede om 'n onderwyser te huur - as daar een beskikbaar sou wees - was dus maar uiters gering.

1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 40 en meegedeel deur Mev. A.S. Badenhorst, 'n dogter van Van der Linden, woonagtig te Heidelberg.

(b) Geestelike behoeftes en hoe daarin voorsien is:

Die geestelike nood onder die hele emigrantegemeenskap was baie groot. In die tydperk 1842 tot 1846 het eerw. Daniel Lindley uit Natal drie besoeke aan die Transvaal gebring en probeer om die samelewing op kerklike gebied enigszins te orden en in die geestelike behoeftes te voorsien. Vanaf 1847 is hierdie periodieke bediening op geestelike gebied deur deputasies van die Kaapse Kerk voortgesit.

Hoewel hierdie besoekende leraars veel gedoen het om die mense se belangstelling in geestelike sake lewendig te hou, kon daar van onderwys in die ware sin van die woord geen sprake wees nie. In die afwesigheid van 'n vaste leraar het kerkraadslede as katekiseermeesters opgetree en baie gedoen om die jeug te oefen in die kennis van die Bybel en die kerkleer.

(c) Kerklike en politieke twiste:

In 1853 het ds. Dirk van der Hoff hom as eerste vaste predikant te Potchefstroom gevestig en begin met 'n eie kerklike organisasie in Transvaal. Dit het ook die Suikerbosrand van meer gereelde geestelike bediening verseker maar het ook gelei tot bittere kerklike twiste tussen ds. Van der Hoff en sy volgelinge aan die een kant en die Kaapse Kerk en sy volgelinge in Transvaal aan die ander kant.

Hierby kom ook nog die politieke verdeeldheid wat in die sestiger jare op 'n burgeroorlog uitgeloop het.

Hierdie kleinlike twiste het die gemeenskap in partyskappe verdeel en alle samewerking vir geestelike en verstandelike ontwikkeling onmoontlik gemaak.

(d) Die eerste skooltjies:

Die aantal, duur en aard van die skooltjies wat voor 1867 in Suikerbosrand bestaan het, bly vir ons 'n geheim. Ons weet net dat van gereelde onderwys in Suikerbosrand daar voor 1868 feitlik nog geen sprake kan wees nie. Die jare 1839 tot 1867 moet dus in die geskiedenis van Suikerbosrand aangeteken staan as die donkere beginjare, sonder enige merkbare vooruitgang op die gebied van onderwys.

H O O F S T U K 3.ONDERWYS IN HEIDELBERG 1868 - 1881.1. ONDERWYS ONDER DIE UITVOERENDE RAAD, 1868 - 1871.(a) Die eerste skoolkommissie te Heidelberg, 1868:

In Maart 1868 het die Volksraad die Algemene Skoolkommissie eervol ontslaan en besluit om die onderwys aan die sorg van die Uitvoerende Raad toe te vertrou. Die plaaslike skoolkommissie sou nog voortbestaan 1).

Op 8 Julie 1868 het 'n skoolkommissie, opgeroep deur ds. N.J. van Warmelo, vir die eerste keer te Heidelberg vergader. Die eerste woorde van die notule van hierdie vergadering lui soos volg:

"Op verzoek van den landdrost deelt de predikant mede, dat overeenkomstig de wet deze leden zijn benoemd om de plaatselijke schoolcommissie voor dit district te constitueren" 2).

Op dieselfde vergadering het die landdros verduidelik dat die Algemene Skoolkommissie volgens wet nie meer bestaan nie en dat die onderwys voortaan onder die Uitvoerende Raad gestel word 3). Dit dui daarop dat die toonaangewende manne te Heidelberg nie op hulle laat wag het om uitvoering aan die nuwe onderwyswet te gee nie.

Die kommissie het bestaan uit ds. N.J. van Warmelo, landdros F.K. Maré, G.G. Jacobs en J.C. van Zyl. H.J. Ueckermann was ook gekies maar het skriftelik met vermelding van redes bedank. In sy plek is toe gekies die heer Lourens Gildenhuis. Ds. Van Warmelo is tot voorsitter gekies en het ook die notule geskryf 4).

Die magte en pligte van die skoolkommissie was taamlik uitgebreid. Die lede moes onder andere beurtelings die skool

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 33.

2) Notulen van de plaatselijke Schoolcommissie district Heidelberg, 1. (Hierin voortaan genoem "Notulen")

3) Ibid., 2.

4) Ibid., 2.

maandeliks besoek en dan rapport daaroor doen. As 'n lid sy plig hierin versuim het, moes hy 1/- boete betaal. Verder moes hulle vakansietye bepaal 1), eksamens reël 2) en onderwysers aanstel of ontslaan 3).

Die skoolkommissie moes ook toesig hou oor die tug in die skool, en later moes hulle selfs sorg vir die insameling van geld vir die salaris van die onderwyser 4).

(b) Die eerste goewermentsonderwysers onder die Nuwe Wet.

Die eerste onderwyser wat onder die skoolkommissie van 1868 gewerk het, was die waarnemende goewermentsonderwyser H. Cochius 5). Uit vrae wat later aan hom gestel is, blyk duidelik dat hy reeds 'n tydlang te Heidelberg onderwys gegee het 6). Ons kan aanneem dat hy aangestel is in die vakature wat die vorige jaar deur die Algemene Skoolkommissie in die Staats Courant van 24 Julie 1867 geadverteer was 7).

Die onderwyser het hom dadelik tot die skoolkommissie om hulp gewend. Hy het gekla oor die ongeskiktheid van die skoollokaal en vra verder "een bank, een beter schrijfbord, en verzocht dringend dat van wege de commissie daarin eenige voorziening wordt gemaakt". Die kommissie het ook dadelik op rekening by die plaaslike handelaar "leyen, griffels en spelboekjes" bestel 8).

Die eerste onderwyser sou nie lank aanbly nie. Op sy tweede vergadering besluit die kommissie om aan die waarnemende goewermentsonderwyser die volgende vrae te stel:

- 1) Notulen, 5.
- 2) Ibid., 32.
- 3) Ibid, herhaaldelik in notule.
- 4) Ibid.
- 5) Ibid., 3.
- 6) Ibid., 3.
- 7) S.C. 209, 24/7/1867, 2.
- 8) Notulen, 1.

„voor hoelang hem de taak is opgedragen, hoelang hij reeds werkzaam is, en op welke voorwaarden hij die betrekking heeft aangenomen. Insgelyks op welk tractement hij zich verbonden heeft, en welke zijne papieren zijn, die hem als onderwyser toelaten" 1).

Die antwoorde op hierdie vrae is nie genotuleer nie. Die kommissie het hierna besluit om „eene openlijke oproeping in de Couranten" te plaas om 'n nuwe onderwyser. Die enigste aplikant was die heer P.N. Sluymers, voorheen van Potchefstroom. Hy is dus eenparig aangestel, en „omdat meer dan 25 kinderen de school zullen bezoeken en ten tweede omdat door den heer P.N. Sluymers ook de Engelsche taal zal worden onderwysen", het die kommissie aangevra dat sy salaris verhoog moes word van £100 tot £150 per jaar 2).

Die ingenomenheid van die kommissie met die onderwyser se bekwaamheid om ook die Engelse taal te onderwys, is 'n duidelike bewys dat daar reeds in daardie tyd veel waarde geheg is aan die onderwys van Engels in Transvaalse skole.

Na die aankoms van P.N. Sluymers aan die einde van 1868, het die kommissie aan H. Cochius eervolle ontslag verleen 3).

Die kommissie was aan die begin daie tevrede met die werk van P.N. Sluymers. Hy is selfs op 4 April 1869 as voorleser en voorsinger in die kerk aangestel, nadat hy die werk reeds geruime tyd gedoen het 4).

Hy was skaars drie maande op Heidelberg toe daar 'n klag by die kerkraad teen hom ingedien is van dronkenskap en growwe onsedelikheid. Die kerkraad het hom op 5 Junie 1869 skuldig bevind aan dronkenskap maar die res van die klag verwys na die skoolkommissie. Die kerkraad het hom ook onthef van sy pos as voorleser en voorsinger 5).

1) Notulen, 3.

2) Ibid., 9.

3) Ibid., 14.

4) Notule van die Nederduits Hervormde Kerk Heidelberg, Boek 1, 33 en 37.

5) Ibid., Boek 1, 37.

Reeds op 20 Maart 1869 het Sluymers in 'n brief aan die skoolkommissie sy ontslag gevra, maar dit is nie toegestaan nie 1). Toe die aanklag van die kerkraad voor die skoolkommissie kom, het hy weer sy bedanking ingedien en al dadelik gesê dat hy weier om voor die kommissie te verskyn. Op 'n skoolkommissievergadering gehou 7 Junie 1869 is in sy afwesigheid besluit om ontslag toe te staan, "maar dat er overwegende redenen bestond waarom zulk een ontslag niet eervol kan worden toegekend" 2).

Na die ontslag van P.N. Sluymers het die skool te Heidelberg 'n gelukkiger tydperk tegemoet gegaan. In die Staats Courant van 17 Augustus 1869 het die Uitvoerende Raad op voordrag van die plaaslike skoolkommissie die aanstelling van Hendrik van der Linden tot goewermentsonderwyser te Heidelberg aangekondig 3).

Van der Linden was 'n bekwame man met heelwat ervaring van onderwyssake. In die vorige hoofstuk het ons gesien dat hy van die begin af 'n lid van die Algemene Skoolkommissie was, en hy het dit gebly tot die afskaffing van die kommissie in Maart 1868 4). Vanaf 19 Julie 1852 tot Oktober 1863 het Van der Linden met tussenposes te Potchefstroom en ook in Natal onderwys gegee 5). Ook het hy die geleentheid gehad om kennis van die staatsake in die algemeen op te doen, want vanaf Oktober 1863 het hy "Gouvernements Secretaris" geword 6).

Die reëling van die skool was in Van der Linden se tyd soos volg: Daar was slegs twee vakansies in die jaar - drie weke in die winter en twee weke in die somer 7). Die skoolure was "als een proefneming" vasgestel van 8 tot 11 in

1) Notulen, 15.

2) Ibid., 20 en 22, en Argiefstuk R. 614/69.

3) S.C. 287, 17/8/1869, Gv. Kg. 67.

4) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 33.

5) Coetzee: Die Geskiedenis van Onderwys in Potchefstroom 1838-1938, 130, 136, 137 en 142.

6) Ibid., 142 - 143.

7) Notulen, 37 en 40.

die oggend en van 3 tot 5 in die namiddag 1).

Die tug was baie streng. Een van die latere onderwysers is by die kommissie aangekla dat hy 'n seun te streng getugtig het. Die uitspraak van die kommissie was dat die onderwyser volle reg moet hê om na sy oordeel te straf, want dit is in belang van die skool en die kinders. In hierdie geval het die onderwyser van 'n sambok gebruik gemaak. Die beskouing van die kommissie was dat dit 'n onbehoorlike tugmiddel was en dat hij dus verzocht zal worden om inplaats van dit onbehoorlijk een behoorlijk wapen te gebruiken" 2).

Die skoolkommissie het die eksamens bepaal. Gewoonlik het die eksamens net eenkeer per jaar plaasgevind. Dit is as 'n baie groot gebeurtenis geag, want in 1872 is die Staatspresident selfs uitgenooi om dit by te woon. Hy is egter verhinder 3).

By die eksamens is groot waarde geheg aan die pryse wat toegeken is. Dit het altyd die aandag van die kommissie ten volle geniet. In 1871 is byvoorbeeld deur een van die lede vier Bybels as pryse vir die eksamen geskenk 4).

Uit die notule van die skoolkommissie blyk ook in watter vakke daar eksamen gedoen is, naamlik "lezen, rekenen, Aardrijkskunde, Bijbelche geschiedenis, Taalkunde, Getal en vormleer, theorie van het zingen, welk onderzoek werd afgewisseld met het uitvoeren van eenige zangstukken en besloten met het opzeggen van versjes" 5).

Klagtes oor die onderwyser het ook nie uitgebly nie. Daar is byvoorbeeld gekla dat die onderwyser te min huiswerk gee. Die onderwyser het die kommissie egter verseker dat hy

1) Notulen, 65.

2) Ibid., 71.

3) Ibid., 32.

4) Ibid., 47.

5) Ibid., 48.

elke dag werk uitgee en "dat van dien regel niet wordt afgeweken" 1).

Ook die skoolkommissielede, veral ds. N.J. Van Warmelo, het, wanneer hulle besoek aan die skool gebring het, krities waargeneem. So rapporteer ds. Van Warmelo een keer van "twee tekortkomingen, in het onderwijs ontdekt bij het laaste besoek, betreffende het schrijven, en de bevordering van oplettendheid en nouwkeurigheid" 2).

Later rapporteer hy weer, dat hy net sy ondersoek die goeie wat hy opgemerk het, aangeprys het, "maar waarin eenige opmerkinge werden uitgesproken omtrent de rekenkunde, het schrijven op de lei, en de verbuiging" 3).

Uit die vooraigande is dit duidelik dat die skool te Heidelberg onder H. van der Linden, bygestaan deur 'n ywerige skoolkommissie, bestendig gevorder het. In 1874, tydens die afwesigheid van ds. Van Warmelo na Holland, is H. van der Linden deur die Staatspresident self as onderwyser te Heidelberg afgedank 4).

Die aantal skoolgaande kinders te Heidelberg was gedurende hierdie jare nog maar klein. In 'n brief van ds. N.J. van Warmelo, gedateer 24 April 1873, aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad lewer hy verslag oor die toestand van die goewermentskool vir 1872. Die gemiddelde skoolbesoek vir die jaar was maar 22. Uit die brief blyk verder die nougesetheid waarmee die skoolkommissie en onderwyser hulle pligte vervul het 5).

In 1872 het daar langs die Hollandse goewermentskool ook nog 'n private Engelse skool bestaan. Op 14 Oktober 1873

1) Notulen, 44.

2) Ibid., 36.

3) Ibid., 45.

4) Ibid., 59.

5) Argief, O.D. - stukke Band 1A, Brief nr. 5847.

verstrek landdros F.K. Maré 'n breedvoerige rapport oor die onderwys in die dorp en distrik aan die Staatsekretaris, in antwoord op 'n vraelys wat laasgenoemde op 23 Julie 1873 aan hom gestuur het. Hierin verklaar hy dat daar in die dorp twee goewermentskole is: 'n Hollandse, wat deur 21 leerlinge besoek word, en 'n Engelse, wat deur 29 leerlinge besoek word. Die Hollander en die Engelsman het albei in dieselfde gebou skool gehou. Verder skat hy die aantal kinders op die dorp tussen die ouderdom van 14 dae en 16 jaar op 80 1).

Die Engelse onderwyser was die heer John Lawrie (of Laurie) 2), wat na die ontslag van H. van der Linden deur die skoolkommissie as goewermentsonderwyser aangestel is 3).



Ds. N.J. van Warmelo.



H. van der Linden en sy vrou.

(c) Tekort aan onderwysers in die distrik:

Hoe dit met die onderwys op die plase in hierdie jare gestel was, kan ons maar slegs gis. Ek het nie daarin geslaag om betroubare gegewens oor skooltjies en onderwysers op die

-
- 1) Argief, O.D.-stukke Band 1 A, brief nr. 1607.
 - 2) In die notule word die naam "Lawrie" geskryf. Hyself skryf dit "Laurie"; O.D.-stukke Band B.1.a, brief Laurie gedateer 11/2/1876.
 - 3) Notulen, 59.

plase oor hierdie tydperk in te win nie. Te oordeel na die toestand in die dorp kan ons met veiligheid aanneem dat daar vir die plaaskinders geen geskikte onderwysers beskikbaar sou wees nie. Buitendien was die geldelike hulp van regeringsweë in hierdie tydperk so gering, dat die skoolkommissie van die dorp dikwels moes kla dat hulle nie by magte was om genoegsame middele in te samel vir die besoldiging van die onderwysers nie. Op die plase sou dit nog moeiliker gaan om die salaris vir 'n vaste onderwyser te vind.

In die hierbo genoemde rapport van landdros F.K. Maré meld hy dat hy nie die buite-onderwysers ken nie. Daar bestaan geen vaste onderwyser in die buitelandse distrikte wat aan hom bekend is nie 1). In daardie dae het alle mense in 'n wye gebied mekaar geken. As die landdros dus sê dat hy geen onderwyser van die buite-distrikte ken nie, is dit sekerlik 'n bewys dat daar geen onderwysers was nie.

Ons kan dus met sekerheid aanneem dat die kinders op die plase in hierdie tyd nog verstoke was van die voorregte van onderwys. Onderwysers was nog so skaars dat selfs die dorpe dikwels met minder geskikte persone vir die onderwys genoë moes neem. Op die plase het alleen die rondtrekkende onderwysers, wat in die dorpe geen aanstelling kon kry nie, 'n heenkome gesoek. Hulle het nie lank op een plek gebly nie, omdat die ouers nie kon bekostig om lank 'n onderwyser te huur nie. Gevolglik moes die plaaskinders maar met baie min onderwys volstaan.

2. ONDERWYS ONDER BURGERS 1872 - 1877.

(a) Die Burgers-wet oor die onderwys.

In die jaar 1871 het daar op staatkundige gebied gebeurtenisse plaasgevind wat die gemoedrus van die Transvaalse bevolking versteur het. Dit was die jaar van die Keate-

1) Argief, O.D.-stukke, Band 1 A, brief nr. 1607.

uitspraak, waardeur Transvaal waardevolle gebied op sy wesgrens moes prysgee. In 1870 het die Volksraad aan president M.W. Pretorius opdrag gegee om 'n ontwerp vir 'n nuwe grondwet op te stel. Die president het hieraan uitvoering gegee, en die ontwerp is in die Staats Courant van 21 Februarie 1871 gepubliseer. Die gees van die ontwerp-grondwet was baie liberaal veral wat betref die punte wat gehandel het oor kerkgenootskappe en die goedsdiensonderwys op skool. Die volk was gladnie tevrede met die voorgestelde veranderings nie 1). Hierdie moëlikhede het vir president M.W. Pretorius te veel geword, en in die Staats Courant van 7 Desember 1871 word sy bedanking as staatspresident aangekondig. Die heer D.J. Erasmus is in sy plek tot waarnemende president gekies. Hy het waargeneem tot ds. T.F. Burgers op 1 Julie 1872 die ampseed afgelê het 2).

Die onderwys in die Republiek het nog steeds onder die beheer van die Uitvoerende Raad gestaan. Weens sy veelvuldige werksaamhede kon die Uitvoerende Raad nie behoorlik aandag aan die onderwys skenk nie. Waar daar nie 'n ywerige en bekwame plaaslike skoolkommissie was nie, het die welslae en vooruitgang van die onderwys gevolglik gely. Die waarnemende president het die leemte besef en voorgestel dat daar weer 'n "generale school commissie" in die lewe geroep moes word, maar die Volksraad het die nuwe president onmiddellik opdrag gegee om 'n volledige onderwysskema uit te werk en voor die Raad te lê 3).

Die konsep-onderwyswet van president Burgers was nie voor die begin van 1874 gereed nie en is in die Staats Courant van

-
- 1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 88.
 - 2) Coetzee: Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938, 160.
 - 3) Ibid., 160.
-

4 Februarie 1874 gepubliseer. Enige artikels in die konsep het dadelik sterk teenkanting en kritiek van die publiek uitgelok. Die mees . gewraakte was artikel 26, wat soos volg gelui het: "Geen godsdiensonderwys word gedurende de schooluren gegee; echter zullen de schoollokalen buiten de schooluren met goedvinden der schoolcommissieën, daartoe beschikbaar zijn voor Godsdiensleeraars of onderwijzers". Artikel 41, wat die kwalifikasies van onderwysers(esse) bepaal het, het nie lidmaatskap van 'n Protestantse kerk vereis nie, en ook artikel 74 het dit nie vir die Superintendent-Generaal van onderwys as 'n voorwaarde gestel nie 1).

Wat president Burgers se bedoeling met artikel 26 ookal was, die publiek het dit vertolk dat die lees van die Bybel en die onderrig van Bybel eskiedenis in die skool verbode was 2).

Die Volksraad het die konsep bespreek en hulle besware daarteen ingebring. 'n Kommissie van vier lede is benoem om daarvoor 'n rapport en aanbevelings in te dien. Die gewraakte artikels is so gewysig dat die betekenis daarvan in ooreenstemming was met die Wet van 1866. Daar is verdere wysiginge aangebring, en op 23 Oktober 1874 is die gewysigde wet deur die Volksraad aangeneem 3).

Die wet maak voorsiening vir drie soorte skole; wykskole, in elke veldkornetskap een; distrikskole, in elke hoofplek van 'n distrik een; gimnasia, eers een in Pretoria, dan in Potchefstroom en later in ander stede of dorpe. Elke soort skool sal 'n bepaalde toelae van die goewerment ontvang. As minimum toelae is die volgende bepaal: vir wykskole £25, vir distrikskole £300 en vir gimnasia £500 per jaar 4).

1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 95.

2) Ibid., 96.

3) Ibid., 96, 97.

4) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 37.

Die wet maak verder voorsiening vir besondere bepalinge oor skole; bepalinge vir die onderwysers(esse); bepalinge wat die pligte en magte van skoolkommissies neer lê; bepalinge aangaande die Superintendent-Generaal van Opvoeding en ten slotte 'n belangrike afdeling wat handel oor die vereistes vir die eksamens van die drie klasse onderwysers(esse) 1).

Dit was die eerste volledige onderwyswet van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Dit het ook sekere nuwe beginsels beliggaam; dit stel in die plek van staatsonderwys 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys; dit neem 'n nuwe standpunt in teenoor die godsdiensonderwys; dit maak voorsiening vir die aanstelling van 'n Superintendent-Generaal van Opvoeding en gee volle besonderhede betreffende die onderwyseksamens 2).

Om verskeie redes is die wet eers op 28 Februarie 1876 in werking gestel, en op 16 Februarie 1876 het die eerste Superintendent-Generaal van Opvoeding, die heer W.J. van Gorkum, sy amp aanvaar 3).

Die bevolking van Transvaal het die wet nie simpatiek ontvang nie. Nieteenstaande die wysiginge wat in die konsep aangebring is, is die skok wat deur die publikasie daarvan veroorsaak is, nie vergeet nie. Die behoefte van die tyd was laer volksonderwys, terwyl die toelae vir die plattelandse wykskole maar karig vergelyk het met die kwistiger toelae vir die distriks- en hoërskole.

(b) Skoolkommissie volgens die nuwe onderwyswet gekies in 1876,

Kort na die inwerkingstelling van die Burgers-wet is die lede van die bestaande skoolkommissie te Heidelberg ontslaan, "onder dankbetuiging voor hunne diensten aan het land bewezen". Volgens artikel 54 van die wet is die volgende here

-
- 1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 38 - 40.
 - 2) Ibid., 40 - 41.
 - 3) Ibid., 41
-

deur die burgers van die dorp tot lede van die distrikskoolkommissie gekies: John Pagan, ds. N.J. van Warmelo, Carl Ueckermann, W. van Heusden, W. Pistorius en I.W. Rehbock 1).

Volgens die wet was die landdros F.K. Maré natuurlik ex officio voorsitter van die kommissie, soos ook blyk uit die notule van die Kommissie op pagina 75.

(c) Die distrikskool te Heidelberg.

Na die ontslag van H. van der Linden het die skoolkommissie die heer John Laurie aangestel. Blykbaar was die skoolkommissie baie ineenome met hom en het die getal skoolgaande kinders toegeneem. Volgens die voorgenoemde brief van die landdros aan die Goewermentsekreteraris het daar in 1873 alreeds 'n Engelse skool met 29 leerlinge bestaan. Nou was die kinders van die Hollandse skool sonder onderwyser en het ook die skool van Laurie bygewoon. Die skoolkommissie gaan so ver om 'n memorie rond te stuur om geld in te samel vir die verhoging van Laurie se salaris, om hom langer daar te hou. Hulle slaag daarin om 'n ekstra £50 vir hom in te samel 2).

Op 11 Februarie 1876 skryf Laurie 'n brief aan die Superintendent-Generaal van Opvoeding (S.G.O.) waarin hy te kenne gee dat hy op versoek 'n private Engelse skool te Pretoria wil open. Hy het 'n sirkulêre oor sy voorgenome skool by die pers ingehandig en sou later 'n afskrif daarvan aan die Superintendent-Generaal van Opvoeding stuur. Hy meld ook dat hy sy bedanking vanaf 1 April as onderwyser te Heidelberg by die Staatssekreteraris ingedien het 3). Op 22 Februarie skryf hy weer 'n brief aan die S.G.O., waarmee hy die sirkulêre stuur en die hoop uitspreek dat sy "Academy"

1) S.O. nr. 624, 15 Maart 1876, Gv.Kv. 76 en Notulen, 75.
 2) Notulen, 61.
 3) Argief O.D.-stukke, Band 1 A.

'n aanvulling vir die "High School" sal wees en nie 'n teenstander daarvan nie: 1).

Op 5 April 1876 word ontslag verleen aan J. Laurie as goewermentsonderwyser in die Engelse taal 2).

Die skool te Heidelberg was na die vertrek van J. Laurie twee maande lank, naamlik April en Mei, gesluit. Op 12 Mei 1876 skryf die sekretaris van die skoolkommissie te Heidelberg, W. van Heusden, twee briewe aan die Superintendent-Generaal van Opvoeding. In die eerste gee hy kennis van die Kommissie se besluit om die heer Marius Eliza Zijlstra tydelik vir ses maande te benoem teen 'n traktement van £200 per jaar. In die tweede brief gee hy kennis dat Zijlstra aangekom het, maar eers Pretoria gaan besigtig en dat hy die skool op 1 Junie sal open 3).

In 'n brief van Van Heusden aan die Superintendent-Generaal van Opvoeding, gedateer 30 Mei 1876, gee hy kennis dat die skool onder Zijlstra die vorige dag geopen is met 14 leerlinge op die rol. Die regering het Zijlstra 'n traktement van £125 voorgestel, maar die kommissie het hom £200 per jaar beloof. Van Heusden vra of die regering nie nog £25 sal bysit nie, aangesien die kommissie nie £75 sal kan bybring nie. Hulle sien kans om £50 te probeer byeenbring 4).

Op 5 Junie 1876 lewer Zijlstra in 'n brief aan die Superintendent-Generaal van Opvoeding rapport oor die stand van die leerlinge soos hy hulle aangetref het. Hieruit blyk dat die skoolkommissie se vertroue in Laurie se bekwaamheid ietwat misplaas was. Sy bevinding was soos volg:-

Middelste en laagste klasse baie min gevorder; hoogste klasse: Engels lees - taamlik goed; Hollands - 'n weinig; Skoonskrif - oor die algemeen meer gevorderd; Rekende - by die beste leerlinge treurig gesteld; geeneen kan behoorlik aftrek, vermenigvuldig of deel nie; Aardryke-

1) Argief: O.D.-stukke, Band 1A.

2) S.C. Nr. 627, 5 April, 1876.

3) Argief: O.D.-stukke, Band 1 A en Notulen 79.

4) Argief: O.D.-stukke, Band 1 A.

kunde - geen kennis; Algemene Geskiedenis - 'n weinig. In Tekene toon hulle enige bedrewenheid, aangesien die vorige onderwyser mmr. Laurie 'n voorliefde daarvoor gehad het 1).

Vyf dae later vra hy per brief die volgende benodigdhede: 'n paar dosyn skryfboeke; 1 dosyn leie; 2 dosyn rekenboekies (liefs die eenvoudigste); enige leerboekies vir Aardrykskunde en Algemene Geskiedenis; 'n paar dosyn eenvoudige tekenvoorbeelde; 1 doos griffels en een of twee goeie sponse; 1 dosyn Engelse spraakkunsboeke (beknopte); 1 dosyn Engelse leesboekies (enigsins gevorderd); 'n gros goeie staalpenne. Die aantal leerlinge het toe op sewentien gestaan 2).

Ek het opsetlik die volle lys benodigdhede hier herhaal, want daaruit leer ons veral twee dinge in verband met die destydse skool. Eerstens tref die algemene strekking van die lys ons. Wat die leer- en leesboekies betref, word daar niks spesifieks verlang nie. Enige boek sal goed wees, solank dit maar net vir die bepaalde doel gebruik kan word. Dit bewys die gebrek aan geskikte en gegradeerde handboeke wat daar bestaan het. In die tweede plek is dit 'n bewys van die houvas wat Engels as vak toe reeds in die Transvaalse skole gekry het. Engelse boeke was toe noodsaaklike benodigdhede in die skool. Die leesboeke in Engels moes selfs al enigsins gevorderd wees.

Die skool onder Zijlstra wou maar nie vorder nie. Die leerlingtal het afgeneem in plaas van te vermeerder. Die Superintendent-Generaal van Opvoeding, wat die skool in Augustus besoek het, het die toestand gewyt aan die feit dat Zijlstra nie Engels kon gee nie. Hy het beloop om 'n assistente te probeer vind wat kon help met die Engels en „geloof dat indien eene belofte van goed Engelsch Onderwys aan die ouders

1) Argief: O.D.-stukke, Band 1 A.

2) Ibid.

gegeven wordt, de tegenwoordige opposisie teen die Goevernement School waarschiynlik eindigen zal" 1). Vanaf 11 September 1876 is 'n sekere mej. H.P. Ferreira aangestel as hulponderwyseres aan die distrikskool te Heidelberg 2).

Die opposisie teen die goewermentskool kon ook toegeskryf word aan die teenkanting wat die publiek teenoor die Burgersonderwyswet gekoester het.

Beide M.E. Zijlstra en mej. Ferreira se verblyf op Heidelberg, was nie van lange duur nie. In Februarie 1877 dien 'n klag van W. Pistorius voor die skoolkommissie dat Zijlstra sy seun met die vuus geslaan het. Uit die getuienis van die onderwyseres blyk dat die seun parmantig en ongehoorsaam was. Die vergadering besluit om die onderwyser te vermaan om straf toe te dien maar dit met oorleg te doen. Hierna stuur Zijlstra sy bedanking in en weier beslis om langer skool te hou. Die kommissie het toe besluit om die skool te sluit, aangesien mej. Ferreira nie alleen daarmee kon voortgaan nie 3). Dit was dan die einde van die distrikskool onder die Burgers-régime.

(d) Engels in die skool te Heidelberg:

In die sewentiger jare het die neiging na Engels in Transvaal sterk op die voorgrond getree, en hierin was Heidelberg gladnie 'n uitsondering nie. In 'n artikel van ds. S.J. du Toit in The Argus Annual van 1888, skryf hy oor die agteruitgang van die onderwys in Transvaal in die jare 1873 - '76:

"It may be of interest to explain the condition of those schools, and for that purpose we may divide them into three classes:- four were purely English schools, (at Pretoria, Heidelberg, Lydenburg and Zeerust), counting altogether 71 pupils 4).

1) Notulen, 83.

2) S.C. Nr. 656, 25 Oktober 1876, Gv. Kv. 343, en Notulen, 85 - 87.

3) Notulen, 94 - 95.

4) Argief: O.D.-stukke, Band 4.

Hier is sprake van die tydperk 1874 tot begin 1876, toe die skool in Heidelberg onder J. Laurie gestaan het, want dit was toe 'n suiwer Engelse skool. Ek het ook aangetoon dat daar al in 1873 'n Engelse skool onder J. Laurie naas die Hollandse skool bestaan het en dat dit selfs meer leerlinge gehad het as die Hollandse skool.

Ons vind ook dat die meerderheid in die skoolkommissie hulle beywer vir Engels in die skool. Na die vertrek van J. Laurie in 1876 word geadverteer om 'n Hollandse onderwyser. Uit die Staatskoerant word verneem dat daar drie eersterangse onderwysers uit Holland verwag word. Om Engels in die skool te verseker word op die volgende vergadering genotuleer:

"aangaande het aanzoek om een Hollandschen Onderwijzer wordt besloten, dat daarmee bedoeld wordt iemand die ook in het Engelsch onderwijzen kan" 1).

Toe Zijlstra, wat nie Engels kon onderwys nie, aangestel word, styg die inskrywing maar tot sewentien en neem daarna weer af. Ook die Superintendent-Generaal van Opvoeding meen om hierdie agteruitgang van die skool te verhoed deur 'n hulponderwyser ~~es vir~~ Engels aan te stel. Na die ~~aanst~~stelling van mej. H.P. Ferreira skryf die sekretaris van die skoolkommissie nog op dieselfde dag aan die Superintendent-Generaal van Opvoeding dat daar agt leerlinge bygekom het 2).

Dit tref ons verder dat in 1874 in die opgaaf van die vakke waarin eksamen geskryf word, daar spesiaal genoem word "Engelsche Taalkunde", terwyl daar blykbaar gladnie in Hollands eksamen afgelê is nie 3).

Uit die geite wat ons hierbo genoem het, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die bevolking van Heidelberg vanaf ongeveer 1873 'n baie sterk begeerte aan die dag lê het om te verseker dat hulle kinders onderrig in Engels in die skool sal ontvang.

1) Notulen, 77.

2) Argief O.D.-stukke, Band 1 A.

5) Notulen, 64.

(e) Skooltjies op die plase:

Hoewel ek nog nie definitiewe gegewens oor plaasskooltjies in hierdie tyd kon opspoor nie, het ek tog bewys dat daar enkele skooltjies bestaan het. 'n Sekere Otto Landsberg van Groenfontein, distrik Heidelberg, skryf op 28 Mei 1876 'n brief aan die S.G.O., waarin hy die plaaslike moeilikhede in verband met die insameling van die onderwyser se salaris skets. Die ouers sien nie kans om 10/- skoolgeld per kind te betaal nie. Hulle is gewillig om 7/- te betaal. Hy verwag dat daar tot 20 kinders in die skool sal wees. As die heer C.G. Hoolboom of iemand anders kans sien om daarvoor te kom skoolhou, kan hy kom 1). Of die skool ooit geopen is kon ek nie vasstel nie.

C.G. Hoolboom skryf twee briewe, gedateer 15 Maart en 17 Mei 1877, vanaf Goedverwacht aan die S.G.O. Uit die eerste brief blyk dat hy reeds 'n lang tyd werksaam was op Goedverwacht. In sy tweede brief sê hy dat hy 'n lang tyd nie op Heidelberg kon kom nie, aangesien byna alle perde aan die perdesiekte beswyk het 2). Dit toon ons net watter moeilikhede die mense in daardie tye te kampe gehad het. Hoelank hierdie skooltjies bestaan het en hoe groot dit was, kon ek nie vasstel nie.

Daar is ook 'n brief gedateer 10 Junie 1876 van 'n sekere A.P.J. du Preez vanaf Suikerboschnand. Hy wil van die S.G.O. weet wat sy posisie onder die nuwe wet is. Hy was 'n distrikskoolmeester onder die ou wet en vra of sy aanstelling as wykskoolmeester weer "bekragtig" moet word. Hy het salaris ontvang tot 1 Januarie 1876 en wil weet van wie hy nou besoldiging moet vra vir sy dienste in 1876 3). Ook hierdie brief is maar net 'n bewys van die bestaan van 'n plaasskooltjie. Daar was miskien nog meer, maar gegewens ontbreek.

1) Argief: O.D.-stukke, Band 1 A.
 2) Ibid.
 3) Ibid.

3 ONDERWYS IN HEIDELBERG ONDER DIE ENGELSE BEWIND, 1877 - 1881.

(a) Shepstone annekseer die Transvaal in 1877.

Op 12 April 1877 het Shepstone die Transvaal tot 'n Britse kolonie geannekseer. Uiterlik was alles kalm en rustig, daar die afgetrede regering alle amptenare, burgers en ingesetenes vermaan het om niks te doen of te sê wat skade sou berokken aan die doel van die sending na Engeland en Amerika om die anneksasie ongedaan te kry. Die amptenare het almal in hulle betrekkinge gebly en met hul werk voortgegaan. Ook die heer W.J. van Gorkum het as Superintendent-Generaal van Opvoeding sy betrekking behou.

Kort na die anneksasie het sir Theophilus Shepstone 'n reis deur die Transvaal onderneem om op hoogte te kom van die landstoestande en die bevolking te probeer versoen met hulle nuwe regeerders. Omdat Shepstone die belangrikheid van die onderwys besef het, het hy veral aandag gegee aan die distrikskole en waar moontlik 'n besoek aan hulle gebring 1).

(b) Dr. J. Vacy Lyle as kommissaris aangestel:

Kort na die anneksasie het Shepstone aan Van Gorkum opdrag gegee om 'n verslag oor die onderwystoestande in Transvaal op te stel. Blykbaar het Shepstone nie veel vertroue in die verslag van Van Gorkum gestel nie, want op 4 Junie 1877 stel hy dr. J. Vacy Lyle aan "to enquire into the present condition of education in the Transvaal Territory, the laws regulating it, and the adaptability of those laws to the wants of the people, and the circumstances of the country" 2).

Dr. Lyle, wat die hele onderwysorganisasie tot sy beskikking gehad het, het 'n deeglike ondersoek ingestel en 'n uitstekende en belangrike rapport uitgebring. In sy aanbevelings vir 'n

1) Lugtenburg: Die Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900,
116 - 117.

2) Ibid., 117.

onderwysstelsel is die volgende van die belangrikste:

- i. Die ondersteunde skool sal die normale inrigting wees.
- ii. Talentvolle, behoeftige kinders moet van die regering ondersteuning ontvang.
- iii. Plaaslike talent moet in die skole as kwekelinge opgelei word vir toekomstige onderwysers(esse).
- iv. Subsidies en salarisse sal nie langer uitbetaal word nie, maar toelaes sal volgens uitslae toegeken word.
- v. Daar moet 'n vaste standaard wees, waarvolgens alle skole geïnspekteer word.
- vi. In die ondersteunde skole moet daar eenvormigheid van handboeke wees.
- vii. Inspekteurs moet later aangestel word, maar voorlopig kan van die dienste van predikante gebruik gemaak word.
- viii. Die plaaslike skoolkommissies moet bly bestaan en toesig hou oor die skole.
- ix. Die skoolkommissie moet die reg hê om die medium van onderwys vir sy skool te bepaal.
- x. Bybelgeskiedenis moet onderwys word.

Onderwyl dr. Lyle met sy ondersoek besig was, het die toestand vir Van Gorkum onhoudbaar geword en het hy besluit om onder ontvangs van sekere skadevergoeding sy amp neer te lê. Op 21 Maart 1878 het dr. Lyle hom in waarnemende hoedanigheid opgevolg 1).

(c) Die skool te Heidelberg, 1877 - 1881.

Vanaf die bedanking en vertrek van M.E. Zijlstra en mej. H.P. Ferreira in Februarie 1877 het die skool te Heidelberg gesluit gestaan tot in November 1877, toe Alexander Noble die pos as tydelike hoofonderwyser aanvaar het 2).

Daar het in die maande wat die goewermentskool gesluit was, ten minste een privaatskooltjie in die dorp bestaan. Op 15 November 1877 skryf 'n sekere Eekhout aan die S.G.O. vanaf Heidelberg en berig dat hy 15 kinders in sy skool het en

1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 119 - 122.
 2) Argief: O.D.-stukke, Band 1 A.

ongeveer £5 per maand ontvang. Dit is onmoontlik om van sy besoldiging te bestaan, daarom doen hy navraag na 'n betrekking by 'n sekere mnr. ? Hunt, wat 'n onderwyser en plaasvoorman soek. Dit is moontlik dat ? Eckhout se skool-tjie toe al reeds lank op Heidelberg bestaan het, want hy was ook een van die applikante om die pos aan die goewermentskool wat op 7 Junie 1877 deur die skoolkommissie be-handel is. Hulle het egter niemand van die applikante gekies nie 1).

Tydens die langdurige vakature aan die goewerment-skool blyk ^{die} gevoelens van die skoolkommissie duidelik uit gebeurtenisse op die vergaderings. Mnr. I.W. Rehbock, wat, na die vertrek van mnr. W. van Heusden, in November 1876 tot Sekretaris-Tesourier van die skoolkommissie gekies is, het nog altyd die notule in Hollands gehou en redelik goed ook. In Junie 1877 skryf hy skielik die notule in Engels. Op die volgende vergadering maak ds. Van Warmelo hierteen beswaar. In sy verskoning sê die sekretaris dat hy nie so goed in Hollands as in Engels kan skryf nie. Die saak word tot stemming gebring. Die voorsitter, landdros F.K. Maré, ds. Van Warmelo en W. Pistorius stem vir Hollands, en mnr. D. Reid Crow, C. Ueckermann en I.W. Rehbock stem vir Engels, terwyl mnr. J. Pagan buite stemming bly. By die volgende vergadering word weer oor die saak gestem en weer staak die stemme. Rehbock het toe maar as sekretaris bedank, en ds. Van Warmelo is in sy plek tot sekretaris gekies. Die voorsitter het eenvoudig geweer om die Engelse notule te teken. Ds. Van Warmelo moes weer alles in Hollands oorskrywe. Die Engelse notules st~~aan~~ vandag nog ongeteken in die boek 2).

1) Argief: G.D.-stukke, Band 1 A.
2) Notulen, 90, 97 - 100 en 103.

Na die anneksasie wou die landdros F.K. Maré nie die eed van getrouheid aflê nie. Hy het Heidelberg tydelik verlaat en op sy plaas Groenfontein naby die dorp gaan woon tot na die Eerste Vryheidsoorlog. Sy klerk, Carl Ueckermann, het hom toe as landdros opgevolg 1).

In April 1878 het ds. N.J. van Warmelo as sekretaris van die skoolkommissie bedank. In sy plek is C. Müller tot sekretaris gekies. Hy het ook dadelik weer begin om die notule in Engels te skryf 2). Ook die heer C. Ueckermann, wat as voorsitter en later ook as sekretaris optree, skryf die notule in Engels 3).

Alexander Noble, wat die skool te Heidelberg op 9 November 1877 geopen het, het reeds op 14 November ^{em} dr. Lyle se vraelys in verband met sy ondersoek beantwoord. Wat daarin van besondere belang is, is sy vraag wat dr. Lyle se opvatting oor die stigting van 'n "Teachers Association" is. Volgens hom het hy die waarde daarvan al as jong man leer ken 4). Of hy 'n antwoord op sy vraag gekry het en wat dit was, kon ek nie vasstel nie.

Toe Noble die skool in November 1877 geopen het, was daar maar 9 kinders in die skool 5). Hierdie getal is nooit baie ver oortref nie, en in Mei 1878 het A. Noble al weer bedank 6).

Na die advertensie van die vakature is daar vyftien aansoeke ontvang. Ds. Van Warmelo het daarteen geprotesteer toe die kommissie iemand wou benoem voordat hulle nadere gegewens oor die applikante ingewin het. Na 'n toespraak van hom moes die kommissie egter instem met sy sienswyse 7).

- 1) Notulen, 110, en meegedeel deur mev. J.h.J. (Sina) Botha, dogter van wyle landdros F.K. Maré, tans van Rietspruit, Distrik Heidelberg.
- 2) Notulen, 112.
- 3) Ibid., 119.
- 4) Aangief: O.D.-stukke, Band 1 A.
- 5) Notulen, 107.
- 6) Ibid., 114.
- 7) Ibid., 117.

Eers in Februarie 1879 is die heer M.J. Seymour as goewermentsonderwyser aangestel. Die goewermentsskool was dus weer agt maande lank sonder 'n onderwyser 1). Reeds in Mei 1879 kom daar klagte van slegte gedrag teen Seymour in. Hy vra die kommissie om verskoning 2), maar in Julie stel die S.G.O. 'n sekere M. Raddatz in sy plek aan 3).

Onder Raddatz het dit ook nie beter gegaannie. Toe die skool feitlik wou doodloop met net vier of vyf kinders, is Raddatz voor die kommissie tot verantwoording geroep. Een van die lede van die kommissie, mnr. W. Pistorius, verwyt hom toe dat die mense hulle kinders uit die skool neem "because mr. Raddatz has often told the children in school to go to Hell" 4). Hy ontken hierdie aanklag, maar in Desember 1879 verdwyn hy skielik uit Heidelberg. 5).

Die skool staan weer gesluit, maar in Januarie 1880 vra 'n sekere Dawson, onderwyser van 'n privaatskool met 22 kinders, verlof om die skoolgebou te gebruik. Hy doen ook aansoek om die pos as goewermentsonderwyser, maar aangesien hy geen serti-fikaat besit nie, kon die kommissie hom nie aanbeveel nie 6).

Vanaf die einde van 1879 was die land in beroering op politieke gebied. Die bevolking het rondgetrek om die groot volksvergaderings by te woon, en daar was nie tyd om aan skole te dink nie. Op 12 Maart 1880 het die laaste vergadering van die Heidelbergse skoolkommissie plaasgevind. Daarna is daar 'n gaping tot 14 April 1882 7).

(d) Privaatskole in die distrik:

In die vorige paragraaf het ons gesien dat die goewermentsskool op die dorp gedurende die Engelse bewind deurgans 'n sukkelbestaan gevoer het. In Heidelberg self het daar van tyd

-
- 1) Notulen, 121
 - 2) Ibid., 128
 - 3) Ibid., 135
 - 4) Ibid., 139
 - 5) Ibid., 141, 143
 - 6) Ibid., 143
 - 7) Ibid., 145 - 147.
-

tot tyd privaatskooltjies vir korter of langer termynne bestaan. So lees ons byvoorbeeld van 'n privaatskooltjie van 'n sekere ? Eckhout in 1877 en weer in Januarie 1880 van 'n **soortgelyke** skooltjie van 'n sekere ? Dawson. Dit is opvallend dat albei die privaatskooltjies meer kinders gehad het as die bestaande goewermentskool.

Dit wil voorkom of die plase in die distrik, wat nog maar altyd skraal bedeel was met onderwysgeriewe, in hierdie betrokke jare nog meer verstoke was van geleenthede vir die onderwys van die jeug.

Ek kon in die Staatsargief te Pretoria net van een distriksonderwyser twee briewe opspoor, wat aantoon dat hy gedurende die Engelse bewind privaatskooltjies op die plase gehou het. Ook kon ek nie eens daaruit aflei waar hy skool gehou het nie, want die adres word slags aangegee as C.W. Nelson, distrik Heidelberg. Hy het eers op 24 Desember 1878 aan die S.G.O. geskryf en toe weer op 4 Mei 1879, en in albei briewe vra hy om as goewermentsonderwyser te Klerksdorp aangestel te word. Hy was 'n Engelsman, en in sy tweede brief kla hy dat hy nie meer privaatskole op die plase kon hou nie: "as the feeling of the farmers are so Anti-English that I cannot live among them in private any longer" 1).

Dat daar ten minste gepoog is om onderwysers te kry, bewys 'n brief van die heer Otto Landsberg van Groenfontein, distrik Heidelberg, gedateer 15 Mei 1878. Hy wil graag 'n onderwyser hê. Hy sal die persoon voorlopig self huur en ook aan hom grond gee om tuin te maak 2). Of sy aansoek geslaag het kon ek nie bepaal nie.

1) Argief: O.D.-stukke, Band 1 A.

2) Landsberg se geestigheid spreek uit sy briewe. In sy brief van 1876 (vroer vermeld) skryf hy o.a. dat sy seun op 14 of 15 Junie gaan trou. Met die geleentheid kan hy dan die onderwyser vanaf Heidelberg saambring. Die onderwyser kan dan goedkoop op die plaas kom en somer "ons plesier" bywoon. In die tweede brief onder bespreking skryf hy dat hy gehoor het van die koms van 'n groep Hollanders, "waar onder zeeker bekware perzoone bij zal weeze als" schoolmeesters zoo als ik ook gehoord heb een heer met name Visch geen zwermende maar een loopende"....

Uit hierdie skrale getuens moet ons dan aflei dat daar maar min privaatskooltjies in die distrik bestaan het gedurende die jare van die Engelse bewind.

4. KRITIESE SAMEVATTING.

(a) 'n Stadige begin onder moeilike omstandighede, 1868 - 1871.

Vanaf ds. N.J. van Warmelo se koms in Heidelberg in Julie 1868 het die onderwysake aldaar dadelik begin vorm aanneem. Ds. Van Warmelo was feitlik altyd 'n leidende lid van die skoolkommissie tot aan sy dood in 1892. Hy was onvermoeid in sy ywer vir die onderwys, en na tye van insinking was dit gewoonlik hy wat ingesprong het om weer te reorganiseer en die skool op dreef te kry.

Gedurende hierdie jare het die onderwys regstreeks onder die Uitvoerende Raad geresorteer, en weens hulle veelvuldige werksaamhede kon die nodige aandag nie aan die onderwys bestee word nie. Daar het ook nog geen volledige onderwyswet in die Republiek bestaan nie. Nieteenstaande hierdie leemtes het die onderwys op die dorp Heidelberg gedurende die jare 1869 tot 1874 goed op dreef gekom en is daar in die skool met vrug gewerk.

Hierdie vooruitgang was aan twee faktore te danke. In die eerste plek moet dit toegeskryf word aan die ywer en nougesetheid waarmee die skoolkommissie hul pligte uitgevoer het, en in die tweede plek aan die bekwame werk van die onderwyser Hendrik van der Linden, wat meer as vier jaar lank aan die skool te Heidelberg verbonde was.

In teenstelling met die vooruitgang wat daar op Heidelberg self met die onderwys gemaak is, was daar op die plase as gevolg van die tekort aan onderwysers en die onvermoë van die ouers om onderwysers te huur nog baie min of geen skole nie.

(b) Onderwys onder die Burgers-wet.

Vanaf 1874 het die skool te Heidelberg weer tekens van agteruitgang begin toon. Na die vertrek van H. van der

Linden was daar slegs 'n Engelse skool onder die heer J. Laurie op die dorp. Toe die onderwyswet van President T.F. Burgers teen die einde van Februarie 1876 van krag geword het, het J. Laurie kort daarna na Pretoria vertrek, en die skool het gesluit gestaan tot aan die einde van Mei.

Die bevolking van Transvaal was teësinnig om gebruik te maak van die goewermentskole onder die Burgers-wet. Die publikasie van die ontwerp-wet het die land in beroering gebring oor die vrysinnige artikels in sake die godsdiensonderwys. Hoewel hierdie gewraakte artikels in die Wet self verbeter was, was die bevolking geskok in hulle president en het wantrouig gestaan teenoor die skole wat onder die Wet tot stand gekom het. Ook was die bevolking gladnie tevrede met die aanstelling van die heer W.J. van Gorkum, 'n ingevoerde Hollander, as hulle eerste Superindent-Generaal van Opvoeding nie.

Hierdie teenstand teen die Burgers-wet het hom ook in Heidelberg sterk laat voel. Die onderwyser, M.E. Zijlstra wat aan die goewermentsskool aangestel is, was ook 'n Hollander wat pas in die land gekom het, en dit het blykbaar verder daartoe aanleiding gegee dat die ouers 'n Engelse onderwyser verwelkom het, soos die geval van J. Laurie bewys het. Alle pogings om die skool te laat groei het op mislukkings uitgeloop.

Nieteenstaande die voorsiening in die Wet vir die oprigting van wykskole vind ons nie bewyse dat daar veel gebruik van gemaak is nie. Die toelae vir wykskole was te gering, en die skoolgelde was te hoog vir die ouers om te betaal. Ons vind dat die heer Otto Landsberg die te hoë skoolgelde in sy brief van 28 Mei 1876 as 'n beswaar noem.

Die bietjie meer as 'n jaar wat die Burgers-wet in werking was, moet dus beskou word as 'n tydperk van algehele agteruitgang op onderwysgebied, nie alleen in Heidelberg nie maar

in die hele Republiek.

(c) Onderwys gedurende die anneksasietydperk 1877 - 1881:

Die Burgers-régime is op 12 April 1877 beëindig deur die anneksasie van Transvaal deur sir T. Shepstone tot 'n Britse Kolonie. Dit was 'n bittere ontnugtering vir die Transvalers. Daur die aanstelling van dr. J. Vacy Lyle om 'n rapport oor die onderwys uit te bring het Shepstone probeer om in 'n bestaande behoefte te voorsien en verbetering te bring in die onderwys, wat skreiend verwaarloos geraak het onder die Burgers-régime. Die taks en gematigheid waarmee dr. Lyle opgetree het, het niks gebaat nie. Die Boerebevolking was bevooroordeeld teenoor alles wat van die Engelse gekom het.

In Heidelberg was daartweespalt in die skoolkommissie as gevolg van die mediumkwessie. Ds. N.J. van Warmelo het 'n harde stryd gestry om die ou tradisies van die skoolkommissie te bly handhaaf. Toe landdros F.K. Maré hom tydelik op sy plaas teruggetrek het, kon ds. Van Warmelo alleen nie met sukses die stryd volhou nie.

Die skool het in hierdie tydperk twee keer vir lang termyne gesluit gestaan. Die onderwysers het so vinnig verwissel, dat die paar kinders wat nog die skool bygewoon het, maar weinig voordeel daaruit geput het. Die goewerment-skool te Heidelberg het in Desember 1879 eenvoudig doodgeloop. Ook op die plase het daar in hierdie jare, soos blyk uit die gegewens tot ons beskikking, nagenoeg geen onderwys bestaan nie.

H O O F S T U K 4.ONDERWYS IN HEIDELBERG 1881 - 1899.

1. ONDERWYS IN HEIDELBERG ONDER DS. S.J. DU TOIT EN
H. STIEMENS, 1882 - 1891.

(a) Ds. S.J. du Toit word Superintendent van Onderwys.

Na die sluiting van die Konvensie van Pretoria op 3 Augustus 1881, is die ou wette van die Zuid-Afrikaanse Republiek weer herstel. Die Driemanskap moes so gou moontlik 'n Superintendent van Opvoeding in die plek van W.J. van Gorkum aanstel. Hulle keuse het geval op ds. S.J. du Toit van die Paarl. Ds. Du Toit het eers in 'n onderhoud sy beleid aan die Transvaalse owerheid voorgelê. Die beleid is deur die owerheid aanvaar, en op 13 Maart 1882 het ds. Du Toit in sy nuwe pos begin 1).

(b) Wet nr. 1 van 1882.

Die beginsels wat ds. Du Toit aan die Transvaalse regering voorgelê het, is vervat in die nuwe Onderwyswet, nr. 1 van 1882, wat in die Staats Courant van 18 Mei 1882 gepubliseer is. Ons wil hier net kortliks let op 'n paar van die belangrikste bepalinge oor die laer en middelbare onderwys:

(1) Algemene bepalinge:

Die regering neem die standpunt in dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding van hul kinders. Die regering se bemoeiing met die onderwys sal beperk wees tot die aanmoediging van plaaslike inisiatief deur bydraes te gee ter ondersteuning van die skole en deur toesig te hou oor die skole en die besteding van geld. Die regering sal verder 'n inrigting vir hoër onderwys stig vir die opleiding van onderwysers en staatsamptenare. Godsdiensonderwys berus by die kerk. Die regering sal net eis dat die onderwys in 'n Christelike gees sal gegee word; dat die skool met gebed

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 48.

geopen en gesluit sal word; dat in die Bybel gelees sal word en dat die Bybelse geskiedenis in die skool geleer sal word. Die regering spreek die wens uit dat die kerkbesture soveel moontlik die inisiatief sal neem in die stigting van skole en die vorming van skoolkommissies 1).

Die regering wil veral die buite-onderwys aanmoedig en bied daarom 'n jaarlikse toelae van £3 per kind vir elementêre en £5 per kind vir middelbare onderwys aan. Die Superintendent sal beslis oor die rangskikking van kinders uit die verslae wat ingestuur word, en deur inspeksie. Die voertaal by die onderwys sal wees die Nederduitse taal 2).

(11) Besondere bepalinge:

Elke ondersteunde skool sal onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie staan. Die skoolkommissie moet sorg vir 'n behoorlike skoolgebou met meubels en toebehore tot bevrediging van die regering. Die kommissie moet onderwysers kies en vir aanstelling by die Superintendent aanbeveel. Hulle moet die vakansies, tot 'n maksimum van agt weke per jaar, bepaal.

Die onderwysers moet bevoeg wees vir hulle werk en lid wees van 'n Protestantse kerk. Hulle moet behoorlike aantekeninge hou van die aantal leerlinge op skool, van die leervakke ens. Aan die einde van elke kwartaal moet verslae onderteken deur die onderwyser aan die Superintendent gestuur word.

Die Superintendent, met setel in Pretoria, moet wetenskaplik bevoeg wees, suiwer in leer, onbesproke van wandel en lidmaat van 'n Protestantse kerk. Hy is belas met die hooftoesig van die skole, die reëling van die onderwys en moet sorg vir die gereelde instuur en bewaring van die onderwysverslae. Hy sal eenmaal per jaar die skole vir middelbare en hoër onderwys besoek en soveel moontlik ook skole vir laer

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 48 en 49.

2) Ibid., 49.

onderwys. Sy jaarlikse verslag oor die toestand van die onderwys sal in die staatskoerant gepubliseer word.

In gevalle van behoeftige kinders kan die regering 'n spesiale toelae van £3 tot £5 per jaar toeken 1).

Deur hierdie onderwyswet het ds. Du Toit aan die Transvalers 'n onderwysstelsel gegee waaraan hulle behoefte gehad het. Die stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike, Bybelse en nasionale grondslag met Hollands as voertaal het gepas by hulle volksaard en tradisies 2).

(c) Ontwaking op onderwysgebied in Heidelberg vanaf 1882:

Die eendragtige optrede wat die Transvalers se stryd om hul verlore onafhanklikheid gekenmerk het en wat gelei het tot die oorwinning op Majuba, het die volk besiel met 'n nuwe gees van optimisme vir die toekoms. Op onderwysgebied het hulle 'n beginselvaste Superintendent van Opvoeding gekry, 'n kampvegter vir Christelike en nasionale onderwys. Die nuwe onderwyswet van 1882 het voorsiening gemaak vir die behoeftes van die volk op 'n wyse soos hulle dit begeer het. Die volk het dan ook dadelik gegryp na die geleenthede wat die Wet aangebied het, en ons vind dat daar ontwaking op onderwysgebied in die hele Transvaal plaasgevind het. Ook in Heidelberg en sy distrik het hierdie ontwaking plaasgevind.

Tot 1881 kon ons feitlik geen bewyse vind vir die bestaan van 'n plaasskool van enige omvang en vir 'n lang tydperk nie. Soos ons later breedvoeriger sal aantoon was daar in 1882 verskeie plaasskole in die distrik. Volgens die jaarverslag van die Superintendent het daar in 1883 in Heidelberg vier wykskole met 'n gesamentlike leerlingtal van 73 bestaan en in 1884 een dorpskool met 37 leerlinge en tien wykskole met 'n totaal van 148 leerlinge 3). Dit is nie nodig dat ek hier meer syfers noem nie. Ek sal nou vollediger die ontwikkeling van die verskillende soorte skole vir die betrokke jare nagaan.

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 49, 50.

2) Ibid., 51.

3) Verslag van die Superintendent van Onderwys 1883, 1884.

(1) Die dorpskool te Heidelberg, 1882 tot 1891:

Op 14 April 1882 het die eerste vergadering van die nuwe skoolkommissie van die Heidelbergse distrikskool plaasgevind. Die kommissie het bestaan uit ds. N.J. van Warmelo (voorsitter), die here F.K. Maré, Carl Ueckermann, E.W. Noyce en D.F. Petersen (sekretaris) 1). Die notule word weer in Hollands gehou. Op hierdie vergadering stel die voorsitter die vraag of al die lede ten gunste is van die oprigting van 'n skool te Heidelberg volgens die nuwe onderwyswet. Almal antwoord bevestigend. Hulle het egter nie so gou daarin geslaag om 'n onderwyser te bekom nie, want eers op 1 September 1882 is die skool onder die heer B. Bouwes geopen 2).

Uit die notule blyk dat die onderwyser B. Bouwes met ywer aan die werk gespring het. By een van die vergaderings vra hy of hy nie briefies van die ouers kan eis wanneer hul kinders uit die skool afwesig was 3). Die briefies het hom in die onguns gebring, en daar is praatjies oor hom rondgestrooi. Op 18 Junie 1883 is daar dan 'n klag teen hom ingebring veral oor die briefies. Die skoolkommissie besluit om die saak uit ^{te} stel tot die volgende vergadering 4). Toe die volgende vergadering op 21 Junie geopen is, het die voorsitter meegedeel dat die vergadering belê is om die klag teen die onderwyser te behandel, maar "dat echter na het vreeselike gebeurde dat een van die partijen, de onderwijser Bouwes, zich van het leven had berooft, er geene sprake kan zijn van een onderzoek" 5).

Die volgende het gebeur: Toe die kinders een oggend by die skool kom, het hulle die deur gesluit gevind. Een van die seuns van F.K. Maré het sy vader gaan roep. Die deur is oopgebreek, en aan een van die balke het die dooie liggaam

1) Notulen, 147 - 148.

2) Ibid., 151.

3) Ibid., 158.

4) Ibid., 162 - 163.

5) Ibid., 165.

van die onderwyser gehang met 'n briefie daarby, wat min of meer soos volg gelui het: "Liewers my lewe, as my eer verloor" 1).

Ds. Van Warmelo en die lede van die kommissie het nie gerus voordat hulle die onskuld van die onderwyser vasgestel het nie. 'n Besluit is toe deur die kommissie geneem dat die voorsitter 'n geskrif moes opstel en op die volgende vergadering vir ondertekening voorlê en om te publiseer "ten doel hebbende om den overledene van allen blaam te zuiveren" 2).

Weer het daar 'n paar maande verbygegaan voordat 'n geskikte applikant vir die skool op Heidelberg gevind kon word. Eers op 20 November 1883 gee ds. Van Warmelo kennis dat die dorpskool op dieselfde dag heropen het met mnr. A.J.J. Celliers as onderwyser 3). Toe ds. Van Warmelo die skool op 21 Februarie 1884 geïnspekteer het, was daar 25 leerlinge op die rol en is oor al die vakke gunstig gerapporteer 4).

Later is mev. E.E.M. Budgen aangestel om Celliers met die Engels in die skool behulpzaam te wees 5). Op 25 Januarie 1886 het A.J.J. Celliers eervolle ontslag gekry omdat hy 'n betrekking in die goewermentsdiens aanvaar het 6). Mev. Budgen was sedert 1884 nog altyd aan die skool verbonde en het nou by die vertrek van Celliers van die skoolkommissie die reg verkry om die skoolgebou vir 'n privaatskool te gebruik totdat daar weer 'n goewermentsonderwyser aangestel word 7).

In April 1886 is die aansoek van C.A. van Niekerk van Ermelo aanvaar 8). Dit was 'n ongelukkige keuse, want na slegs sewe maande moes die kommissie van hom rapporteer dat hy 'n "mislukking van den arbeid" gemaak het 9).

1) Meegedeel deur mnr. Ferdinand Mare, seun van F.K. Mare.

2) Notulen, 165 - 167.

3) Argief: O.D.-stukke Band 2, brief van ds. Van Warmelo gedateer 20 November 1883.

4) Verslag van die Superintendent van Onderwys 1883, Inspeksierapporte.

5) Notulen, 194.

6) Ibid., 193.

7) Ibid., 194.

8) Ibid., 196.

9) Ibid., 200.

Uit die notule van die kommissie blyk dat daar gedurende hierdie tyd ook nog privaatskole bestaan het wat goed gevorder het 1). Die goewermentskool wou in hierdie tyd nie vlot nie. Die toestand van die goewermentskool het ds. Van Warmelo gehinder, en hy het na die oorsake van die agteruitgang begin soek. Reeds in Julie 1886 het hy gesê dat „dorpsbewoners hunne kinderen meerendeels Engelsch willen laten onderwyzen" 2).

Om die skool op 'n beter voet te plaas het ds. Van Warmelo weer die skoolkommissie op 31 Oktober 1887 byeen-geroep, nadat dit op 30 Julie 1886 laas byeen was. Hulle bespreek die vraag of hulle die reg sou hê om 'n Engelse skool op te rig, maar dit word afgestem. Hulle sou probeer om onder die bestaande skoolwet hulle doel te bereik 3).

Ongeveer op hierdie tydstip het daar ander verwikkelinge begin wat die aandag van die skoolkommissie geveerg het. Landdros F.K. Maré, wat in Oktober 1887 as lid van die skoolkommissie bedank het 4), het in Oktober 1888 'n brief aan die kommissie geskryf waarin hy die skoolgebou te huur vra vir die regering „ter herbergings van de rijdende Politie" 5).

Die kommissie het hulle bereid verklaar om die gebou af te staan, mits die regering 'n ander stuk grond voorsien en verder 'n bedrag geld sal toestaan vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou 6). Op 'n vergadering van 13 November 1888 word kennis geneem dat die regering besluit het om die skoolgebou te koop teen 'n bedrag van £1500 en dat die landdros, F.K. Maré, aangebied het om 'n erf af te staan waarop die nuwe skool gebou kan word op voorwaarde „dat de Hollandsche taal daarin zal worden onderwezen" 7).

1) Notulen, 212, 213.

2) Ibid., 198.

3) Ibid., 199 - 201.

4) Ibid., 201.

5) Ibid., 202.

6) Ibid., 202.

7) Ibid., 206.

Op 27 Desember 1888 is die volgende besluit geneem in sake die nuwe gebou wat opgerig sou word: "Het schoolgebouw moet ingericht worden voor zeventig kinderen; er moet ruimte zijn voor twaalf kostleerlingen, die twee slaapkamers nodig hebben, zes voor iedere slaapvertrek". Die koste moet nie meer as £1400 bedra nie. Die gebou sou op erf nr. 61 opgerig word 1). Dit is die erf waar die huidige publieke skool vandag staan.

Op 14 November 1890 is die nuwe skoolgebou deur die kommissie in ontvangs geneem. P.J. Möller en E. Landsberg, twee onderwysers wat 'n geruime tyd lank privaatskole op die dorp gehad het, is toe aan die nuwe skool aangestel. Möller sou die hoof wees 2).

Vanaf die vertrek van A.J.J. Celliers in Januarie 1886 het die dorpskool agteruitgegaan. Tydens die jare 1886, 1887 en 1888 vermeld die jaarverslae van die Superintendent dat daar geen dorpskool op Heidelberg bestaan nie 3). Uit die notule van die skoolkommissie is dit ook duidelik dat daar sedert die vertrek van C.A. van Niekerk in 1886 geen goewermentskool was nie tot dit weer in November 1890 onder Möller en Landsberg in die nuwe gebou heropen is 4). In die jaarverslag van 1889 word daar gemeld dat twee dorpskole op Heidelberg bestaan. Dit is die skole van P.J. Möller en E. Landsberg. Albei die skole is ook op 5 Mei 1890 deur inspekteur C.G. de Jonge geïnspekteer. In die rapporte word vermeld dat die skool van E. Landsberg vanaf 7 Februarie 1889 bestaan en die van P.J. Möller vanaf 23 Julie 1889.

Die ywer en volharding waarmee die skoolkommissie van die dorpskool onder die leiding van ds. Van Warmelo vanaf 1868 gewerk het, is dan eindelik in November 1890 beloon, toe die skool in die nuwe gebou onder bogenoemde twee onderwysers heropen het.

1) Notulen, 209, 211.

2) Ibid., 213, 214.

3) Verslag van die Superintendent van Onderwys 1886, 1887 en 1888.

4) Notulen, 199 - 218.

Uit die notule blyk dat die skool onder die twee nuwe onderwysers goed gevorder het. Dit was seker vir ds. Van Warmelo 'n groot blydschap om nog hierdie herlewing in die skool te kon belewe, want op 21 April 1892 is hy oorlede 1). In die skoolkommissievergadering van 27 April 1892 het die waarnemende voorsitter, ds. P.L. Snyman, by die opening eers 'n paar minute gewy aan die nagedagtenis van die oorledene 2).
(11) Wykskole 1882 - 1891:

Dit was veral in die distrik dat die ontwaking op onderwysgebied hom duideliker openbaar het. Dit is jammer dat 'n mens nie notuleboeke en ander stukke oor die plaasskooltjies kan opspoor nie. Die geskiedenis van hierdie skooltjies kan ons maar alleen aflei uit briewe en verslae wat in die staatsargief te Pratoria gevind word. Dit gee maar 'n baie onvolledige beeld van die werklike geskiedenis.

Dit wil voorkom of ds. N.J. van Warmelo as predikant van die distrik ook veel gedoen het deur leiding te gee by die oprigting van skole. Op 14 Augustus 1883 gee hy kennis van die sluiting van die skool te Kliprivier; op 25 September 1883 gee hy kennis van die opening van 'n skool te Klippoort met 24 kinders onder J.W. Spruyt; op 19 November 1883 en 8 Januarie 1884 stuur hy verslae oor dieselfde skool aan die Superintendent; op 28 Julie 1884 stuur hy die driemaandelikse state van die onderwyser H. van Haarst, Wyk Kliprivier, en op 1 Desember 1885 en 26 Junie 1886 vra hy driemaandelikse state vir drie ondersteunde skole 3). Dit is 'n bewys dat die predikant voeling gehad het met die meeste van die wykskole. Die samestelling van die meeste skoolkommissies toon ook dat die kerk verantwoordelik was vir die oprigting daarvan.

Ek wil nie probeer om hier 'n beskrywing van elke wykskool te gee nie maar sal slegs van 'n paar skole die feite

1) Engelbrecht: Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 39.

2) Notulen, 247.

3) Argief: O.D.-stukke, Band 2 en 3, briewe van ds. Van Warmelo aan S.G.O.

aanstip wat kenmerkend van die meeste wykskole was.

In 1882 het daar 'n skool te Kliprivier bestaan onder die heer N.H. Pannevis. Op 21 November 1882 skryf C.L. Neethling (waarskynlik die sekretaris van die skoolkommissie) 'n brief aan die S.G.O., waarin hy namens die skoolkommissie versoek dat 'n hulponderwyseres, "die goed zingen en Engelsch kan onderwyzien", teen 'n salaris van £90 tot £100, vanaf 25 Januarie 1883, wanneer die nuwe kwartaal begin, aangestel moet word l). Van belang is hier die feit dat 'n plaasskool so groot is dat 'n hulponderwyseres geregverdig word en tweedens dat die plaasouers ook al daarna strewe om hul kinders Engels te laat leer. Op dieselfde dag skryf die onderwyser N.H. Pannevis ook 'n brief om die ontvangs van skoolboeke te erken. Ek noem die lys van boeke hier volledig omdat ons kan aanneem dat dit min of meer 'n weergawe is van die boeke wat in hierdie jare in die skole gebruik is:

H. te Winkel: Geschiedenis des Vaderlands,
 E.J. Veenedaal: Allerlei Proza en Poëzie,
 E.J. Veenedaal: Uit het Delfstoffenrijk,
 P.J. Kloppers: Leesboek voor de middelste klasse. Bekeken en Belusten,
 J.A. van Dijk: Leerboekje der Nederlandsche Spraakkunst,
 R. Visser: Het eerste Leesonderricht,
 F. Bruins: De Praktiese Taalmeester,
Schoolboekjes der Ned. Herv. Diak. Scholen Rekenboek,
 P. Best: Tijdsfel der Geschiedenis van het Vaderland,
 P. Best: Grondbeginselen der Aardrijkskunde,
 F. Gulbelling: Geschiedenis van Nederland,
 P.H. Giest: Chronologisch overzicht van de Geschiedenis des Vaderlands,
 F.A.R. Svoltering: Rekenkundige Opgaven,
 J. van Zanten: Ons Vaderland,

l) Argief: O.D.--stukke, Band 2 brief Neethling aan S.G.O.

P.R. Bos: Atlas voor de Volkschool,
Uw en Mijn Cijferboekje 1).

Uit bostaande lys is dit op te merk dat daar toe alreeds 'n taamlke verskeidenheid boekies was om uit te kies, hoewel die inhoud daarvan natuurlik gladnie rekening gehou het met die belangstellingsrigting van die Transvaalse kinders nie.

Op 14 Augustus 1883 gee ds. Van Warmelo kennis dat die skool te Kliprivier plotseling gesluit het, aangesien die heer C.L. Neethling die gebou vir 'n winkel wil gebruik en daar geen ander gebou beskikbaar is nie. Op hierdie tydstip was daar werklik twee onderwysers aan die skool, naamlik N.H. Pannevis en 'n sekere ? Bosman 2). In November 1884 het N.H. Pannevis weer 'n skool in dieselfde omgewing geopen 3), en volgens die inspeksierapporte vervat in die jaarverslae van die Superintendent, het hy daar gebly tot ten minste teen die einde van 1886.

'n Paar ander onderwysers wat in hierdie tydvak betreklik lank in die distrik Heidelberg diens gedoen het, was J.W. Spruyt op Klippoort vanaf 11 Augustus 1883 tot in 1886, F.J.A. Pentz aan verskeie skole vanaf 1883 tot 1887, J.E. Norden aan verskeie skole vanaf 1886 tot 1888 en mev. E.E.M. Budgen aan verskeie skole vanaf 1884 tot 1888 4).

Vanaf 1882 tot 1891 het daar op die volgende plase vir korter of langer tydperke skole bestaan: Driefontein, Dwarsfontein, Nootgedacht, Klippoort, Maraisdriest, Oog van Kliprivier, Misgunt, Faraosfontein, Witpoort, Wolvenfontein, Doornfontein, Rietfontein, Klipspruit, Olifantsvallei, Hartzenbergfontein, Kookfontein, Slangfontein, Vlakfontein, Diepkloof, Schoongesicht, Witbank, Alwynspoort, Elandsfontein, Klipriviersberg, en Greylingstad 5). 'n Groot getal van genoemde plase was geleë langs die Kliprivier of in die nabyheid van die rivier en maak nou deel uit van die distrik Vereniging.

1) Argief: O.D.-stukke, Band 2 brief Pannevis aan S.G.O.

2) Ibid., brief Van Warmelo gedateer 14.8.1883.

3) Ibid., brief Pannevis gedateer 25.10.1884.

4) Ibid., briewe en jaarverslae van die S.G.O.

5) Ibid.

Volgens die jaarverslae van die Superintendent het in die tydperk tot 1887, in die jaar 1884 die grootste aantal wykskole bestaan, naamlik tien. Die daarop volgende drie jaar het die getal wykskole afgeneem, maar vanaf 1888 vind daar 'n geweldige styging plaas, toe daar teen 'n groot tempo skole op die geproklameerde goudvelde van Johannesburg en omgewing begin ontstaan het. Aangesien ek nie die skole van die Witwatersrand in hierdie verhandeling bespreek nie, kan ek nie gebruik maak van die statistieke vir die getal wykskole vanaf 1888 nie. Die statistieke vir die getal wykskole vanaf 1883 tot 1887 is die volgende 1):

<u>Jaartal.</u>	<u>Getal wykskole.</u>	<u>Totale getal leerlinge.</u>
1883	4	73,
1884	10	148,
1885	5	89,
1886	7	110,
1887	2	52,
1888	21	675.

In bostaande tabel het ek ook die aantal wykskole en die totale aantal leerlinge vir 1888 aangestip om aan te toon hoe vinnig die styging was vandat die skole van die goudvelde bygekom het. Uit briewe wat ek in die argief kon opspoor, blyk dat in die distrik Heidelberg, afgesien van die goudvelde, daar in 1888 sewe wykskole bestaan het. In die loop van die jaar was daar op minstens elf plase skole, maar drie van die onderwyzers het gedurende die jaar op drie verskillende plase skool gehou 2).

Elke skoolkommissie het 'n huishoudelike reglement opgestel, wat aan die Superintendent voorgelê is. As 'n voorbeeld van hoe so 'n reglement oor die algemeen gelui het, gee ek hier die reglement van die skool te Witpoort:

1. Geen ouer mag sy kind uit die skool neem, voordat hy een maand vantevore aan die onderwyser daarvan kennis gee het nie.

1) Jaarverslae van die Superintendent vir die betrokke jare.
2) Argief: O.D.-stukke, Band 4, briewe.

- ii. As 'n ouer dit doen, sal hy onderhewig wees aan 'n boete van 10/- en moet hy boonop nog die skoolgeld vir 'n maand en die subsidie wat van die regering vir 'n maand ontvang sou word, betaal.
- iii. Die ouers moet sorg dat die kinders altyd "schoon gewaschen en gekamd" op skool kom.
- iv. Die skoolkommissie sal die skool elke kwartaal inspekteer.
- v. Gedurende die winter sal die skoolure wees van 10 vm. tot 1 nm. en van 2 tot 4 nm.
- vi. Vakansietye sal die volgende wees: 22 Desember tot 15 Januarie; verder 6 Februarie, 27 Februarie, 24 Mei, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Pinkstermaandag, en agt dae voor elke driemaandelikse Nagmaal; dan ook 10 Oktober (Presidentsverjaarsdag) en 20 Januarie (verjaarsdag van die Kommandant-Generaal 1).

By hierdie reglement kan ons nog 'n paar ander bepalings byvoeg wat dikwels in die reglemente van skoolkommissies voorgekom het:

- i. Die skool staan oop vir alle blanke kinders van watter kerkgenootskap ookal.
- ii. Die onderwyser moet sorg vir 'n geskikte gebou en meubilair tot bevrediging van die kommissie.
- iii. Die onderwyser moet die kinders drie dae in die week katekiseer 2)

(iii) Wanpraktyke by die stigting van wykskole:

Die stelsel van toelaes per kind het ongelukkig ook wanpraktyke in die hand gewerk. Ten einde die subsidie te bekom is kinders dikwels te vroeg skool toe gestuur en in ander gevalle weer te lank op skool gehou. In die inspeksierapport van ds. Van Warmelo oor die skool Oog van Kliprivier op 14 April 1886 merk hy op dat die leeftyd van die leerlinge

1) Argief: O.D.-stukke, Band 2, Huishoudelike Reglement, Witpoortskool.

2) Ibid., Misguntskool.

wissel van 5 tot 17 jaar, en almal kry slegs laer onderwys. Hier het ons dus kinders wat, vir daardie tyd altans, baie jonk skool toe gestuur is, terwyl die sewentienjariges weer baie oud was vir 'n laerskool 1).

Ook is 'n sertifikaat vir behoeftigheid alte maklik verkry, waardeur 'n kind in staat gestel is om die skool gratis te besoek. So skryf die skoolkommissie van die skool te Misgunt byvoorbeeld dat hulle wyk meer arm mense bevat as enige ander wyk in die Republiek en dat hulle "niet kwalijk" moge genomen worden, wanneer zij verplicht is, de mildheid der Regering op de proef te stellen" 2).

Dit het ook gelei tot naywer en kleinlike vitterigheid. Die sekretaris van die skoolkommissie van Misgunt skryf byvoorbeeld aan die Superintendent en kla dat 'n sekere T. van Deventer 'n opposisieskool 'n halfuur van Misgunt af wil oprig om die subsidie te kry. Dit sou dan beteken dat daar drie skole naby mekaar sal wees, wat maklik net een skool kon wees. Om meer krag aan sy klag te verleen beweer hy dat T. van Deventer se huis nie sindelik genoeg vir 'n skool is nie en dat die onderwyser 'n wegloper en rondloper en onbekwaam is 3). Uit hierdie klagte sien ons dat skole en groepies mense mekaar geopponeer het in plaas van saam te staan, en dit net om die subsidie in die hande te kry.

(d) Inspeksierapporte 1883 tot 1891:

Op die inspeksierapporte kan ek nie in besonderhede ingaan nie. Ek wil hier maar net in breë trekke aanstip wat ons by die deurlees van die rapporte leer aangaande geboue, meubels en uitrusting; vakke wat geleer is, en wat die stand van die onderwys was.

In Heidelberg is die inspeksie van skole gedurende hierdie jare byna hoofsaaklik deur ds. Van Warmelo waargeneem, op 'n paar skole na wat in 1887 en 1888 deur die waar-

-
- 1) Verslag van die Superintendent van Onderwys 1885, Inspeksierapporte.
 2) Argief: O.D.-stukke, Band 2, brief Strydom, ged. 1.7.1884.
 3) Ibid., brief Strydom, ged. 15.1.1885.

nemende Superintendent, H. Stiemens, en deur die Superintendent, ds. S.J. du Toit, in 1890 geïnspekteer is.

By alle rapporte word in die eerste plek 'n paar opmerkings oor die skoollokaal, meubels, skryfbord en werkrooster gemaak. Ons kan aanneem dat oor die geboue en meubels nie te streng geoordeel is nie. Tog kan ons aanneem dat die skoolgeboutjies en meubels oor die algemeen maar primitief was, vergeleke by ons geboue en meubels van vandag. By baie skole het 'n skryfbord ontbreek. In die begin was baie onderwysers ook sonder 'n werkrooster.

Oor die vakke: Bybelgeskiedenis, Lees, Skrif, Rekenkunde en Sang word daar altyd noukeurig gerapporteer. Soms word daar ook aanmerkings gemaak oor taalkunde en spelling. Die goeie word aangeprys, maar waar die werk tekortskiet, word dit onomwonde gerapporteer.

Dit is opvallend watter vrugte die inspeksies afgewerp het. Oor onderwysers oor wie se werk by 'n eerste besoek maar 'n swak rapport gelewer is, word in die meeste gevalle by die tweede besoek baie gunstiger gerapporteer. By die tweede besoek ontbreek die werkrooster ook gewoonlik nie meer nie.

Uit die rapporte blyk dit ook dat die gereelde skoolbesoek baie te wense oorgelaat het. By 'n inspeksie te Misgunt op 15 April 1885 is daar van 30 leerlinge maar 11 teenwoordig. Die ander is afwesig "wegens de miellieoogst, volgens den onderwyzer". By die meeste skole was daar heelparty kinders afwesig tydens die inspeksies.

Oor die algemeen was die peil van onderwys nog baie elementêr. Dit is te verstaan as ons onthou watter gebrek aan noodsaaklike leermiddels daar was, om nie eens te praat van bykomstige hulpmiddels wat ons vandag tot ons beskikking het nie. Daarby moet nog onthou word dat die kinders van kleins

af in 'n vreemde taal moes leer lees en skryf en dat hulle alles deur die vreemde moes leer van onderwysers wat meesal ook nie toegeerus was met die nodige kennis en opleiding nie 1).

2. ONDERWYS IN HEIDELBERG ONDER MANSVELT, 1891 - 1899.

(a) Mansvelt as Superintendent van Onderwys:

Na die aftrede van ds. S.J. du Toit as Superintendent van Onderwys in 1891 het die Volksraad die heer N. Mansvelt, destyds professor in Hollands aan die Victoria-Kollege, Stellenbosch, as sy opvolger benoem 2). Dr. Mansvelt se taak was nie maklik nie, want onder die waarnemende Superintendent, H. Stiemens, het die dissipline verslap. Deur die maklike wyse waarop die subsidie uitbetaal is, het bedrog by die verkryging daarvan al 'n taamlike omvang aangeneem. Die publieke opinie en gewete het in 'n rigting begin ontwikkel wat heelwat takt van die nuwe Superintendent sou vereis om dit in die regte bane te lei. Buitendien het daar sedert die Burgers-regime 'n gevoel teen die Hollanders ontwikkel en het die Engelse pers in Transvaal openlike aanvalle op hulle geloods. Aan die anderkant was dr. Mansvelt toe alreeds sestien jaar in die land en het sy standpunt in die verlede ook in sy guns getel 3).

(b) Herformulering van die onderwyswetgewing:

Toe dr. Mansvelt teen die einde van 1891 die Onderwysdepartement oorgeneem het, het hy met ywer en vasberadenheid begin werk. Daar het reeds lankal by die Volksraad die be-
geerte bestaan ^{om} die Onderwyswet te hersien, en gevolglik het die nuwe Superintendent by sy diensaanvaarding dadelik die opdrag gekry om 'n nuwe onderwyswet op te stel. Die konsepwet is reeds in die staatskoerant van 5 Februarie 1892 gepubliseer. Die Volksraad het 'n kommissie aangestel om die konsepwet te behandel en rapport uit te bring. Op 5 Mei 1892 was die rapport gereed, en nadat enige wysigings aange-

1) Verslae van die Direkteur van Onderwys 1883 - 1891, In-speksierapporte.

2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 58.

3) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 174, 175.

bring is, is dit op 1 Junie 1892 in die staatskoerant gepubliseer as Wet No. 8 van 1892 1). Die nuwe onderwyswet bestaan uit 77 artikels met 'n bylae A van 4 artikels. Die artikels is ingedeel onder drie hoofde: „Algemene Bepalinge“, „Besondere Bepalinge vir die laer en middelbare Onderwys“ en „Besondere Bepalinge vir die Hoër Onderwys“.

Die „Algemene Bepalinge“ stem hoofsaaklik ooreen met die van die Wet van 1882, met uitsondering van die bepalinge oor die berekening van die subsidie en die oor die sentrale beheer van die onderwys. Kragtens hierdie Wet sal die Superintendent bygestaan word deur 'n Sekretaris van Onderwys en ook soveel klerke as deur die werkseamhede vereis word. Die toesig oor die onderwys in die skole en oor die onderwysers sal gehou word deur inspekteurs van onderwys, van wie daar vier sal wees, elk met 'n eie werkkring. Hulle moet die skole in hul gebied twee keer per jaar inspekteer en daaroor aan die Superintendent rapporteer. Die aanstelling van die inspekteurs en die kantoorpersoneel geskied op voordrag van die Superintendent deur die regering.

Onder die „Besondere Bepalinge vir laer en middelbare Onderwys“ is daar artikels wat as 'n groot verbetering op die vorige wet beskou kan word: Geen subsidie sal gegee word aan nuut opgerigte en oortollige skole nie en geen subsidie sal gegee word aan skole wat nie onder toesig van 'n skoolkommissie staan nie. Die kommissie sal bestaan uit drie tot vyf lede en sal gekies word deur die vaders van die gesinne wat binne redelike afstand van die skool woon, en alle mans wat 'n bevredigend bydrae aan die skoolfonds gee. Die kommissies sorg vir die geboue en die toebehore en stel die onderwysers onder goedkeuring van die Superintendent aan.

Die subsidie sal soos volg bereken word: Die bedrag van drie-maandelikse toelae word bereken volgens die totale

1) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 177 - 179.

bedrag van skoolgelde en vrywillige bydraes tot die skoolfonds op die basis van £5 vir elke £2, tot 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys. Daar sal geen buitengewone toelae vir gratis leerlinge meer wees nie. Die toelae word aan die einde van elke skoolkwartaal uitbetaal na ontvangs van die skoolstate en inspekteursverslae 1).

Hollands sal die voertaal wees, behalwe by die onderrig van vreemde tale. Vreemde tale kan onderrig word van die derde standerd af, en slegs drie uit vyf-en-twintig skoolure kan in die laerskool daaraan bestee word en in die middelbare skool slegs vier uur. Alle leerboeke moet in Hollands geskryf wees, behalwe in die geval van vreemde tale. Die kommissie en onderwysers is vry in die keuse van skoolboeke, maar van tyd tot tyd sal die Superintendent 'n lys van boeke aanbeveel en teen 'n vasgestelde prys in voorraad hou 2).

Die taak van dr. Mansvelt was om die administrasie van die openbare onderwys in die Transvaal op 'n gesonde werkende grondslag in te rig. Deur 'n verbeterde departementele organisasie het hy die nuwe wet uitgevoer en die onderwys uiteindelik tot 'n hoë mate van bloei gebring 3).

Hy het die regte gebruik van sy inspekteurs gemaak. Hy het strengere instruksies aan die inspekteurs gegee as wat vroeër die geval was en daar is meer aandag aan hulle aanbevelings geskenk 4).

In belang van die plattelandse laer onderwys het die Onderwyswet van 1892 dus voorsiening gemaak vir:

- (i) 'n nuwe stelsel van subsidie;
- (ii) 'n nuwe stelsel van skoolbestuur;
- (iii) meer sentralisasie;
- (iv) 'n wettige prosedure om subsidie te betaal aan skole wat uitsluitend besoek word deur kinders van nie-Hollands-

1) Goetzee: Onderwys in Transvaal, 59, 60.

2) Ibid., 61.

3) Ibid., 63, 64.

4) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 177.

sprekende ouers, en

(v) 'n groot aansporing tot die verkryging van hoër onderwyskwalifikasies 1).

(c) Uitbreiding van skole in Heidelberg 1891 - 1898:

(I) Die dorpskool in Heidelberg 1891 - 1898.

Vandat die dorpskool in November 1890 in die nuwe gebou onder P.J. Möller en E.G. Landsberg heropen het, het dit bestendig vooruitgegaan, en die leerlingtal het geleidelik toegeneem. Tydens die inspeksie van Maart 1893 was die getal leerlinge 68 en was daar behalwe die twee onderwysers ook nog 'n onderwyseres, mej. A. le Roux, aan die skool verbonde. By die inspeksie van Oktober van dieselfde jaar was die leerlingtal 66 en het die onderwyseres alweer intussen vertrek. By hierdie geleentheid vermeld die inspekteur, mnr. F.P. Crotz, dat die heer P.J. Möller in September van die vorige jaar met lof geslaag het in die eksamen vir onderwyser tweede klas. In die "Skoolwedstrydeksamen" het van die tien kandidate van die skool sewe die diploma verwerf. Die inspekteur beveel dan ook vir mnr. Möller 'n honorarium van £25 en vir mnr. Landsberg 'n honorarium van £10 aan 2).

Met die koms van ds. A.J. Louw na Heidelberg in 1893 het hy bevestig dat daar weer herorganisasie by die skool nodig was. Behalwe die skool van Möller en Landsberg het daar nog twee privaatskooltjies in die dorp bestaan, een onder 'n Engelse predikant en een onder 'n dame. Möller het in 1894 na Pretoria verskuif, en die hoofskap is geadverteer. Mnr. T.A. Dönges, wat toe op Elsburg skool gehou het, is in die hoofpos bemoem en het aan die begin van 1895 op Heidelberg diens aanvaar. E. G. Landsberg het in die begin aangebly as assistent, en mej. A. Foord was die assistente 3). By die inspeksie van Augustus 1895 was die getal leerlinge op die rol 89, en die hoof, mnr. T.A. Dönges is bygestaan

1) Lugténburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 185.

2) Verslag van die Superintendent van Onderwys, 1893, Inspeksieverslae.

3) Meegedeel deur mnr. T.A. Dönges.

deur 'n assistente, mej. E. Becker, en twee kwekelinge, Ada Foord en Henning Viljoen. Die samevatting van die rapport het soos volg gelui: „De onderwijzer is ijverig" 1).

Met die inspeksie van Junie 1896 het die leerlingtal toegeneem tot 124. Die personeel bestaan uit die waarnemende hoof, mnr. A.J. Rowan, met drie assistente en 'n kwekeling. Die rapport is minder gunstig as die vorige keer. Oor die middelbare afdeling, waar mnr. Rowan onderwys gee, rapporteer die inspekteur dat artikel 27 van die Onderwyswet oortree word, aangesien die leerboeke vir Geskiedenis en Aardrykskunde Engelse boeke is 2).

Die oortreding is nie maar sommerso deur die vingers gesien nie, want die rapport lui verder: „De door den Inspecteur gerapporteerde onwettigheden hebben aanleiding gegeven tot een ernstig onderzoek, dat nog niet is geëindigd" 3). Dit is 'n bewys van die noukeurige wyse waarop die Onderwyswet toegepas is en die dissipline wat onder die beheer van dr. Mansvelt gehandhaaf is.

Vanaf 15 Januarie 1896 bestaan daar ook 'n Engelse afdeling by die Hollandse skool. Die eerste onderwyser was mnr. A.J. Rowan. Hy is opgevolg deur mnr. D.S. Smuts. Mnr. T.A. Dönges is ook die hoof van hierdie afdeling. In hierdie afdeling word die voorgeskrewe tyd aan Hollands gewy. In die inspeksieverslae van 1897 en 1898 word die afdeling as 'n aparte „Besluitskool" genoem en staan dit ook onder 'n aparte hoof 4).

Wat die skoolgebou betref, deel mnr. T.A. Dönges die volgende mee: Die gebou wat op erf nr. 61 is, is nie volgens die oorspronklike plan opgerig nie, want toe hy in 1895 op Heidelberg gekom het, het hy daar een klaskamer en 'n saal gevind. Net voor die Engelse oorlog is daar meer kamers

1) Verslag van die Superintendent van Onderwys, 1895, Inspeksierapporte.

2) Ibid., 1896.

3) Ibid., 1896, 96.

4) Ibid., 1896 - 1898.

aangebou. Toe die oorlog uitbreek, was die kamers net klaar, maar hulle kon nie eens in gebruik geneem word nie, daar mnr. T.A. Dönges saam met die ander burgers op kommando gegaan het en nie voor die einde van die oorlog teruggekeer het nie 1).

(II) Wykskole in Heidelberg, 1891 - 1898.

Wat betref die wykskole in die tydperk 1891 tot 1898, toon die verslae ook dat daar vooruitgang was. In die begin is daar 'n afname in die aantal skole en ook in die aantal leerlinge. Dit moet toegeskrywe word aan die groter mate van sentralisasie en ook aan die strenger toepassing van die wet. Onderwysers wat onder die vorige wet daarin geslaag het om subsidie vir hul skole te kry, kon dit nie onder die strenger eise van die nuwe wet regkry nie, want dr. Mansvelt het die voorskrifte betreffende kwalifikasie, subsidie, en taal strenger toegepas 2).

Hier volg die statistieke vir al die gesubsidieerde skole in Heidelberg tydens die jare 1891 tot 1895, skole op die delwerye ingesluit 3).

Jaar.	<u>Getal</u> <u>dorpskole.</u>	<u>Getal</u> <u>lle.</u>	<u>Getal</u> <u>wykskole.</u>	<u>Getal</u> <u>lle.</u>	<u>Totale:</u>	
					<u>skole.</u>	<u>lle.</u>
1891	43	2270	25	196	68	2466.
1892	18	1078	35	1154	53	2232.
1893	19	987	16	154	35	1141.
1894	18	1101	19	243	37	1344.
1895	15	1058	17	150	32	1235.

Opvallend is die aantal leerlinge wat onder die vorige wet toegang tot die skole verkry het as "ongenoegsaam" of gratis. Die getalle wat in 1891 so toegang verkry het, was vir dorpskole: ongenoegsaam 140, gratis 590, en vir wykskole: ongenoegsaam 4 en gratis 39. Vanaf 1892 het hierdie voorreg

1) Meegedeel deur mnr. T.A. Dönges.

2) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900, 186.

3) Verslag van die Superintendent van Onderwys, 1891 - 1895.

verdwyn en is daar vir sulke leerlinge in die „staatskole“ voorsiening gemaak 1).

Vanaf 1896 vind daar 'n styging in die totale inskrywing van skole plaas, totdat die aantal leerlinge in 1898 die totale getal van 1891 ver oortref, terwyl die totale aantal skole in 1896 negentien minder is as in 1891. Dit is 'n bewys van doeltreffende sentralisasie wat plaasgevind het. Hiervolg die statistieke vir alle skole in Heidelberg tydens die jare 1896 tot 1898 2):

Jaar.	Dorp- skole.	Getal lle.	Wyk- skole.	Getal lle.	Delwery- skole.	Getal lle.	Staat- skole.	Getal lle.
1896	2	101	14	153	22	1588	-	-
1897	2	126	20	222	31	2042	2	49.
1898	1	117	20	341	25	2177	3	166.

In bostaande tabel word die getal wykskole in Heidelberg apart gegee en kry ons 'n goeie indruk van die gesonde groei wat in die skole van die distrik plaasgevind het. Ek het die skole van die Witwatersrand (delweryskole) in bostaande tabel ingesluit om dit beter te kan vergelyk met die tabel vir die jare 1891 tot 1895. Gedurende die tydperk 1882 tot 1891 was die grootste aantal wykskole wat deur die Superintendentsverslae genoem word, maar tien met 'n totale leerlingtal van 148. As ons dit vergelyk met die syfers vir 1898, dan moet ons erken dat die eintlike bloeitydperk van die onderwys geval het onder die bestuur van dr. Mansvelt.

'n Feit wat van belang is, is dat die skoolbesoek in die wykskole baie beter was as in al die ander skole van die distrik Heidelberg. Ek gee hieronder 'n tabel wat hierdie stelling bewys 3):

-
- 1) Verslag van die Superintendent van Onderwys, 1891 - 1895.
 2) Ibid., 1896 - 1898.
 3) Ibid., 1896 - 1898.

Skoolbesoek; Persentasie afwesiges.

Jaar.	Dorp- skole.	Wyk- skole.	Delwery- skole.	Staat- skole.	Staatskole te Pretoria.
1896	15%	ruim 8%	byna 18%	-	-
1897	16.8%	9%	21%	25%	13.4%
1898	14.1%	8.3%	19.8%	17.5%	12%

Die gemiddelde skoolbesoek vir die wykskole oor die drie jaar was dus 91.5%, 'n syfer wat gladnie sleg vergelyk met die gemiddelde skoolbesoeksyfer vir die Transvaalse laer skole vandag nie.

Alhoewel die getal en toestand van die wykskole op die oog goed voorkom, was die toestand tog nog ver van rooskleurig en was daar nog baie kanse vir uitbreiding en verbetering. In sy verslag van 1898 sê inspekteur J. Nieuwenhuize dat Heidelberg se buiteskole nog te min is en dat die gehalte van die onderwys nog veel te wense oorlaat. Ekonomiese terugslae het die oprigting van skole vertraag. As gevolg hiervan is daar 'n grootskaalse instroming van armes na die delwerye, waar die kinders onder verkeerde toestande en sonder gebruik te maak van skole opgroei.

Die onderwys is die swakste in Rekene, Taalkunde en Vaderlandse Geskiedenis. Dit wyt hy aan die onkunde van die onderwysers. Ter verbetering van hierdie toestand beveel hy aan:

- (i) Vakansiekursusse,
- (ii) verpligte aanvullingseksamens vir onderwysers,
- (iii) die stel van hoër eise aan aspirant-onderwysers,
- (iv) toelaes aan onderwysers vir sertifikate 1).
- (d) Inspeksierapporte oor Heidelbergse skole:

Gedurende die jare 1892 tot 1898 is die inspeksies in Heidelberg waargeneem deur die volgende inspekteurs: F.P. Crotz, B.A., 1892 - 1893; C.G. de Jonge, 1894 - 1895; J.K.M. te Boekhorst, 1896 - 1897 en J. Nieuwenhuize 1898. In

1) Verslae van die Superintendent van Onderwys, 1898, Bylas 1.

hierdie tydperk is daar baie skole geïnspekteer en heelparty twee keer per jaar besoek. Ek wil hier net kortliks 'n paar algemene bevindings oor die geboue, uitrusting, leer-middele, toestand van die onderwys en bekwaamheid van die leerkragte, soos deur die inspekteurs gerapporteer, aanstip.

Geboue: Oor byna die helfte van die skoollokale op die plase word daar nog tekortkomings deur die inspekteurs gerapporteer. Sommige lokale is ruim genoeg maar het te min vensters om genoeg lig en lug in te laat; ander is weer te beknop, en in een geval was die skoollokaal nie behoorlik afgeskei van 'n slaapvertrek nie. Gelukkig is daar ook die gevalle waar die skoolvertreke as heeltemal geskik beskou is, en in die geval van Witpoort, wyk Aliprivier, het inspekteur J.K.M. te Boekhorst die skoolgebou in 1897 as 'n "sieraad" beskryf.

Uitrusting: Oor meubels en ander uitrusting is daar minder ongunstig gerapporteer. In een geval is die meubels te onvas bevind, en in een geval het sestien leerlinge om 'n lang tafel in 'n beknopte kamertjie gesit. Daar was nog enkele skole sonder 'n skryfbord, en van die skryfbord in die skool van B.H. Bot te Groenfontein het inspekteur J.K.M. te Boekhorst in 1897 gesê: "'t Bord is niet best, dient waarschijnlijk alleen voor ornament". Van die skool van S.G. Wiechers te Alwynspoort kon hy weer in dieselfde jaar getuig dat die gehele inrigting (daar was twee klaskamers) met nuwe Amerikaanse banke die onderwyser, kommissie en ander belangstellendes grootliks tot eer strek.

Leermiddele: Wat die leermiddele betref, was daar nog veel om oor te kla. Daar was nog enkele onderwysers wat sonder 'n werkrooster was. By die meeste is daar verbeterings in die werkrooster aanbeveel. Wat die leesboeke betref, het al die inspekteurs bevind dat in 'n groot aantal skole te veel soorte leesboeke gebruik word, sodat die klassikale behandeling van 'n leesles onmoontlik is. Dit het gebrek aan

doeltreffendheid en tydverlies tot gevolg. Al die inspekteurs het by verskeie skole bevind dat die Bybel en Kinderbybel as leesboeke gebruik word, selfs vir 'n standaard 1-klas. Baie onderwysers het klaarblyklik nooit gebruik gemaak van die lys van boeke wat die Superintendent van tyd tot aanbeveel het nie.

Die toestand van die onderwys: Oor die algemeen het die onderwys nog baie te wense oorgelaat. By feitlik al die skole is die ou spelmetode nog gebruik by die aanvangslessonderrig. Die inspekteurs het herhaaldelik die klankmetode aanbeveel.

Skrifonderrig het gewoonlik sonder enige metode geskied. Aan die dorpskool van Heidelberg en ook nog by een of twee buiteskole is die kursus van Van 't Hof gebruik. By die ander was daar geen metode of sisteem nie. Die inspekteurs het die kursus van Van 't Hof vir skrifonderrig aanbeveel.

Rekene is oor die algemeen swak onderwys. Die inspekteurs het baie meer praktiese en aanskoulike metodes voorgeskryf.

Oor sangonderwys is daar hier en daar waarderend gerapporteer. Inspekteur Te Boekhorst, wat blykbaar 'n neiging tot die gebruik van snedige opmerkings gehad het, het in een geval sy bevinding net in twee woorde opgesom:

"Zingen oorverscheurend".

Die bekwaamheid van leerkragte: Die oorsaak vir die swak toestand waarin die onderwys oor die algemeen nog verkeer het, moet gesoek word in die onbevoegdheid van die leerkragte wat die skole moes bedien. In 1898 het inspekteur J. Nieuwenhuize gerapporteer dat die skole op die delwerye van die Witwatersrand die bekwaamste onderwysers het. Dit is te verstaan dat die minder bevoegde onderwysers 'n heenkome op die plase moes soek.

Die hoofde oor wie se werk daar in die algemeen met waardering gerapporteer is, was die here P.J. Möller en

T.A. Dönges van die dorpskool op Heidelberg en S.G. Wiechers, wat op Alwynspoort en Kafferskraal skool gehou het. Aan almal van hulle is ook een of meer keer honorariums toegeken vir goeie resultate.

Van die ander was daar diegene wie se werk verbeter het namate hulle die inspekteurs se wenke uitgevoer het. Daar was ook diegene van wie die subsidie weggeneem moes word na die eerste inspeksie of aan wie 'n tweede kans gebied is en wat nie daarin kon slaag om beter werk te lewer nie 1).

3. KRITIESE SAMEVATTING:

(a) Die tydperk 1881 - 1891:

Vanaf die sewentiger jare het die Transvalers 'n tydperk van politieke onrus deurgemaak, totdat hulle eindelijk daartoe gedwing was om die wapens op te neem en hulle vry te veg.

Veral van 1877 af het daar maar baie min van die onderwys tereg gekom. Na die nuut herwonne onafhanklikheid het die Transvaalse regering hom beywer om te sorg vir die opvoeding en onderwys van die jeug, wat reeds te lank verwaarloos gebly het. Met die benoeming van ds. S.J. du Toit tot Superintendent van Opvoeding was die onderwys in veilige hande. Die Onderwyswet van 1882 het voorsiening gemaak vir 'n staatsondersteunde stelsel van Christelike en nasionale onderwys.

Ons vind dan dat veral die wykskole in die distrik Heidelberg vermeerder het en dat 'n groter aantal kinders as ooit tevore die voorreg gekry het om onderwys te ontvang.

Die oplewing op onderwysgebied, wat in die eerste jare na die totstandkoming van die nuwe onderwyswet, plaasgevind het, het ongelukkig nie voortgeduur nie. Na 1884 het daar weer geleidelik vermindering in die aantal skole voorgekom en is daar nie ten volle gebruik gemaak van die geleentheid wat die wet gebied het nie.

1) Verslae van die Superintendent van Onderwys, 1892 - 1898, Inspeksieverslae.

Die redes vir die agteruitgang moet gesoek word eerstens in die algemene bekwaamhede wat die Superintendent besit het, sodat die regering op baie ander terreine van sy dienste gebruik gemaak het. Onder hierdie omstandighede kon hy nie sy volle aandag aan die uitvoering en toepassing van die wet gee nie. Die heer Stiemens, wat as waarnemende Superintendent opgetree het, het nie met 'n vaste hand die leisels gehou nie, sodat die nodige dissipline ontbreek het.

Die feit dat daar nie inspekteurs was wat gereelde toesig oor die skole kon hou en aanbevelings by die Superintendent indien nie, het ook daartoe bygedra dat die onderwys nie altyd volgens die gees en letter van die wet plaasgevind het nie. Buitendien was daar 'n groot tekort aan geskikte onderwysers om die onderwys aan die kinders te bring soos die wet dit voorgeskryf het. Die stelsel van subsidie het ruimte gelaat vir misbruike en wanpraktyke.

(b) Die tydperk 1891 - 1899:

In 1891 het dr. N. Mansvelt ds. S.J. du Toit as Superintendent van Opvoeding opgevolg. Die regering het reeds lank genoeg tyd gehad om die goeie punte in die Wet van 1882 raak te sien, maar hulle het ook die gebreke daarin leer ken. By die herformulering van die onderwyswetgewing kon die foute wat in die vorige wet gemaak is vermy word. Die gevolg was die weldeurdragte Wet No. 8 van 1892.

Dr. Mansvelt het met ywer begin om die administrasie van die onderwysdepartement glad te laat werk. Hy het in sy wet voorsiening gemaak vir genoegsame kantoorpersoneel en inspekteurs om toesig oor die skole en onderwys te hou. Die inspekteurs het duidelike instruksies gekry, en die Superintendent het noukeurig op hulle aanbevelings gereageer.

Die wet is streng toegepas ten opsigte van die voorskrifte oor subsidies en taalregte.

In die begin vind ons 'n afname in die getal gesubsidieerde skole en leerlingtalle, maar geleidelik kom die styging, wat bestendig voortduur tot in 1899.

In Heidelberg is daar groot vooruitgang wat betref die dorpskool, en in die distrik groei die aantal skole en aantal leerlinge tot meer as dubbel die hoogste getalle in die tydperk 1881 tot 1891.

Ook op die gebied van skoollokale, meubels, leer-middele en metodes van onderwys is daar verbetering op te merk. Die gereelde inspeksie verskaf ook die geleenthede om deur voorligting en leiding die tekortkominge geleidelik uit die weg te ruim. Die stand van die onderwys was dus teen 1899 baie bemoedigend, as in aanmerking geneem word watter groot moeilikhede oorwin moes word.

Dit sal egter verkeerd wees om ons oë te sluit vir die gebreke wat nog bestaan het. In velerlei opsigte was daar nog gebreke in die algemene toestand van die onderwys, veral in die wykskole. Een van die grootste leemtes was die tekort aan geskikte leerkragte om die taak van die onderwys en opvoeding te kan behartig.

H O O F S T U K 5.ONDERWYS IN REEDELBERG ONDER KROCHIKOLONIE- ENSELFBESTUUR, 1900 TOT 1910.1. ONDERWYS ONDER KROCHIKOLONIEBESTUUR, 1900 - 1905.(A) E.B. Sargant as Direkteur van Onderwys in Transvaal:

In die konsentrasiekampe, waar daar so baie kinders en jongmense bymekaar was, het daar op die inisiatief privaat-skooltjies ontstaan. Ook in die krysevangenekampe in die Kaapkolonie het daar sulke skooltjies ontstaan; so is daar byvoorbeeld in die kamp te Groenpunt naby Kaapstad in Januarie 1901 so 'n skool opgerig. Dit het die Britse owerheid laat besluit om self skole in die konsentrasiekampe te stig om die onderwys onder kontrole te laat plaasvind 1). Om aan hierdie plan uitvoering te gee, is daar oorgegaan tot die vorming van 'n aparte onderwysdepartement vir die verowerde gebiede 2). In Oktober 1900 het lord Milner 'n uitnodiging aan mnr. E.B. Sargant, 'n amptenaar van die Britse Staatsdienskommissie, gerig om waarnemende direkteur van onderwys van die Vrystaat en Transvaal te word. Sargant het die betrekking aanvaar.

Sargant was 'n goed-onderlegde en bekwame pedagoog wat 'n noukeurige studie van die verskillende opvoedkundige stelsels in die Britse Ryk gemaak het. Hy was ten volle op hoogte van die belangrikste moderne opvoedkundige strominge van sy tyd. Hy was besadig en taktvol. Hy was egter ook 'n vurige patriot en 'n ywerige voorstander van rykseenheid. Hierdie eenheid van die Britse Ryk wou hy bevorder deur die kinders van die verskillende geweste - ook die Boerekinders - as ryksondersteuners op te voed. Volgens hom was die eerste plig van die

1) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 9.

2) Idem.

onderwyser(es) om die kinders te leer om die voortreflikheid en noodsaaklikheid van die eenheid van die Britse Ryk te besef 1).

Op 6 November 1900 het Sargant in Kaapstad aan wal gestap en dadelik begin met die verwesenliking van sy ideale. In die eerste maand of twee het hy hom met die administratiewe werk besig gehou. In Januarie 1901 het hy die kampskool te Groenpunt besoek. Geïnspireer deur die sukses wat hy hier waargeneem het, het hy hom na die naaste konsentrasiekamp te Norvalspont gehaas en daar die eerste goewermentskampskool opgerig 2).

Omdat Sargant om die beurt in Pretoria en Bloemfontein moes wees, is daar vir die Vrystaat en Transvaal elk 'n assistent-direkteur aangestel. Die heer W.A. Russell is in Julie 1901 in dié betrekking vir die Oranjerivierkolonie aangestel, terwyl Fabian Ware in Oktober van dieselfde jaar vir die Transvaal benoem is 3).

(3) Onderwys in Heidelberg gedurende die oorlogsjare, 1900 - 1902:

Die kampskool in Heidelberg is onstreeks Mei 1901 in die Gereformeerde Kerkgebou begin. Die hoof was 'n sekere ? Lingher (Lugier) 4), en hy is bygestaan deur vyf assistente. In Junie 1901 was die inskrywing reeds 200, terwyl dit in Julie gestyg het tot ongeveer 500. Daar het toe nog twee assistente bygekom, en 'n groot tent is opgeslaan om ruimte te verskaf 5).

Die kampinspekteur, ? Franks, sê in sy rapport van Augustus 1901 dat Lingher nie lojaal genoeg is nie en dat die hoof 'n "loyal Britisher" behoort te wees. Inspekteur

1) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 9, 10.

2) Ibid., 10, 11.

3) Ibid., 11.

4) Albei spellings van die naam kom voor, voorletters onbekend, volgens Symington, t.a.p., 38

5) Ibid., 38, 39.

J.H. Corbett het toe aanbeveel dat 'n sekere ? Durie aangesel moet word. ? Lingher was egter in November 1901 nog hoof. Hy het toe agt assistente gehad, en daar was 500 kinders op die rol. Behalwe die kerkgebou was daar nog twee seilskerms in gebruik 1).

'n Latere inspekteur van kampe, kaptein ? Bentinck, kla in sy rapport van Desember 1901 oor die swak toestand van die tente, gebrek aan banke en die swak metodes van party onderwyseresse 2).

In Januarie 1902 het daar twee Engelse onderwyseresse bygekom, en in Februarie het die aantal leerlinge op rol gestyg tot 671. Die skoolruimte het toe bestaan uit die kerkgebou, twee "Mafeking Shelters" (seilskerms) en drie tente. In Maart was die toestand van die tente so sleg dat aanbeveel is dat hulle deur nuwes vervang moes word of dat 'n sinkgebou opgerig moes word. Die kampskool te Heidelberg is op 12 Desember 1902 gesluit, en die paar oorblywende kinders is na die dorpskool oorgeplaas 3).

Die aantal name wat op die registers van die kampskool voorkom, lyk besonder hoog, maar in werklikheid was die gemiddelde skoolbesoek maar baie laag. Hier volg 'n paar syfers om die swak skoolbesoek te illustreer 4):

<u>Datum.</u>	<u>Gem. inskrywing.</u>	<u>Gem. skoolbesoek.</u>
Nov. 1901	500	330
Jan. 1902	426	346.

Buitendien was die onderwys van 'n baie swak gehalte, aangesien die onderwysers(esse) swak of gladnie gekwalifiseerd was nie 5). Daar was 'n gebrek aan akkommodasie, gebrek aan meubels, gebrek aan skoolmateriaal en veral aan geskikte leerkragte. Die gesondheidstoestand van die

1) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 38, 39.

2) Ibid., 39.

3) Idem.

4) Symington: t.a.p., 27.

5) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.

leerlinge was so swak dat min voordeel uit die onderwys getrek kon word. Die siekte- en sterftesyfer in die kampe was ontsettend hoog, veral van Mei tot Oktober 1901 1). Hierby moet nog onthou word dat die skole Engels georiënteerd was en dat die voertaal vir die onderwys van alle vakke in alle standers, behalwe vir die Bybellas, Engels was 2).

Behalwe die kampskool het daar in Heidelberg aan die begin van 1902 ook 'n skoolgeldheffende skool ontstaan 3). Dit is ook moontlik dat daar in hierdie tyd ook 'n "vry" skool ontstaan het, want na die vrede vind ons in Heidelberg twee skole, naamlik, 'n "Fee-paying School" in die nuwe gebou, wat net voor die oorlog voltooi is, en 'n "Poor School" in 'n netwerk van sinkvertrekke op die erf waar die kragstasies tans staan 4).

Watter pogings daar ookal deur die Engelse owerheid aangewend is om voorsiening te maak vir die onderwys van die Boerekinders in die kampe, is dit duidelik dat die vrugte wat dit afgewerp het, maar baie onbeduidend was.

(C) Ordonnansie Nr. 7 van 1902:

Na die Vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902, het die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat twee Britse kolonies geword. Die Onderwyswet van 1892 het saam met die onafhanklikheid verdwyn. Aan die begin was Sargant te besig met organisatoriese en administratiewe werk om tyd aan die opstelling van 'n onderwyswet te wy, maar op 25 Februarie 1902 kon die Wetgewende Raad van die Transvaalse Kolonie daartoe oorgaan om sy onderwyswetgewing goed te keur as

- 1) Symington: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, 14 - 16.
- 2) Ibid., 18
- 3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 74, 75.
- 4) Meegedeel deur mr. T.A. Dönges

Ordonnansie Nr. 7 van 1902 1).

Die Ordonnansie bestaan uit 'n kort inleiding en agt artikels. In die inleiding word die algemene beleid neergelê. Die beleid is om voorsiening te maak vir vrye laer onderwys vir blanke kinders, die verskaffing van fasiliteite vir hoër en tegniese onderwys en vir die opleiding van onderwysers. Verder sal openbare eksamens beheer word en industriele en algemene onderwys van nie-blanke kinders bevorder word 2).

Die wet self maak onder andere voorsiening vir die volgende sake 3):

- (a) Die oprigting van 'n Departement van Openbare Onderwys met 'n Direkteur van Onderwys aan die hoof; die stigting, onderhoud, inspeksie en beheer van alle soorte skole; die voorsiening van beurse vir veelbelowende leerlinge, die voorsiening van toelaes vir die oprigting en instandhouding van koshuise en weeshuise en openbare biblioteke; die afnemings van eksamens;
- (b) die voorsiening van vrye laer onderwys waar daar 'n gemiddelde skoolbesoek van minstens 30 tussen 6 en 14 jaar was.
- (c) Alle onderwysers(esse) op goewermentsskole moet 'n sertifikaat of lisensie van die Direkteur besit en moet 'n kontrak met die Onderwysdepartement aangaan.
- (d) Godsdiensonderwys in die vorm van Bybelse Geskiedenis moet in alle goewermentsskole vir laer onderwys twee uur per week en deur medium van Hollands aan kinders uit Christelike huise gegee word. Waar ouers dogmatiese godsdiens verlang, mag predikante dit een uur per week binne skoolure ook deur medium van Hollands aan hulle dooplidmate gee.

1) Coetzee; Onderwys in Transvaal, 75 - 76.
 2) Ibid., 75.
 3) Ibid., 76, 77.

- (e) Op versoek van die ouers mag Hollands as vak 3 uur per week onderrig word.
- (f) Alle privaatskole met meer as 10 leerlinge moet by die Departement geregistreer word en sal onder die regulasies van die Departement val.
- (g) Die Luitenant-Goewerneur-in-Rade mag plaaslike "Consultive and Advisory" komitees aanstel en by regulasie hul magte en pligte bepaal.

(D) Onderwysregulasies van 1903:

In die loop van 1903 is daar toe kragtens die Onderwyswet regulasies uitgevaardig vir die toepassing van die wet.

(a) Skoolkommissies.

Die eerste groep regulasies het die samestelling en pligte van die skoolkommissies omskryf. Die verkiesing van 'n skoolkommissie word deur die inspekteur gereël. Die kiesers sal wees ouers en persone wat minstens £5 gedurende die voorgaande twaalf maande aan die skoolfonds geskenk het. 'n Kommissie sal bestaan uit minstens vyf en hoogstens twaalf lede. Die Kommissie word vir 'n tydperk van een jaar gekies, maar aftredende lede is herkiesbaar.

Die kommissie sal klagtes van ouers ondersoek met betrekking tot die aard van die godsdiensonderwys, die bekwaamheid van die onderwyser, die behandeling van die leerlinge, die algemene orde en die toestand van die skool. Dit hou 'n wakende oog oor die inskrywing en skoolbesoek van die leerlinge en die vervoer van leerlinge en dien die inspekteurs van raad in verband met die skoolgebou en ander sake rakende die skool 1).

(b) Vakke-indeling en leerplanne:

Die tweede groep regulasies omskryf die besonderhede in verband met die skole; laer, middelbare en normalskole.

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 77, 78.

In die laerskool mag die kinders toegelaat word vanaf hul vierde jaar.

Die vakindeling vir die kleinkinderskole sal die volgende wees: Bybelse Geskiedenis, Engels lees en skryf, Hollands lees en skryf, Rekene, aanskouingslesse, kindertuin, Naaldwerk, Tekene, Sang en Liggaamsoefeninge 1).

Die vakke vir die hoër afdeling van die laerskool sal die volgende wees: Bybelse Geskiedenis, Engels en Hollands (lees, resiteer, skryf, komposisie en grammatika), Rekene, Tekene, Naaldwerk, Natuurstudie, Aardrykskunde, Geskiedenis, Sang en Liggaamsoefeninge.

Die elementêre kursus mag ook drie van die volgende vakke insluit: Handwerk, Tuinbou, Huishouding, Elementêre Natuurwetenskap, Algebra en Meetkunde.

Elke jaar word die kinders individueel ondersoek en word sertifikate van bekwaamheid uitgereik.

Na die onskrywing van die vakke volg die volledige leerplanne vir die laerskool. Daarna volg die besonderhede vir die middelbare skole en normaalkolleges 2).

(c) Die invoer van onderwysers(esse)

Die groot tekort aan geskikte onderwysers(esse) was een van die grootste moeilikhede waarmee die owerheid gedurende die oorlog en daarna te kampe gehad het. Die begeerte van die Britse owerheid was om die Boerekinders 'n goeie Engelse opvoeding te gee. Om hierdie doel te bereik het hul geen vertroue in die ou Republikeinse onderwysers gehad nie. Gedurende 1902 is daar oorgegaan tot die invoer van groot getalle onderwysers(esse) uit Engeland en die ander Britse geweste. Na die sluiting van die konsentrasiekampe het daar talle klein skooltjies op die plase ontstaan. Die vraag na geskikte

1) Coetzee; Onderwys in Transvaal, 78.
2) Idem.

onderwysers(esse) was dus groot. Die owerheid het toe oorgegaan tot die stigting van twee normaalkolleges in 1902, een in Pretoria en een in Johannesburg. In Maart 1903 is die twee inrigtings verenig te Pretoria onder die hoofskap van J.E. Adamson. Hy het hoof van die inrigting gebly tot hy in 1905 Direkteur van Onderwys geword het 1).

(E) Skole geopen in Heidelberg, 1902 tot 1906:

(a) Laerskole:

Soos reeds hierbo op bladsy 85 aangetoon is, het daar in die dorp self twee skooltjies bestaan toe dit vrede geword het. Hulle is albei al gedurende 1902 gestig.

Wat plaasskole betref, kry ons die volgende lys van skole wat geopen is in die tydperk 1 Julie 1902 tot 30 Junie 1903 2):

In 1902:

Oktober Bultfontein en Slangfontein,

November Uitskyk,

Desember Rietfontein en Vereeniging;

In 1903:

Januarie Hexrivier,

Februarie Vlakfontein en Witkop,

Maart Beerlaagte en Hartzenbergfontein,

April Schoongezicht,

Mei Groenfontein en Vlaklaagte,

Junie Nooitgedacht en Palmietfontein.

In die tydperk van nege maande is daar dus dertien skooltjies geopen. In 1904 het nog vier skole ontstaan, maar twee is weer gesluit 3).

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 82, 83.
 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1903.
 3) Ibid., 1904.

Uit die volgende opgawe oor die Heidelbergse skole vir die jaar 1906 1), kry ons 'n goeie indruk van die stand van die goewermentskole teen die einde van 1906:

<u>Skool</u>	<u>Gem. Inskrywing.</u>	<u>Gem. Skoolb.</u>	<u>Personeel</u> <u>(29/6/06).</u>
Heidelberg	108.3	88.0	5
Nigel	78.4	62.5	3
Vereeniging	109.7	96.9	4
Vereeniging Mines	38.6	33.4	2
Balfour	41.0	32.4	2
Beerlaagte	25.4	16.9	2
Blinkpoort-kraal	33.2	24.4	2
Bultfontein	29.1	22.0	1
De Deur	26.5	19.8	1
Greylingstad	39.8	31.7	3
Hartzenbergfontein	23.7	16.6	1
Hexrivier	33.6	29.4	3
Kaalplaas	31.0	25.5	2
Kafferskraal	34.5	27.5	1
Kliprivier	76.4	56.6	3
Leeuwkuil	41.8	37.0	2
Natalspruit	30.5	23.6	2
Schoongezicht	52.5	43.8	2
Slangfontein	46.1	34.2	2
Tamboekiesfontein	42.0	36.6	3
Uitkyk	27.5	19.1	1
Van Wyksrust	42.1	37.0	2
Vyffontein	22.3	15.2	-
Vischgat	28.6	25.2	1
Weltevreden	48.9	32.4	3
Witkop	43.3	31.0	2

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1906, Bylae X, 213, 215 - 216.

Altesame was daar dus 27 skole, en die aantal inskrywings van sommige van die plaasskole was besonder hoog. Die gesamentlike gemiddelde inskrywing vir al die skole was dus 1187.1. Dit was 'n aansienlike aantal kinders van die distrik wat die skole besoek het. Baie van bogenoemde skole val natuurlik vandag onder die Vereenigingse Skoolraad en enkeles ook onder een of ander van die Randse Skoolrade.

(b) Sekondêre Onderwys, 1904.

In 1904 het die Departement van Onderwys tot die gevolgtrekking gekom dat die middelbare onderwys in die bestaande skole nie tot sy reg kom nie. Gevolglik is daar in dié jaar oorgegaan om op verskeie dorpe, waarvan Heidelberg een was, aparte skole of afdelings vir sekondêre onderwys op te rig. Dié onderwys was nie vry nie. Die Departement het slegs 'n bepaalde subsidie per leerling bygedra. Die skoolkommissie moes volle verantwoordelikheid vir die res van die finansies dra. Die sekondêre afdeling in Heidelberg het deel uitgemaak van die bestaande skool 1).

(F) Rapporte oor die Onderwys in Heidelberg:

(a) Mnr. F.H. Thompson, 1904.

Die "District Headmaster" besoek elke skool eenmaal per kwartaal en gee algemene wenke. Die inspekteur bring 'n informele besoek aan elke skool eens 'n jaar.

Mnr. F.H. Thompson beveel aan dat die inspekteur die reg moet kry om formele eksamens af te las in skole waar hy tevrede is met die algemene vordering en die kwartaallikse eksamens van die onderwyser.

Die onderwys het gevorder in die afgelope jaar, en alle skole het geskikte geboue.

Oor die verskillende vakke rapporteer hy soos volg:

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1904 en 1906.

Hollands het verbeter maar laat nog veel te wense oor. Die tekort aan Hollandse boeke word oor die algemeen gevoel. Te min aandag word gegee aan die grammatika en komposisie.

Kindertuin: In drie van die skole, waar die onderwysers(esse) enige kennis van kindertuinwerk het, word goeie werk gedoen. Oor die algemeen is dit egter baie swak. Die tyd is nog nie ryp vir 'n goeie kindertuinstelsel nie, maar die metode om die kind deur verstandelike selfwerkzaamheid te leer, kan baie meer beoefen word.

Naaldwerk is met uitsondering van 'n paar gevalle goed. Waar mans aan eenmanskole werksaam is, is dit natuurlik onmoontlik om Naaldwerk te doseer.

Sang: Teorie van sang en musiek moet meer beklemtoon word 1).

(b) Mnr. L.M. Foggia, 1906.

Die verslag handel oor die Heidelberg-Standardon-inspeksiekring.

Daar was 'n neiging om die leerplan aan alle skole uit te brei: Tekene en Sang word aan byna al die skole gedoseer. Groter getalle kinders leer Hollands as vak, omdat daar nou meer geskikte onderwysers in diens is.

Meer kinders neem deel aan liggaamsoefeninge as gevolg van die verdwyning van die vooroordeel van Hollandssprekendes teen drill as vooroefening vir soldate. Ongeveer 80% dogters leer naaldwerk.

Vervolgens gee hy die volgende voorbeeld van 'n gemiddelde rooster aan 'n een- of tweemanskool:

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1904,
Bylae C.

<u>Vak.</u>	<u>Uur per week.</u>	<u>Vak</u>	<u>Uur per week.</u>
Engels	5	Skrif	1½
Hollands	5	Gesk. en Aandr.	1
Rekene	5	Sang	1
Pouse	2½	Aanskouingsles	1
Tekene of Naaldwerk)	2	Liggingsoefeninge	1.

Totaal 25 uur per week.

Mr. Foggin beveel aan dat onderwysers minder vakke moet gee; hulle moet die vakke uitlaat waarvoor hulle swak gekwalifiseer is.

Handwerksentrums: Hieroor word die volgende gerapporteer: Nigel sal een kry; die uitrusting het reeds uit Engeland gearriveer.

Vereeniging se sentrum val deur aangesien die getal seuns onverwags verminder het. Die uitrusting word na Modderfontein (Dinamietfabriek) verplaas.

Heidelberg moet nog wag aangesien die uitrusting nog nie aangekom het nie.

Biblioteke: Slegs nege skole besit geen biblioteek nie. Die Engelse boeke is gedurende die jaar uitgebrei deur vyf kaste boeke wat van die "Victoria League" ontvang is. Die skole het nie van die £-vir-£-toelae gebruik gemaak om die Hollandse boeke aan te vul nie.

Skooltuine: Met skooltuine is nie veel gevorder nie as gevolg van praktiese moeilikhede 1).

Uit die voorgaande twee rapporte oor die onderwys blyk dat daar in die gewerment^s skole oor die algemeen vordering gemaak is sedert die oorlogsjare. Dit lyk of meer aandag gewy is aan praktiese en kulturele vakke. Soos uit die

rapport van mr. Foggin blyk, is daar in 1906 ook 'n begin gemaak met die oprigting van handwerksentrums vir seuns. Dit was bepaald 'n stap vooruit.

Maar uit die rapporte blyk dit ook dat Hollands nog ~~maar~~ 'n minderwaardige plek in die goewermentskole moes inneem. Daar word byvoorbeeld nie eens gebruik gemaak van die geleentheid om die biblioteke uit te brei nie.

(G) Die C.N.O.-beweging tot 1906:

(a) Die ontstaan van die C.N.O.-beweging:

Gedurende die oorlogsjare het alle onderwys van Republikeinse kant tot stilstand gekom. Baie onderwysers, veral Hollanders, het gebrek gely. Onderwysers wat daar beter aan toe was, het in Junie 1901 in Pretoria 'n kommissie gevorm om hulp aan hulle noodlydende kollegas te verleen. Die kommissie het die naam "Vriendenkring" aangeneem 1).

Na die beëindiging van die oorlog in 1902 was die nood stoflik en geestelik baie hoog. Fondse is in die Kaapkolonie, deur die drie generaals in Europa en deur Boerevriende in Holland en elders gekollekteer 2). Teen die einde van 1902 het "Vriendenkring" oorgegaan in 'n breër kommissie: "die Algemene Kommissie tot behartiging van die Christlik Nasionale onderwys". Die Kommissie se taak sou wees om die onderwys na die gees en aard van die ou Transvaalse onderwyswette te handhaaf. Aan die begin van 1903 het die beweging vir "Vrye Christelik Nasionale Skole" 'n aanvang geneem. Die onderwys was vry van die beheer en inmenging van die nuwe Engelse owerheid en Christelik-nasionaal in gees en strekking 3).

Die eerste Hoofkommissie het bestaan uit die drie Hollandse predikante van Pretoria, naamlik dr. H.S. Bosman,

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 95.

2) Dönges: Toespraak opgeneem in Opwaarts, Junie 1936, 15.

3) Coetzee: t.a.p., 95.

ds. M.J. Goddefroy en ds. P. Postma, en verder die here genl. C.F. Beyers, S. Meintjies, M.E. de Wildt en A.D.W. Wolmarans. Hulle was die Departement van Onderwys vir die C.N.O.-beweging, mnr. H. Visscher, vroeër en weer later inspekteur van onderwys, was die sekretaris, en mnr. J.K.M. te Boekhorst was die inspekteur van onderwys 1).

Op sy eerste vergadering het die "Algemene Kommissie" vir C.N.O. 'n reglement vir Hollandse buiteskole opgestel en dit in 1903 saam met die "Leerplan" vir C.N.O.-skole gepubliseer 2). Die organisasie het geweldig gegroei, en die aantal skole het gestyg tot 250 3).

(b) C.N.O. - Skole in Heidelberg.

(I) Die Volksskool:

Van die C.N.O.-skole wat in Heidelberg en distrik ontstaan het, is die Volksskool, wat vandag nog onder dieselfde naam voortbestaan, die bekendste. Al die informasie oor die ontstaan en groei van die skool is vandag nog in sy argief te vind. Dit is so volledig en van so 'n groot omvang dat 'n mens oor die skool alleen 'n boekdeel kan skryf. In hierdie verhandeling sal ek dus maar net in 'n paar grepe die ontstaan en groei van die skool kan skets.

Na die Tweede Vryheidsoorlog was daar 'n groot aantal weeskinders in Heidelberg. Ds. A.J. Louw het na sy terugkeer uit ballingskap die weeskinders in 'n huis wat mnr. Cornelius Meyer kosteloos vir hulle gebruik afgestaan het, byeengebring. Mev. wed. Ockert Spruyt, wat self vyf wese gehad het, is aangestel as die eerste weeshuismoeder, terwyl 'n beroep op die gemeente gedoen is om vir die onderhoud van die wese te sorg 4).

-
- 1) Dönges: Toespraak opgeneem in Opwaarts, Junie 1936, 15
 - 2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 96.
 - 3) Ibid., 96, 97.
 - 4) Sien toespraak van mnr. T.A. Dönges in Opwaarts van Junie 1936, 15.



Die oorlogswese ten behoewe van
wie met die Volksskool in 1903
begin is. Die drie dames in die
middel is van l. na r: mejj.
Katie Human Anna Basson (die
~~eerste~~ ~~ande~~ wyseres) en mev.
wed. Ockert Spruyt (die wees-
huismoeder).



Die ondersaal van die Ned.
Herv. of Geref. Kerkgebou,
waar die Volksskool gestig is.



Ds. A.J. Louw.



Mnr. T.A. Dönges op
sy ou-dag.

Maar wat omtrent die onderwys van die wese? In die "Poor School" kon die weeskinders kosteloos opgeneem word, maar die Hollandse taal is daar as 'n vreemde taal behandel, en die godsdiensoonderrig het nie tot sy reg gekom nie. Ds. Louw het nie kans gesien om die wese na hierdie skool te stuur nie. In die geloof dat uitkoms sou kom, het hy mej. Anna Basson, 'n gesertifiseerde onderwyseres uit dietyd van die Republiek, genader om as vaste onderwyseres op te tree.

As skoolvertrek moes dien die saal onder die Ned. Herv. of Geref. Kerkgebou, destyds genoem "die grot van Addullam". Etlike kinders uit die dorp wat nie die goewernentskole wou bywoon nie, het ook aansoek om opname gedoen. Spoedig moes nog 'n onderwyseres, mej. Katie Human, ook kom help 1).

Op 24 Julie 1903 word daar 'n openbare vergadering in die saal onder die Ned. Herv. of Geref. Kerkgebou gehou, om oor die wenslikheid van die stigting van 'n "vrije school te Heidelberg" te beraadslaag. 2). Ds. A. J. Louw wat tot voorsitter van die vergadering gekies is, verduidelik die doel van die byeenkoms en beklemtoon die noodsaaklikheid om 'n skool te stig waar die ouers by monde van 'n kommissie seggenskap sal hê in die aanstelling van onderwysers en waarin hulle kinders opgevoed kan word ooreenkomstig die oortuigings van die ouers. Hy toon verder aan dat daar reeds sowat 130 vrye skole deur die volk opgerig is en dat byna 4,000 kinders in hierdie skole volgens Christelike-nasionale beginsels onderwys ontvang 3).

Na 'n lewendige bespreking is eenparig besluit "om dadelijk eene vrije school inrichting daar te stellen,

alwaar zij eene stem kan hebben in het benoemen van de onderwijzers dier kinderen en het bepalen van de leervakken voor't onderwys". In die skool sou aan Hollands en Engels gelyke aandag gegee word. Die naam van die skool sou wees "de Volksskool te Heidelberg" 1).

Tot lede van die eerste skoolkommissie is gekies: di. A.J. Louw, W.J. de Klerk en J. van Belkum en die here A.J.S. du Preez, S.J. Bronkhorst, F. Bezuidenhout sr., advokaat A. Stockenström, J. Freislich, J.C. Bosman en P.R. Viljoen.

Die opdrag aan die kommissie was om 'n reglement van orde vir die skool op te stel, geskikte lokale te verkry, onderwysers aan te stel en desverkiezend met die kommissie vir die Christelik-Nasionale Onderwys te Pretoria te onderhandel 2).

Na die verkiesing van die skoolkommissie het die vergadering eenparig besluit om 'n waarborglys te open. Vier-en-dertig persone het bedrae gewaarborg tot 'n totaal van £420 3).

Die Voorsitter het daarna die belange van behoeftige en weeskinders voor die vergadering gelê. Weer is sonder enige teëstem besluit om aandele van £5 elk aan persone te verkoop. Die bedrag moes binne drie maande na die opening van die skool betaal word. Elke aandeelhouer sou die reg hê om vir elke aandeel van £5 een kind 'n jaar lank gratis die skool te laat bywoon. Dieselfde aand nog het vyf-en-twintig persone altesame 52 aandele uitgeneem, en tot 3 Augustus 1903 is nog elf aandele deur sewe persone uitge-neem. Die bedoeling was dat die aandele sou dien om die

behoefte leerlinge in staat te stel om die skool te kan bywoon 1).

Uit die notule van hierdie vergadering blyk duidelik die geesdrif en offervardigheid waarmee al die aanwesiges besiel was. Selfs ongetroude mans het aandeel uitgeneem om behoefte kinders in staat te stel om die skool te kan bywoon 2).

Tot eerste hoof van die skool benoem die kommissie die heer T.A. Dönges teen 'n salaris van £350 per jaar 3).

Die kommissie het ook probeer om die skoolgebou wat net voor die oorlog voltooi is weer terug te kry van die regering. Al hul pogings in die verband was egter tevergeefs 4).

Die skoolgelde wat deur die kommissie vasgestel is, was as volg: Vir klasse 1 en 2 5/-, klasse 3 en 4 7/- en klasse 5 en 6 9/- per leerling per maand 5).

Met die finansies het dit in die begin moeilik gegaan.

Die skoolkommissie het by die kommissie vir Christelik-Nasionale Onderwys in Pretoria aansoek gedoen om ondersteuning 6).

Die bydrae van £1 per elke drie leerlinge is toegestaan 7). Hierdie kommissie het hulle egter aangemaan om selfstandig te word 8).

Die basaars wat deur die vrouens ten behoeve van die skool gehou is, het goed opgelewer. In 1905 byvoorbeeld het 'n basaar £326.6.10 opgelewer 9). Daar is selfs in die drie kerke een Sondag per maand vir die skool gekollekteer 10). Die geldelike toestand het dan ook geleidelik

-
- 1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 9 - 12.
 - 2) Ibid., 12.
 - 3) Ibid., 13.
 - 4) Ibid., 14, 16, 18, 21.
 - 5) Ibid., 15.
 - 6) Ibid., 17.
 - 7) Ibid., 19.
 - 8) Ibid., 26, 28, 43.
 - 9) Ibid., 44.
 - 10) Ibid., 26, 28.

verbeter, sodat die kommissie in Junie 1904 "met Dankbaarheid tot God kennis, van die vinantieële toestand der Volksskool" geneem het 1).

Die skoolkommissie het ook 'n "Huishoudelijk Reglement" vir die Volksskool opgestel (sien Bylae B.). Die Reglement het uit die volgende bestaan: 'n "Algemene Bepaling", waarin die naam, die doel en strewe van die skool vervat word. Vervolgens is daar veertien artikels wat handel oor die skoolkommissie; twee oor die voorsitter; drie oor die sekretaris; een oor die tesourier en vier oor die onderwyser. Artikel XXII bepaal: "De onderwijzers moeten zijn van goed sedelijk gedrag, van beslist Christelijke beginselen, en behoorlijk gecertificeerd".

Ten slotte is daar ook vier ander artikels oor "Verdere Belangen", waarin onder andere die skooltye en vakansies bepaal word 2).

Die Volksskool, wat aan die begin van Augustus 1903 geopen is, het vandie "grot van Addullam" verskuif na die Ned. Herv. Kerkgebou. Die gebou is met twee gordyne in drie klaskamers afgeskort. Die skoolkommissie het onderneem om elke Vrydagmiddag die skoolbanke in een hoek van die gebou op te stapel en die kerkbanke vir Sondag reg te sit. Die Ned. Herv. Kerkraad het besluit om die kerkgebou as skoollokaal te verhuur teen £1.10/- per maand 3).

Die hoof, mnr. T.A. Dönges, is van die begin af bygestaan deur twee assistente, mejl. A. Basson en K. Human. Die ontwikkeling was egter so snel dat daar gedurig meer assistente aangestel moes word, sodat toe mnr. Dönges in 1907 aangestel is as inspekteur van onderwys, die personeel bestaan het uit die hoof en sewe assistente, onder

1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 30.
 2) Ibid., 24. (oorspronklike Reglement ingeplak).
 3) Meegedeel deur mnr. T.A. Dönges.

wie mnr. S.F. Malan (later inspekteur van onderwys) en wyle dr. Tobie Muller.

Dit het nie altyd so maklik gegaan om gesertifiseerde onderwysers(esse) te bekom nie. In April 1906 is besluit om die "kweekling" J.D. Kilian aan te stel om te help teen 'n vergoeding van £2 per maand en vry onderwys vir sy eie studie, totdat hy die Normaalklas-eksamen afgelê het 1).

Genoemde Justus D. Kilian het later na die Kweekskool op Stellenbosch gegaan en was die eerste Heidelbergseun wat predikant geword het 2).

Mnr. Dönges het in 1906 met 'n normaalklas op Heidelberg begin 3). Die Klasse is in die konsistorie gehou. Dit was die begin van die Normaalkollege van Heidelberg 4). By sy inspeksie in 1906 het die heer J.K.M. te Boekhorst die gedagte uitgespreek dat "hij hoopte dat ons school een Normaal School worden zal" 5).

Die eerste resultate van hierdie normaalklas was vier onderwysers(esse), wat in 1907 begin skoolhou het met 'n "Derde Klas Onderwyzers"-sertifikaat. Drie van hulle het met lof geslaag, naamlik J.F. Jooste, Issie Kriegler en Annie Bosman. Die vierde, Susanna Brink, het "met goed gevolg" geslaag 6).

Die volkskool is van die begin af goed ondersteun, en die leerlingtal het geleidelik gestyg. In September 1905 het die getal leerlinge op om en by die 140 gestaan 7). In April 1907 het die getal op ongeveer 150 gestaan. Die getal kon baie hoër gewees het, was dit nie dat die kommissie weens gebrek aan finansies baie aansoeke moes afwys nie. In die vier jaar wat dit toe bestaan het, het

-
- 1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 58
 - 2) Meegedeel deur mnr. T.A. Dönges.
 - 3) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 58.
 - 4) Meegedeel deur mnr. T.A. Dönges.
 - 5) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 64.
 - 6) Ibid., 83, 84
 - 7) Ibid., 47.

altesaam 325 leerlinge die skool besoek. Die personeel moes by gebrek aan genoegsame middele verminder word van ses tot vier onderwysers(esse) en een kwekeling 1).

Die meeste van die leerlinge het uit goewermentskole gekom, waar baie van hulle vry onderwys kon geniet het. Baie het van buite die dorp en selfs uit ander distrikte gekom. Dit bewys dat die skool in 'n groot behoefte voorsien het. Daar het 'n kosinrigting bestaan, waarin 28 wese gratis gehuisves en versorg is deur die vriendelike hulp van die gemeentelade. Ander leerlinge het by privaat huisgesinne geloseer 2).

Die gemiddelde jaarlikse opbrangs ten behoeve van die skool het sowat £1,000 bedra. Die bedrag is saamgestel uit skoolgelde, aandele en bosaars, terwyl daar nog jaarliks op 'n waarborglys vir sowat £350 geteken is, om 'n moontlike tekort te dek 3).

Uit die notule van die skoolkommissie blyk dat die skool twee keer voor 1907 geïnspekteer is. Die eerste inspeksie het op uitnodiging van die skoolkommissie in die begin van Desember 1904 plaasgevind deur die heer R.D. Collins, hoof van Eendrachtskool, Pretoria. Sy rapport was so gunstig dat die kommissie besluit het om 'n brief aan die personeel te rig waarin hulle genoeg uitgespreek word oor die goeie resultate 4).

In 1906 is die skool deur die C.N.C.-inspekteur, die heer J.K.M. te Boekhorst, geïnspekteer. Ook sy rapport was baie gunstig, en hy het die hoop uitgespreek dat die skool nog tot 'n normaalskool sal ontwikkel 5).

-
- 1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 99
 - 2) Ibid., 99, 100.
 - 3) Ibid., 99, 100.
 - 4) Ibid., 40, 101.
 - 5) Ibid., 64, 101
-

Die goeie werk wat deur mnr. T.A. Dönges as hoof van die skool gedoen is, is deur die skoolkommissie en ouers gewaardeer. Toe hy in Oktober 1906 van sy maand lange verlof teruggekeer het, is besluit dat die lede van die kommissie, indien moontlik, almal na die stasie sou gaan om hom te ontmoet. Die dames sou vir 'n gesellige aand sorg, en 'n paar jong mans sou genader word om te kollekteer vir 'n geskenk 1). Dieselfde mate van waardering spreek ook uit die aankondiging van die voorsitter op 11 Oktober 1907, toe die heer Dönges sy ontslag aangevra het, daar hy aangestel is as inspekteur van onderwys. Die **ontslag** is dan ook "op de meest mogelijke eervolle wijze" toegestaan 2).

Die kwessie om 'n geskikte skoolgebou daar te stel het by die kommissie swaar geweg. Op 'n openbare vergadering gehou op 25 Augustus 1905 het ds. J. van Belkum die vinnige groei van die skool geskets en onder andere daarop gewys dat die inspekteur, die heer R.D. Collins, die opmerking gemaak het "dat een school als deze behoorde een beter lokaal te hebben" 3). Later in sy toespraak maak hy daarvan gewag dat die heer J.J. Bezuidenhout die kommissie verwittig het dat 'n stuk grond vir 'n skool reeds aangekoop is en dat onderhandelinge aan die gang is om 'n gebou daar op te rig 4).

Dit was veral deur bemiddeling van die Ned. Herv. of Gerref. Kerkraad dat die saak daadwerklik aangepak is. Op 2 Maart 1905 het die kerkraad 'n komitee benoem om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n skoolgebou

-
- 1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 73, 75.
 - 2) Ibid., 138, 139.
 - 3) Ibid., 47.
 - 4) Ibid., 47, 48.
-

Die drie skenkers van die Volkskoolgebou.



F.J. Bezuidenhout. W.W.J.J. Bezuidenhout. C. Meyer.



Hoeksteen-legging
van die
Volkskoolgebou.

Ingebruikneming
van die
Volkskoolgebou.



Basaar in die Gedenksaal
gehou die dag van die
ingebruikneming van die
Volkskoolgebou.



op te rig en die saak dan voor die gemeentevergadering te bespreek 1). Op 29 Mei 1905 rapporteer die komitee aan die Kerkraad dat ouderling F.J. Bezuidenhout 'n erf gekoop het, wat hy as geskenk aan die Kerk sou aanbied vir 'n volkskool. Hy sou die familie Bezuidenhout probeer oorreed "om het schoolgebouw ter herinnering aan die gesneuwelde burgers van dit district in den jongsten oorlog, op te rig" 2).

Die notule van 4 Desember 1905 vermeld die volgende mededeling van ouderling F.J. Bezuidenhout: Die erf wat hy aangekoop het vir 'n skool, is op naam van die Kerkraad getransporteer. Sy broers Barend en Willem Bezuidenhout en hul swaer Cornelis Meyer en hyself het besluit om 'n skool op genoemde erf te laat oprig. "Het was hun verlangen om op deze school het geloof en godsdienst, de zeden en de taal der voorvaderen gehandhaafd te zien". Die voorsitter het hierna sy innige dank namens die Kerkraad en die gemeente uitgespreek 3).

Op 9 Julie 1906 het ouderling Bezuidenhout die Kerkraad meegedeel dat diaken J.S. Joubert die kontrak geteken het om 'n gebou op te rig vir £3,000 4).

Op versoek van die heer F.J. Bezuidenhout het die skoolkommissie die heer A.J. Brink snr. tot lid van die Boukommissie benoem 5).

Die hoeksteen is op 27 Oktober 1906 deur die heer S.W. Burger gelê, en die program is deur 'n onderkomitee van die skoolkommissie gereël 6). Ook die program vir die "ingebruikneming is deur die skoolkommissie gereël.

- 1) Ned. Herv. of Geref. Kerkraadsnotule II, 450.
- 2) Ibid., 460.
- 3) Ned. Herv. of Geref. Kerkraadsnotule, III, 14 en 15.
- 4) Ibid., III, 36.
- 5) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 61.
- 6) Ibid., 75.

Reeds op 11 Januarie 1907 het die ingebruikneming plaasgevind. Die rede is in die Ned. Herv. of Geref. Kerk gehou deur prof. J.I. Marais van Stellenbosch. Daarna het die publiek met die kinders vooraan in optog na die skoolgebou gegaan. Die heer F.J. Bezuidenhout, die oudste van die broers, het die drie marmerstene ter gedagtenis aan die gesneuweldes onthul en daarna die deur ontsluit.

Prof. J. Lion Cachet van Potchefstroom het die skare in die saal toegesprek. Na nog enige toesprake het daar 'n verkoping in die saal plaasgevind 1). Met die opening van die skool op 15 Januarie 1907 is die gebou op plegtige wyse in gebruik geneem. 'n Groot skare was teenwoordig. Ds. A.J. Louw het almal verwelkom en 'n kort oorsig van die bestaan van die skool en sy prestasies gegee. Prof. J.I. Marais het weereens 'n rede gehou en daarna pryse en sertifikate aan die leerlinge wat die vorige jaar geslaag het, uitgedeel. Aan die einde van die verrigtinge is weer 'n basaar gehou 2).

Die ingebruikneming van die nuwe gebou was 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die Volksskool. Die skool was op hierdie stadium een van die sierlike voorbeelde van die C.N.O.-strewe.

1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 81.

2) Ibid., 82.



Personeel van

Volkskool, 1905:

Agter, van l. na r.:

mejj. Sannie Prinsloo, Katie

Human en mnr. T.A. Dönges;

voor: mejj. Anna Basson, F.S. van Huysteen (later mev.

Dönges) en C. Thom.



Personeel en
leerlinge van die
Volkskool ongeveer
in 1906.

II. Ander C.N.O.-Skole in Heidelberg.

Dit was vir my nie moontlik om enige notuleboeke in verband met die C.N.O.-skole in die distrik Heidelberg op te spoor nie. Uit die Almanakke van die Gereformeerde Kerk het ek enkele brokkies informasie oor C.N.O.-en privaatskole gekry. Uit hierdie gegewens blyk dat die privaatskooltjies waargeneem is deur ongesertifiseerde persone, terwyl die C.N.O.-skole voorsien was van gesertifiseerde onderwysers. Slegs van een C.N.O.-skool kon ek die naam van die plaas, die onderwyser en die

aantal leerlinge opspoor. Hiërdie skool was geleë te Alwynspoort (effens suidoos van die huidige Eikenhof), in die wyk van ouderling J.A. van Jaarsveld. Die onderwyser was S.G. Wiechers, besitter van 'n derdeklas-onderwysersertifikaat. In 1904 was die aantal kinders 42 1). In 1905 was die getal kinders van die Gereformeerde Kerk in die skool 38 en is Wiechers bygestaan deur 'n assistente, mej. H.E. Smit 2). In 1907 word die leerlingtal aangegee as 40 3). Vir 1906 word die getal skole in die distrik aangegee as twee C.N.O.-skole (Volkskool en Alwynspoort) en drie privaatskole in die wyk van ouderling P. Strydom 4).

Vir 1907 word behalwe Volkskool en Alwynspoort die volgende C.N.O.-skole genoem:

(i) In die wyk van ouderling A.J.S. du Preez op die plaas van D. van der Linde, met 8 kinders van die Gereformeerde Gemeente en F. de Roos, 'n gesertifiseerde, as onderwyser;

(ii) op die plaas van P. Ras, met 3 kinders van die Gereformeerde Gemeente, met M. Viljoen, as gesertifiseerde onderwyser;

(iii) op die plaas van J. van Wyk, met J.J. Hauptfleisch (Interned. B.A.) as onderwyser;

(iv) in die wyk van ouderling W.A. Ackerman sou binnekort 'n C.N.O.-skool geopen word 5).

Die volgende persone wat opgetree het as onderwysers(esse) van privaatskole, word genoem: J. du Toit ('n Blinde), B. Bouwer, ? Odendaal, mejj. A. Steyn en ? Van Heerden. Hulle was almal ongesertifiseerd. In Odendaal

1) Almanak voor de Geref. Kerk, 1904, 71.
 2) Ibid., 1905, 71.
 3) Ibid., 1907, 72.
 4) Ibid., 1906, 67.
 5) Ibid., 1907, 72. 73.

se skool te Braklaagte was daar in 1907 20 kinders 1).

Tydens die onderhandelinge met die Onderwysdepartement in 1907 insake die oornome van die C.N.O.-skole het daar sewe C.N.O.-skole in die distrik Heidelberg bestaan, naamlik: Langzeekoegat, Nooitgedacht, Hartebeestfontein, Rustoord, Damplaats, Elandsfontein en Alwynspoort 2).

Dit bewys die feit dat die C.N.O.-strewe nie alleen tot Heidelberg-dorp beperk was nie. Die skole was verspreid oor die hele distrik en lewer die bewys dat ook die mense op die plase besied was met die gees om toe te sien dat hul kinders ooreenkomstig hulle oortuiging opgevoed word. Dit is te verstaan dat die opofferings wat die plaasouers hulle sou moes getroos, groter sou wees as die van die dorpenaars. Die getalle was kleiner en dit het moeiliker gegaan om 'n onderwyser(es) te bekostig. Buitendien was daar baie praktiese moeilikhede, soos byvoorbeeld afstand van die skool, die gebrek aan 'n geskikte skoolgebou ensovoorts. As al hierdie moeilikhede in ag geneem word, is die sewe skole wat in stand gehou is, 'n redelike prestasie.

2. ONDERWYS ONDER SELFBESTUUR, 1906 - 1910.

(A) Die Onderwyswet van 1907.

Die Transvaal het op 6 Desember 1906 selfbestuur gekry. In 1907 is genl. J.C. Smuts tot koloniale sekretaris en minister van onderwys benoem. Hy het dadelik met die opstelling van 'n nuwe onderwyswet begin, wat dan ook vanaf 1 Oktober 1907 van krag geword het 3).

- 1) Almanak voor de Geref. Kerk, 1906, 68 en 1907, 73.
Voorletters van Odendaal en mej. Van Heerden onbekend.
- 2) Notulen, Boek Nr. 1. 92, en Minutes of Heidelberg District School Board, 1906-1909, 10 Mei 1907.
- 3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.

Die Smuts-wet, Nr. 25 van 1907, het voorsiening gemaak vir die oprigting en onderhoud van laerskole, gratis laer onderwys, verpligte laer onderwys vir alle kinders tussen 7 en 14 jaar en die strafbepalings in verband met skoolversuim asook die handhawing van verpligte skoolbesoek deur die skoolbesture 1). Die Wet het verder voorsiening gemaak vir middelbare skole, ambag- of industriële skole, voortsettingsklasse en die opleiding van onderwysers 2).

Wat die taalmedium betref, sou onderwys begin in die moedertaal, terwyl met die ander amptelike taal so vroeg moontlik as tweede taal begin sou word 3). By die godsdiensonderwys sou geen dogma geleer word nie 4).

Die Wet maak ook voorsiening vir skoolkommissies van 5 tot 7 lede, gekies deur die ouers van skoolgaande kinders van elke skool 5). Elke skooldistrik sou 'n skoolraad van 6, 9 of 12 lede hê, van wie een derde aangestel en die res verkies sou word. Ook word die pligte en funksies van skoolkommissies en -rade omskryf 6).

(B) Vordering op onderwysgebied in Heidelberg, 1907 - 1910:

(a) Die eerste Adviserende Skoolraad, 1906 - 1907.

In 1905 het lord Selborne adviserende skoolrade voorgestel om toesig te hou oor die onderwys in die distrikte en te dien as kanaal tussen die skoolkommissies en die Direkteur van Onderwys. Die wenk is opgevolg en in Desember 1905 is regulasies vir die samstelling en funk-

-
- 1) Statutes of the Transvaal, 1907, 166 - 170.
 - 2) Ibid., 170 - 171.
 - 3) Ibid., 172.
 - 4) Ibid., 174.
 - 5) Ibid., 187.
 - 6) Ibid., 177 - 186

sies van skoolkommissies en adviserende skoolrade gepubliseer 1).

Op 16 Mei 1906 is 'n vergadering van afgevaardigdes van die distrikskoolkommissies te Heidelberg gehou om die eerste Adviserende Skoolraad vir die distrik Heidelberg te kies. Die ses verkose lede was die here S.H. van den Berg, dr. H.B. Mannsell, J.H. Cloete, M. Sutherland, W. Harvey en F.J.C. Kruger 2).

Die drie aangestelde lede was die resident-magistraat mnr. F.L. Aitchison (ex officio voorsitter), mnr. A. van Driel en dr. E.J. Nixon. Tot skoolraadsekretaris is mnr. L.M. Foggin deur die Direkteur van Onderwys benoem 3).

Die heer Aitchison het as voorsitter opgetree tot by die vergadering van 3 September 1906, maar vanaf 4 Desember 1906 tree magistraat P.C. Cochran as voorsitter op 4).

Soos uit die notule blyk het daar van die begin af dertien skole onder die jurisdiksie van die raad geval, terwyl die stigting van nuwe skole te Rooikraal en Boschkop onder oorweging was.

Die dertien skole wat van die begin af onder die jurisdiksie van die raad geval het, was die volgende: Balfour, Braklaagte, Bultfontein, Greylingstad, Hexrivier, Heidelbergse Publieke Skool, Kafferskraal, Kraal van Blinkpoort, Nigel, Rietvlei, Schoongezicht, Tamboekiesfontein en Uitkyk 5).

Gedurende Mei - Junie 1907 het die regering ook nog vyf C.N.O.-skole in die distrik oorgeneem en onder die

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 85 - 87.
 2) Notule, Skoolraad, 16 Mei 1906.
 3) Ibid., 22 Junie 1906.
 4) Ibid., 3/9/1906 en 4/12/1906.
 5) Ibid., 3/9/1906.

jurisdiksie van die skoolraad geplaas 1).

Vanaf 26 Julie 1907 het die Raad 'n ander sekretaris in die persoon van ~~mr.~~ H. Dale 2).

Gedurende die laaste helfte van 1907 is daar tekens van 'n ontwaking en 'n groter begeerte om skoolgeriewe vir die kinders te verkry, want die Skoolraad het gedurende hierdie tyd nie minder dan twaalf aansoeke om nuwe skole onder oorweging nie 3).

Op 23 Desember 1907 het hierdie eerste skoolraad egter sy laaste vergadering gehou aangesien 'n nuwe Raad kragtens die Onderwyswet van 1907 vroeg in Januarie 1908 saamgestel sou word 4).

(b) Die eerste skoolraad onder die Smuts-wet:

Die eerste skoolraad wat saamgestel is ooreenkomstig die Onderwyswet van 1907, het uit die volgende twaalf here bestaan:

A. von Geusau (voorsitter), ds. P. Postma (~~visse~~ voorsitter), ds. A.J. Louw, eerw. P.N. Aldous, ds. J. van Belkum, D.J. Zeeman, J.H. Jacobs, W.W.J.J. Bezuidenhout, W.F. Pretorius, F.N. Leslie, E. Dunstan en F.J. Bezuidenhout jnr.

Die eerste vergadering het op 7 Januarie 1908 plaasgevind. Op hierdie vergadering is uit 33 aansoeke 'n sekretaris gekies. Die keuse het op die heer Gustav Christian Bär geval 5).

Dat die Raad sy taak met erns aangepak het, bewys die notule van die tweede vergadering, wat eintlik die eerste werksvergadering was. Dit het in drie sittings

- 1) Notule, Skoolraad, 10/5/1907.
- 2) Ibid., 26/7/1907.
- 3) Ibid., 26/7/1907 en 29/10/1907
- 4) Ibid., 23/12/1907
- 5) Ibid., 7/1/1908.

van die oggend tienuur tot die aand om halftwaalf geduur 1).

Op hierdie vergadering het die Raad hom ten gunste van sentralisasie van skole uitgespreek. Die beginsel sou by die stigting van nuwe skole in die oog gehou word, en die oprigting van klein skooltjies sou sover moontlik vermy word 2).

In hierdie beginsel is die Raad gesteun deur die inspekteur van Onderwys, mnr. T.G. Ligertwood, wat dit elke jaar in sy inspeksierapporte beklemtoon het en middele aan die hand geggee het hoe om dit te doen 3).

Die Raad het ook dadelik te doen gekry met die begeerte van die platteland om meer skole vir hulle kinders te verkry. Op sy eerste werksvergadering het die Raad die oprigting van vyf nuwe skole bespreek en voorwaardelik bekragtig. Verder het aansoeke om die oprigting van nog nege skole ter sprake gekom en oorweging geniet 4).

Die bedrywighede van die Raad sal uit die verdere behandeling van die ontwikkeling gedurende hierdie tydperk duidelik blyk.

(c) Vermeerdering van Goewermentskole in 1908 - 1910:

Teen Junie 1908 was die aantal skole in die distrik Heidelberg dertig 5). In die volgende jaar het die getal gegroei tot 37 met die vooruitsig dat dit binnekort sou uitbrei tot 40. Sestien van hierdie skole was eenmanskole. Die getal onderwysers(esse) in die distrik Heidelberg werkzaam was 67. Van hierdie getal was 51% ongesertifiseerd 6).

- 1) Notule, Skoolraad, 22/1/1908.
- 2) Ibid., 22/1/1908.
- 3) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1907, 53, en 1908, 72.
- 4) Notule, Skoolraad, 22/1/1908.
- 5) verslag van die Direkteur van Onderwys, 1908, inspeksierapport Ligertwood, 70.
- 6) Ibid., 1909, 56.

In Maart 1909 is die Normaalkollege te Heidelberg amptelik geopen en is die grondlegger van die inrigting, mnr. T.A. Dönges, as eerste hoof aangestel 1).

Die getal studente aan die kollege het toe soos volg gestaan 2):

Getal Studente gereed aan die
einde of gedurende 1909 - 16.

Getal Studente gereed aan die
einde of gedurende 1910 - 46.

Wat langer as 1910 sal bly - 5.

Totaal besig met opleiding - 70.

In 1909 het alle skoolrade in die Transvaal, op Lydenburg-Noord na, buite-beamptes aangestel om toe te sien dat die skoolwet ten opsigte van verpligte skoolbesoek nagekom word 3). In 1910 rapporteer inspekteur T.G. Ligertwood dan ook dat daar 'n verbetering in die onderwyspeil is, danksy die groter gemiddelde skoolbesoek. Die buite-beamptes doen goeie werk 4).

Hier volg 'n volledige statistiek van die Heidelbergse skole teen Junie 1909 5):

<u>Skool</u>	<u>Klas</u>	<u>Gem. Skoolbesoek</u>	<u>Gem. Inskrywing.</u>
1. Heidelberg, Normaal -		70.0	70.0
2. Heidelberg, Public	11	146.1	167.1
3. Heidelberg, Volk	11	181.0	196.7
4. Vereeniging, Town	111	85.8	98.0
5. Balfour	IVA	29.0	40.0
6. Nigel	IVA	73.1	89.1
7. Greylingstad	IVB	31.2	38.1
8. Schoongezicht	IVB	44.6	53.0

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1909, inspeksierapport Ligertwood, bylae IV, 188.

2) Ibid., 22.

3) Ibid., 17.

4) Ibid., 1910, 128.

5) Ibid., 1909, bylae IV, 198 - 200.

	<u>Skool</u>	<u>Klas</u>	<u>Gem. Skool besoek.</u>	<u>Gem. Inskry- wing.</u>
9.	Slangfontein	IVB	47.3	52.0
10.	Alwynspoort	IVC	35.0	42.8
11.	Beerlaagte	IVC	18.7	26.8
12.	Brakspruit	IVC	27.1	32.1
13.	Bultfontein	IVC	38.7	50.4
14.	De Deur	IVC	29.7	37.0
15.	Hartebeestfontein	IVC	31.3	36.0
16.	Herbstfontein 234	IVC	26.6	29.2
17.	Hexrivier	IVC	27.1	30.5
18.	Langzeekoegat	IVC	39.5	49.9
19.	Malanskraal 73	IVC	34.3	37.4
20.	Modderbult 328	IVC	33.0	35.0
21.	Nooitgedacht 100	IVC	51.9	64.7
22.	Rietvlei 190	IVC	30.4	38.8
23.	Frischgewaagd 337	IVC	25.9	32.1
24.	Waternalshoek	IVC	27.7	35.1
25.	Witkop	IVC	28.9	41.6
26.	Boschkop	IVD	23.1	27.5
27.	Damplaats	IVD	24.6	28.4
28.	Elandsfontein 281	IVD	28.0	29.0
29.	Hartzenbergfontein	IVD	28.0	33.0
30.	Kafferskraal 301	IVD	23.3	30.8
31.	Kraal van Blinkpoort	IVD	29.8	39.2
32.	Rietfontein 6	IVD	25.1	31.2
33.	Rietspruit 312	IVD	21.9	29.5
34.	Rustoord	IVD	28.3	32.6
35.	Tamboekiesfontein	IVD	28.5	34.1
36.	Uitkyk	IVD	29.0	36.2
37.	Vischgat	IVD	19.9	22.1
38.	Vlakplaats 313	IVD	28.9	33.0

Teen die helfte van 1910 staan die getal skole in die distrik Heidelberg op 42. Tot op hierdie tydstop het geen

sentralisasie nog plaasgevind nie. Dit is nog steeds in gedagte gehou 1).

Die bouprogram het ook fluks gevorder, en op 30 Junie 1910 kon die Direkteur soos volg rapporteer:

Geboue voltooi in die periode 1 Januarie 1908 tot 30 Junie 1910:

Op Nigel vir 125 leerlinge en op De Deur vir 48 leerlinge.

Geboue begin maar nog nie klaar op 30 Junie 1910:

Rustoord, skool en onderwyserswoning, Alwynspoort Nr. 249.

Geboue goedgekeur vir 1909 - 1910 maar nog nie begin nie:

Spieskloof (Frischgewaagd Nr. 337), skool en onderwyserswoning.

Geboue aanbeveel deur die Raad van Onderwys vir oprigting 1910 - 1911:

Normaalkollege, Heidelberg,
Frischgewaagd Nr. 337,
Herbstfontein Nr. 234,
Modderbult Nr. 328,
Goedgedacht Nr. 185,
Langzeekoegat Nr. 23,
Slangfontein,
Blinkpoort.

Die bogenoemde skole is egter nie almal deur die Raad vir onmiddellike oprigting aanbeveel nie 2).

(C) Inspeksierapporte, 1907 - 1910:

(a) Mnr. T.G. Ligertwood:

In sy inspeksierapporte oor die vier jaar 1907 tot

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1910, inspeksierapport Ligertwood, 127.
 - 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1910, 254, 257, 260, 261 en 262.

1910 lê mnr. T.G. Ligertwood klem op bepaalde aangeleenthede wat van groot belang is by die opvoeding en onderwys.

Oor geboue en uitrusting teken hy gereeld sy bevin-
dinge aan. In 1907 vind hy dat by baie geboue daar reeds
'n groot verbetering te bespeur is, hoewel daar nog onge-
skikte geboue bestaan. Hy keur die gebruik af om onder-
wyserswonings vas aan die skoolgebou te bou. Daar bestaan
nog 'n tekort aan goeie banke en veral aan onderwyserslesse-
naars en boekkaste. Skryfborde behoort by alle skole in-
gebou te word om ruimte en geld te bespaar. Daar is nog
te min goeie landkaarte 1).

In 1908 oefen hy weer dieselfde kritiek uit en maak
weer dieselfde aanbevelings 2).

In sy rapport van 1909 kla hy weer omdat geen
muurskryfborde in die nuwe geboue aangebring is nie. Hy
wys weer daarop dat dit verkeerd is om onderwyserswonings
vas aan die skool te bou. Beter behuising sal die rond-
trek van onderwysers teëwerk 3).

In 1910 bevind hy dat die geboue op 'n paar uitson-
deringe na almal geskik is. Landkaarte bly nog skaars en
skryfbordruimte is, behalwe in die dorpskole, nêrens genoeg
nie 4).

Inskrywing en skoolbesoek is 'n tweede saak waaroor
hy gereeld rapporteer. In 1907 merk hy reeds verbetering
in die skoolbesoek, maar in tye van drukte word kinders
nog te maklik om ongenoegsame redes uit die skool gehou.
Alleen verpligte skoolbesoek sal hierdie leemte verbeter.
Goeie kosinrigtings in die dorpe sal van groot waarde wees
om groter inskrywings en beter skoolbesoek te verkry 5).

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1907, inspek-
sierapport Ligertwood, 48 - 53.
 - 2) Ibid., 1908, 73.
 - 3) Ibid., 1909, 57.
 - 4) Ibid., 1910, 128.
 - 5) Ibid., 1907, 48 - 53.

Verpligte skoolbesoek is een van die eise van die Smuts-wet, en reeds in 1908 bevind mnr. T.G. Ligertwood 'n groot verbetering in die opsig. Dit sou egter nodig wees om iemand weens skoolversuim ten voorbeeld te straf 1). Oor die algemene peil van die onderwys skryf mnr. Ligertwood in 1910 dat daar 'n geleidelike verbetering te bespeur is, danksy die groter gemiddelde skoolbesoek. Die buit-beamptes doen goeie werk.

Die kwaliteit van die onderwyserskorps in Heidelberg was volgens mnr. Ligertwood in 1907 nie hoog nie. Drie het in Desember 1906 'n Derde Klas-Onderwyserssertifikaat aan die Normaalklas te Heidelberg behaal, maar 'n groot aantal is sonder 'n sertifikaat in die staatsdiens opgeneem, en die verhouding van ongesertifiseerdes tot gesertifiseerdes was baie hoog. Daar was 'n groot skaarste aan geskikte leerkragte by die buiteskole, as gevolg waarvan die peil van die opvoeding nadelig beïnvloed is 2).

In 1908 kla hy dat die inspekteur nie die belangrikste deel van sy taak, naamlik hulp en voorligting aan die onderwysers, kan vervul nie weens gebrek aan tyd. Die vakansiekursusse het wondere verrig, en dit is te hope dat dit na die buitedorpe uitgebrei sal word 3). In 1910 is sy rapport oor die onderwyserskorps meer optimisties. Die persentasie van gesertifiseerde personeel het toegeneem, danksy die opbuiding van leerkragte deur die normaalkollege 4).

'n Saak wat deur mnr. Ligertwood in al sy rapporte sterk bepleit word, is die sentralisasie van skole. In

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1908, 73.
 - 2) Ibid., 1907, 48 - 53.
 - 3) Ibid., 1908, 73.
 - 4) Ibid., 1910, 127.
-

1907 wys hy op die moeilikhede van die plaasmeester. Sentralisasie sou, volgens hom, die moeilikhede uit die weg ruim, maar dit moet spontaan van die publiek kom en nie deur die owerhede van bo afgedwing word nie 1).

In 1908 beklemtoon hy weer die noodsaaklikheid van een of ander wyse van sentralisasie. Hy bepleit onderstaande twee maniere om leerlinge te konsentreer:

(I) Hy staan 'n departementele transportskema voor maar noem ook tegelykertyd nadele van so 'n skema. Hy beskou dit egter as uitvoerbaar in sy kring wat feitlik vry is van perdesiekte, behalwe langs die Kliprivier. Hy gee ook planne aan die hand hoe om toesig oor die skema te hou, byvoorbeeld deur skoolraadslede of die inspekteur van onderwys.

(II) Hy keur koshuise op die platteland af omdat die toestande daar nooit goed is nie. Koshuise moet in die dorpe opgerig word vir kinders na standerd IV. Intree-eksamens vir beurse moet ingestel word. Hy noem dan ook 'n groot aantal skole wat miskien deur die toepassing van sy transportskema geamalgameer kan word 2).

In sy rapport van 1909 betreur hy die feit dat die neiging nog steeds was in die rigting van desentralisasie en die vermeerdering van eenmanskole en ongesertifiseerde onderwysers. In die dorpe is nog geen skole en koshuise vir leerlinge na standerd IV opgerig nie.

Sy suggestie van die vorige jaar van 'n transportskema het geweldige kritiek uitgelok as gevolg van 'n strawwe vrekte onder die perde gedurende die jaar. Hy doen dus

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1908, inspeksierapport Ligertwood, 48 - 53.
 2) Ibid., 1908, 72 - 73.

aan die hand 'n transportskema met donkies 1). In sy rapport vir 1910 moes hy egter maar nog aanstip dat geen sentralisasie plaasgevind het nie. Die saak word nog in gedagte gehou 2).

Oor die sportaangeleenthede by skole rapporteer hy in 1909 dat feitlik by alle skole 'n voetbal is wat die kinders rondskop, maar daar bestaan nog geen georganiseerde sport nie 3).

(b) Die Direkteur van Onderwys oor die Normaalkollege Heidelberg:

Die besoek van die Direkteur van Onderwys het plaasgevind op 21 en 22 Oktober 1909.

Daar was toe 39 mans- en 29 dames studente aan die kollege.

Akkommodasie vir klasse het bestaan uit twee kamers van die Volksskool en die saal af en toe. Nog 'n los klaskamer, wat eers as winkel diens gedoen het, word gebruik.

Studente gaan vir oefening en waarneming na die Volksskool en "Public School". Daar bestaan geen fasiliteite vir Houtwerk nie. Geboue vir die Normaalkollege is uiters noodsaaklik.

Die slaapkamers is nie te sleg nie, maar daar is geen studeersale nie. Die mans studeer in ontruimde winkelmamers, wat heeltemal ongeskik is.

Mejj. J.R. Swanston en J.F. de Vos woon saam met die dames in en mnr. F.S. Malan met die mans. Die mans het geen terrein vir ontspanning nie. Ten spyte van hierdie ongeriewe is losieshuise nie so noodsaaklik as klaskamers nie.

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1909, 56.

2) Ibid., 1910, 127.

3) Ibid., 1909, 58.

Wat die voertaal betref, word Godsdiensonderrig, Geskiedenis en 'n gedeelte van Aardrykskunde en natuurlik Hollands deur medium van Hollands gedoseer. Die ander vakke word deur medium van Engels gedoseer.

Die praktiese werk word goed versorg. Die studente stel belang, en die personeel toon verantwoordelikeheidsbesef.

Die dames speel korfbal op die Volksskoolbane. Die mans huur grond vir voetbal en krieket. Tennis word op privaatbane gespeel.

Die kursus vir die Derde Klas-Sertifikaat is die volgende:

<u>Vak</u>	<u>Personeel.</u>
Engelse (letterkunde en grammatika)	mejj. J.F. de Vos, J.R. Swanston, mnr. F.S. Malan.
Hollands (letterkunde en grammatika)	Mnre. T.A. Dönges en K. Bonsma.
Rekene	mnr. Malan.
Algebra	mnr. Malan en mej. De Vos.
Meetkunde	mnr. Malan.
Aardrykskunde	mej. Swanston, mnre. Malan en Bonsma.
Geskiedenis (Bybel-, Suid-Afrikaans en algemeen)	mnre. Malan, Bonsma en mej. De Vos.
Engels (Lees, Resitasie, Dikte, Komposisie.)	mnre. Dönges en Bonsma.
Natuurstudie	mnr. Bonsma.
Teorie, organisasie, ens.	mnr. Dönges en mej. Swanston.
Praktiese Onderwys	mnr. Dönges, en een of meer van die personeel.
Bordwerk en skrif	mej. Swanston.
Tekene	mnr. ? Smithard.
Naaldwerk	mej. Swanston.
Musiek (sang)	Mej. Swanston.
Liggaamsoefeninge	mej. Swanston.

Die professionele groep word in twee gedeeltes besoek dan die twee dorpskole beurtelings vir een of twee weke gedurende die laaste drie kwartale van die jaar 1).

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1910, 199 - 202.

(D) Die C.N.O.-Skole onder Selfbestuur:

Na die toekenning van selfbestuur aan die Transvaal in 1906 het genl. J.C. Smuts, die Minister van Onderwys, in sy toesprake die bevolking probeer oortuig dat die nuwe regeringskole hulle sou gee wat hulle deur die C.N.O.-beweging probeer bereik het. Daarna het baie C.N.O.-skole hulleself begin oorgee aan die regering weens gebrek aan middele en 'n verflouing van entoesiasme 1).

Die C.N.O.-skole in Heidelberg het ook dieselfde pad opgegaan. Op 24 April 1907 is 'n vergadering van afgevaardigdes van C.N.O.-skole uit die distrik Heidelberg in die Volksskool gehou om die saak van oorname van die skole deur die regering te bespreek.

Agt lede van die Volksskoolkommissie was teenwoordig. Die volgende persone het die skole teenoor hulle name verteenwoordig:

Die here: N. Alberts, H. Alberts	
en J.H. Bosch	Langzeekoegat.
A.J.L. Pretorius en H.	Nooitgedacht.
van der Merwe	Hartebeestfontein.
S. Tromp	
W. Ackerman en Jacob	Rustoord.
van der Westhuizen	Damplaats
Gert Grobler	

Elandsfontein en Alwynspoort was nie verteenwoordig nie.

Ds. A.J. Louw, die voorsitter, het verduidelik dat die vergadering belê is op versoek van verskeie van die C.N.O.-skole in die distrik. Hulle het tot hierdie besluit gekom na de uitlating van Genl. Smuts als koloniale Sekretaris op verskeide openbare vergaderingen, soowel as op't Congres van C.N.O." Hulle het ook verder daarop gelet dat generals Louis Botha en J.C. Smuts die persone was wat grootliks bygedra het om die C.N.O. tot

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 119.

stand te bring en dat "het dus niet verwacht wordt dat zij onze beginselen zullen prijsgeven".

Behalwe di. P. Postma en J. Belkum het almal vir die voorstel gestem om 'n deputasie na Pretoria af te vaardig om met die regering oor die oorname te onderhandel.

Namens die Volksskool is ds. A.J. Louw en die here F. Bezuidenhout en T... Dönges afgevaardig 1).

Op 30 April 1907 het die Volksskoolkommissie weer vergader om die opdragte van die deputasie meer in besonderhede te besprek.

Die lede van die deputasie het toe 'n konsep-ooreenkoms vir bespreking voorgelê (sien Bylae C). Dit is 'n fyn uitgewerkte stuk waarin die voorwaardes van oorgawe aan die regering in dertien punte uiteengesit word en waarin gedink word aan die behoud van die personeel en alles wat aan die skool behoort. Die opstellers het nie alleen aan die materiële kant van die oorgawe gedink nie maar veral aan die behoud van die gees en tradisies van die skool. Ten slotte volg daar dan 'n "geschiedkundig overzicht van het ontstaan en het voortbestaan der Volksschool te Heidelberg " 2). In 'n lêer in die Volksskoolargief het ek die oorspronklike stuk gevind. Dit is in die handskrif van ds. Louw in potlood geskryf. Hy was dus die opsteller van die konsep.

By 'n skoolkommissievergadering op 14 Mei 1907 het die afvaardiging verslag gedoen van wat hulle bereik het. Die ooreenkoms soos deur die kommissie voorgestel is feitlik in alle opsigte aangeneem.

1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 92 - 94.

2) Ibid., 94 - 102.

Die oorname sal dateer vanaf 1 April 1907. Die deputasie het ook die reg verkry dat "the existing Committee may continue to act without reference to the School Board until a new Board is elected". Intussen kon die kommissie regstreeks met die departement onderhandel 1).

Van belang is ook die voorwaarde dat die normaalklas as 'n eksperiment kan bly voortbestaan aan die skool. Die proeftydperk sou nie minder as vier jaar duur nie 2).

Wat betref die C.N.O.-skole van die distrik, skryf die Direkteur van Onderwys in Mei 1907 aan die Skoolraad van Heidelberg dat die deputasie op 2 Mei met die Koloniale Sekretaris onderhandel het en dat besluit is om die volgende skole oor te neem (ter informasie van die Raad word die naam van die naaste goewermentsskool genoem en die afstand by benadering aangedui):

<u>C.N.O.-skool.</u>	<u>Naaste goewermentsskool.</u>	<u>Benaderde afstand in myle.</u>
Langzeekoegat.....	Uitkyk	5 myl.
Nooitgedacht	Uitkyk	13 myl.
Damplaats.....	Boschkop	9 myl.
Hartelooftfontein...	Greylingstad	10 myl.
Rustoord.....	Schoongezicht.....	8 myl.

Dit was die wens van die Direkteur dat die skole oorgeneem moes word sonder om hulle bestaan of die van enige van die goewermentsskole te beëindig 3).

So het die C.N.O.-skole, wat vanaf 1903 met soveel geesdrif tot stand gebring is en met baie opoffering onderhou is, in 1907 opgehou om as vrye skole voort te bestaan.

-
- 1) Notule, Skoolkommissie, Boek Nr. 1, 103 - 106.
 2) Ibid., 104.
 3) Brief van die Direkteur van Onderwys aan Sekretaris, Skoolraad, gedateer 7 Mei 1907.

3. KRITIESE SAMEVATTING:

(A) Die toestand van onderwys in Heidelberg onder Kroonkoloniebestuur, 1900 tot 1906.

Toe die republikeinse onderwysstelsel onder dr. N. Mansvelt reeds glad gefunksioneer het en die bloeitydperk vir die onderwys aangebreek het, het die Engelse oorlog in Oktober 1899 uitgebreek. Die oorlog het alle onderwys tydelik ontwrig. Vanaf 1901 het die Engelse owerheid kampskele in die konsentrasiekampe opgerig. Ook in die konsentrasiekamp te Heidelberg is 'n kampskeel teen Mei 1901 geopen.

Met die kampskele is 'n poging aangewend om die nodige onderwysfasiliteite, vir sover dit moontlik was, aan die kinders te verskaf. Die resultate wat bereik is, was minimaal. Die personeel was meesal ingevoerde mense; die voertaal was Engels, terwyl die akkommodasie en leer-middele gebrekkig was. Buitendien was die behuisings- en gesondheidstoestande van die kampkinders van so 'n aard dat hulle min voordeel uit die onderwys kon trek.

Na die oorlog is die heer E.B. Sargant se onderwys-wetgewing in Ordonnansie Nr. 7 van 1902 vasgelê en is begin met die stigting van goewermentskele. In hierdie stelsel is gladnie rekening gehou met die tradisies en oortuigings van die Transvaalse Boerebevolking nie. Die magte en pligte wat toegeken is aan skoolkommissies in die onderwysregulasies van 1903 het nie gestrook met die opvatting van die ouers nie. Onder die Engelse onderwys-stelsel het die ouers hulle seggenskap oor die onderwys van hulle kinders verloor, terwyl hulle godsdiens en taal in die goewermentskele nie tot hul reg gekom het nie. Dit het daartoe gelei dat die goewermentskele swak ondersteun is deur die Boerebevolking.

In 1903 is die C.N.O.-beweging gestig en is skole volgens die gees en tradisies van die republikeinse onderwysstelsel in die lewe geroep. In Heidelberg het die Volksskool tot stand gekom, terwyl in die distrik oral klein C.N.O.-skooltjies gestig is. In 1907 was die aantal skooltjies in die distrik sewe.

Die Volksskool het vinnig gegroei en pukk resultate gelewer. Die onderhouding van hierdie skole het egter groot opofferings van die verarmde Boerevolk geverg.

Twee onderwysstelsels in dieselfde land was nie gesond nie. Oor die algemeen het die onderwys nie die peil bereik wat dit kon gewees het as daar een stelsel was wat die belange van die bevolking gedien het.

(B) Die toestand van onderwys in Heidelberg onder Selfbestuur, 1906 - 1910.

In 1906 is selfbestuur aan die Transvaal toegeken. In 1907 het die nuwe minister van onderwys, genl. J.C. Smuts, sy onderwyswet geformuleer. Daarin is in 'n groot mate rekening gehou met die begertes en oortuigings van die bevolking. Dit het die yweraars vir C.N.O. beweeg om hulle skole oor te gee aan die onderwysdepartement.

Vanaf Mei 1907 bestaan daar dan net goewermentskole in Heidelberg en distrik. Die Onderwyswet van 1907 maak ook voorsiening vir verpligte onderwys vanaf 7 tot 14 jaar. Dit het 'n groot stroom van kinders na die skole aangekeer. Reeds vanaf 1906 kry die Adviserende Skoolraad van Heidelberg baie aansoeke om die stigting van nuwe skole op plase. In 1907 vermeerder die aantal aansoeke nog. Die groot tekort aan geskikte leerkragte het die oprigting van skole bemoeilik. Ook het die peil van onderwys gelyk as gevolg van die groot persentasie

ongesertifiseerde onderwysers(esse) wat in diens geneem moes word. In 1908, byvoorbeeld, was 51.3% van die 67 onderwysers(esse) in die distrik nog ongesertifiseerd. Die toestand het egter geleidelik verbeter, en in 1910 kon inspekteur Ligertwood rapporteer dat die persentasie gesertifiseerde onderwysers(esse) toegeneem het, danksy die werk van die Normaalkollege.

'n Belangrike mylpaal in hierdie tydvak was die stigting van die Heidelbergse Normaalkollege in Maart 1909.

(C) Die stand van die skole en die onderwys in Heidelberg teen 1910:

Die toestand van geboue en uitrusting het vanaf 1906 geleidelik verbeter. Die privaatgeboue op die plase is geleidelik vervang deur geskikte goewermentsgeboue.

Die aantal skole in Heidelberg het teen 30 Junie 1910 op 42 gestaan.

Oor die algemene peil van die onderwys rapporteer die inspekteur in 1910 dat daar heelwat verbetering te bespeur is. Hy skryf dit veral toe aan die hoër gemiddelde skoolbesoek wat as gevolg van verpligte skoolbesoek gehandhaaf word.

Hoewel die Heidelbergse Skoolraad hom ten gunste van sentralisasie uitgespreek het en die inspekteur 'n vurige kampvegter daarvoor was, het daar tot 1910 nog geen sentralisasie in Heidelberg plaasgevind nie. Die neiging was nog maar steeds in die rigting van desentralisasie.

Ek wil volstaan met die bewering dat die ontwikkeling op onderwysgebied in Heidelberg gedurende die tydperk van selfbestuur bemoedigend was en dat in hierdie tydvak die fondament gelê is waarop die sierlike onderwysgebou later opgerig is.

HOOFSTUK 6.ONDERWYS ONDER PROVINSIALE BESTUUR.1. GELEIDELIKE ONTWIKKELING IN DIE ONDERWYS IN HEIDELBERG.(a) Fundamentele reëlings in verband met onderwys:

Die vier selfbesturende Britse Kolonies in Suid-Afrika het op 31 Mei 1910 na weloorwoë onderhandelinge verenig tot die Unie van Suid-Afrika. Die Transvaal het toe 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika geword. Wat sy plaaslike aangeleenthede betref, sou Transvaal voortaan deur 'n Provinsiale Regering met verleende gesag beheer word. Aan die hoof van die provinsie staan die Administrateur as verteenwoordiger van die Unieregering. Die Uitvoerende Komitee beheer die provinsiale sake, terwyl die Provinsiale Raad die wetgewende liggaam uitmaak. Volgens artikel 85(iii) van die Suid-Afrika-wet sou alle onderwys op hoër onderwys ná vir 'n tydperk van vyf jaar en daarna tot die Unieregering anders mag besluit, onder die beheer van die provinsiale owerheid staan.

Onder hoër onderwys word verstaan universitêre onderwys. Laer en middelbare onderwys sou dus onder die provinsies ressorteer. Verder is ooreengekom dat die provinsies sou sorg vir die opleiding van tweede en derde klas-onderwysers, terwyl die opleiding van eerste klas-onderwysers by die Unie sou berus. Die Suid-Afrika-wet het geen verandering gebring in die bestaande onderwyswet van Transvaal nie en ook nie aan die inwendige organisasie en administrasie van die onderwys nie 1).

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 122-124.

(b) Wysiginge in die Smutswet en nuwe Onderwysregulasies, rakende die Onderwys in Heidelberg.

Die Taal-ordonnansie (No. 5 van 1911) wat op 1 Januarie 1912 in working getree het, was die belangrikste verandering in die Onderwyswet van Transvaal. Die Ordonnansie het die gelykwaardigheid van die twee amptelike tale, Hollands en Engels, bepaal. Die taalbepalinge van die Smuts-wet word as volg deur die nuwe Ordonnansie vervang: Die huistaal sal die verpligte medium van aanvangsonderwys wees. Die tweede taal (Hollands of Engels) kan vanaf standerd V as voertaal ingevoer word as die ouers dit verlang. As die ouers vanaf standerd V albei tale as voertaal kies, sal die skoolrade bepaal watter vakke deur medium Hollands en watter deur Engels geneem moet word 1).

Op 11 April 1911 is deur administrateurskennisgewing No. 74 sekere wysigings in die regulasies vir laerskole vir blanke kinders aangebring, wat bestaan het in die vereenvoudiging van die leergange in sekere vakke.

Van groot belang was ook die wysigings van die onderwyswet in 1912 deur Ordonnansie No. 7. Dit het die samestelling en funksies van die Raad van Onderwys gewysig; die skoolplig verhoog tot vyftien jaar of standerd V; die prosedure van aanstelling van onderwysers gewysig; 'n subsidie aan privaat-skole met minstens tien leerlinge in vooruitsig gestel; die vaste benoeming van beamptes van skoolrade bepaal en die skooldistrikte gewysig.

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.

In 1913 is 'n hersiene leerplan vir buiteskole uitgegee met die doel om die leergange te vereenvoudig, om die onderwys soveel moontlik vir groepe te organiseer en om aan die buite-onderwysers 'n uitvoerige leidraad te verskaf, sodat die onderwys by die plattelandse omgewing aangapas kan word 1).

(c) Groei op onderwysgebied:

(I) Aanwas van die total skoolgaande leerlinge in Heidelberg, 1910-1950.

Die aanwas van die skoolbevolking kan ons die beste bepaal as ons die totale inskrywing van die skole in die distrik in die agtereenvolgende jare met mekaar vergelyk. In die geval van Heidelberg is dit egter baie moeilik om 'n betroubare vergelyking te maak, aangesien die grense van die skoolraadsdistrik van tyd tot tyd gewysig is. Tot aan die einde van 1925 het die huidige skoolraadsdistrik van Vereeniging ook deel uitgemaak van Heidelberg. In 1947 is sekere skole van Heidelberg weggehaal en by Witwatersrand-Oos gevoeg.

Ten einde enigszins 'n indruk te kry van hoe die getalle in die verskillende tydperke toegeneem het, gee ek hieronder eers die inskrywing vir elke vyfde jaar vir die tydperk 1910 tot 1925. Die getalle is dan vir die gebied wat vandag min of meer deur die skoolraadsdistrikte van Heidelberg en Vereeniging beslaan word. Tesame met die inskrywing verstrekk ek ook die aantal onderwysers en skole in Heidelberg 2):

1) Goetzee: Onderwys in Transvaal, 125.

2) Verslag van die Direkteur van Onderwys vir die betrokke jare, skoolstatistieke.

<u>Jaartal</u>	<u>Aantal skole</u>	<u>Inskrywing</u>	<u>Aantal onderwysers (esse)</u>
1910-1911	39	1883	93.
1915	43	2541	99.
1920	49	3565	149.
1925	55	4035	170.

Hierdie syfers toon dat daar 'n geleidelike maar bestendige groei in die skoolbevolking was. Dit verteenwoordig 'n gemiddelde vermeerdering van ongeveer 140 leerlinge per jaar oor die vyftien jaar wat hier in oënskou geneem word.

Vanaf 1926 het ons die statistieke van die skoolraadsdistrik soos dit min of meer vandag nog bestaan. Die skole van Nigel en omgewing is later afgesny en ressorteer nou onder Witwatersrand-Oos. Ek verstrek die statistieke vir 1926 en vanaf 1930 weer die gewens van elke vyfde jaar 1):

<u>Jaartal</u>	<u>Aantal skole</u>	<u>Inskrywing</u>	<u>Aantal onderwysers (esse)</u>
1926	39	2788	121
1930	38	2597	116
1935	32	2577	103
1940	20	2749	103
1945	18	2933	109
1951 (1ste Kwt. 2)	15	3549	125.

Die statistieke van 1926 tot 1950 toon dat die getal skole geleidelik daal van 39 tot 15, terwyl die leerlingtal in dieselfde tydperk met ongeveer 750 vermeerder. Die afname in die aantal skole moet toegeskrywe word aan die daadwerklike uitvoering

-
- 1) Verslae van die Direkteur van Onderwys vir die betrokke jare, skoolstatistieke.
2) Skoolraadskantoor, Heidelberg, lêer 16/B/1.

van die beleid van sentralisasie. Aan die ander kant toon die geringe vermeerdering van die leerlingtal in die 25 jaar dat die bevolkingsgroei in die distrik Heidelberg nie groot was nie. Vanaf 1926 tot 1935 is daar inderdaad 'n daling in die aantal leerlinge, maar vanaf 1940 begin die aantal weer styg. Die laaste vyf jaar toon weer 'n styging van meer as honderd leerlinge per jaar. Hieruit moet ons aflei dat wat bloot getalle betref, daar 'n stilstand was vanaf 1926 tot ongeveer 1940. Gedurende die laaste tien jaar is daar dan weer 'n styging, wat in tempo toeneem tot 1950.

(II) Groei van die Laer Volksskool te Heidelberg:

In die vorige hoofstuk het ek aangetoon hoe die Volksskool in 1903 uit die behoefte van die volk as 'n vrye C.N.O.-skool gebore is. Ek het ook die geskiedenis van die skool tot 1910 geskets. Die Normaalklas wat alreeds in 1906 deur mnr. T.A. Dönges aan die Volksskool begin is, is in 1909 met die stigting van die Normaalkollege te Heidelberg daarheen oorgeplaas 1).

Die skool was toe 'n gewone laerskool met 'n middelbare afdeling daaraan verbond. Die groei van die aantal leerlinge in die Volksskool hang ten nouste saam met die uitbreiding van koshuisgeriewe vanaf 1910. Omdat die koshuise tot vandag nog laer- en hoërskoolleerlinge huisves, kan ek nie die uitbreiding van die koshuise onder een van die skole bespreek nie maar sal dit in 'n aparte onderafdeling behandel.

1) Notule: Skoolkommissie, Book II, 20, 21, 23, 29.

Op 6 Mei 1910 rapporteer die voorsitter, ds. A.J. Louw, aan die skoolkommissie dat die Ned. Herv. of Geref. Kerkraad met die Onderwysdepartement ooreengekom het om drie klaskamers teen £900 aan te bou 1). Die klaskamers is oors in 1911 voltooi teen 'n koste van £980 2).

In die skoolkommissienotule van 14 Oktober 1912 (3) lees ons dat die aantal leerlinge tot 327 gestyg het en dat die ruimte alweer te min word. Dit is 'n bewys dat die skool betreklik vinnig gegroei het, want die gemiddelde inskrywing vir die tydperk 1 Julie 1910 tot 31 Desember 1911 was maar 256 (4), van wie 83 in die middelbare afdeling was 5).

In 1913 het die middelbare afdeling aangegroei tot 141 (6) en in 1914, die jaar voor die stigting van die Hoër Volksskool, tot 165 7). In 1914 was die Heidelbergse Volksskool van die veertien skole in Transvaal met middelbare afdelings die enigste wat meer as 10 leerlinge, naamlik 20, in vorm V gehad het 8).

Alreeds in 1913 het die totale aantal leerlinge sover gestyg dat die skool vanaf Augustus van daardie jaar as 'n klas 1-skool gegradeer is 9).

-
- 1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 50.
 - 2) Notule: Ned. Herv. of Geref. Kerkraad, III, 189, 196, 202.
 - 3) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 89.
 - 4) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1912, 273.
 - 5) Ibid., 240.
 - 6) Ibid., 1913, 63.
 - 7) Ibid., 1914, 69.
 - 8) Ibid., 1914, 68, 69.
 - 9) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 107.
-

Vanaf Januarie 1915 is die middelbare afdeling afgestig onder die naam „Hoër Volksskool te Heidelberg". Standard VI het by die laerskool gely. Die laerskool is toe gehuisves in die vyf klaskamers op die ander skoolerf en een kamer van mev. (ds.) N.J. van Warmelo, terwyl die hoërskool in die hoofgebou gely het 1). Mnr. A.J. Louw het hoof van die hoërskool geword en ook nog tydelik as hoof van die laerskool geageer 2).

Die Laer Volksskool is toe gedgegradeer tot 'n P II-skool 3). Na advertensie van die pos is mnr. D.C. Cronjé vanaf Januarie 1916 as hoof aangestel 4). Hy was hoof van die skool tot aan die einde van 1919, toe hy weens swak gesondheid bedank het 5). In 1919 het die skool weer 'n P I-skool geword 6). Mnr. D.C. Cronje is opgevolg deur die heer P. Joubert, wat vanaf die begin van 1920 aangestel is (7) en op 30 Junie 1945 afgetree het. Hy is op 31 Julie 1945 opgevolg deur dr. J.A. Heyl, wat nog in 1950 hoof van die skool is 8).

Reeds in Februarie 1920 het die inskrywing van die Laer Volksskool al weer op 515 gestaan 9). Die gemiddelde inskrywing oor die jaar 1920 was 517 10). Dit was 'n hoogtepunt in die leerlingstal, want vanaf die volgende jaar het die gemiddelde inskrywing geleidelik gedaal, totdat dit aan die einde van 1933 maar 330.4 was 11). Vanaf 1934 het die inskrywing

-
- 1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 124.
 - 2) Ibid., 125.
 - 3) Ibid., 128.
 - 4) Ibid., 128, 129.
 - 5) Ibid., 159.
 - 6) Verslag van die Direkteur van Onderwys 1919.
 - 7) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 162.
 - 8) Joernaal, Laer Volksskool.
 - 9) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 164.
 - 10) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1920.
 - 11) Ibid., 1920 - 1932 en Kwartaalstate, Laer Volksskool.
-

weer begin styg. In 1939 was die inskrywing oor die 400, en vanaf 1943 is die 500-merk weer oorskry. Aan die einde van 1950 het die gemiddelde inskrywing op 572.9 gestaan 1).

Die klein skooltjie wat in Augustus 1903 met drie loorkragte begin het, het dus gegroei tot 'n groot laerskool, terwyl daaruit ook nog gebore is die Heidelbergse Normaalkollege en die Hoër Volksskool.

(III) Groei van die Hoër Volksskool te Heidelberg:

Soos ek reeds in onderafdeling (II) gemeld het, het die Hoër Volksskool in Januarie 1915 tot stand gekom, met mnr. A.J. Louw as hoof. Die Direkteur van Onderwys het in oorlog met die voorlopige bestuur van die Hoër Volksskool besluit dat standard VI by die laerskool sou bly, en die aantal onderwysers vir die hoërskool is op nege bepaal. Die hoërskool sou in die hoofgebou gehuisves word en die laboratorium-apparaat en meublement van die middelbare afdelings van die Publieke Skool en die Volksskool sou deur die hoërskool oorgeneem word 2).

Lank voor die finale stigting van die hoërskool het die Volksskoolkommissie egter 'n stryd gevoer om die behoud van die naam „Volks Hogere school“ 3). Op 'n vergadering van 18 Mei 1914 kom die kwessie tot sprake dat die Departement van Onderwys weier om die naam te aanvaar. Die kommissie besluit om die skoolraad per brief te versoek om op die erkenning van die naam te bly aandring. Verder besluit hulle om 'n deputasie bestaande uit die voorsitter, ds. A.J. Louw,

1) Kwartaalstate, Laer Volksskool.

2) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 124, 125, 127.

3) Ibid., 117.

on mnr. T.A. Dönges as primarius of eerw. H. Müller as secundus af te vaardig on die Direkteur on des-noods die Administrateur oor die naam te gaan spreek 1).

Op 3 Junie 1914 het die deputasie voorslag ge-deen „dat de Administrateur on de Direkteur geen bezwaar hebben on de naam, Volks-Hogere-School te erkennen" 2). So het die kommissie die stryd on die naam gewon.

Die groei en ontwikkeling van 'n skool kan die beste nagegaan word deur 'n studie te maak van die inskrywing oor 'n tydperk van jare. Aan die einde van die eerste jaar van sy bestaan het die Hoër Volk-skool gesluit met 172 leerlinge op die rol 3). In die daaropvolgende jare het die inskrywing geleidelik toegeneem tot in 1921, toe die skool afgesluit het met 'n inskrywing van 333 4). Vanaf 1921 het die skool, wat getalle betref, feitlik geen groei getoon nie tot in 1932, toe die gemiddelde inskrywing naer nog op 332 gestaan het 5). Vanaf 1933 het die inskrywing weer begin styg on was daar 'n bestendige groei tot in 1950, toe die jaar afgesluit is met 633 leerlinge op die register 6).

On onigsins 'n beeld te kry van die groei oor die hele tydperk 1915 tot 1950 verstreëk ek die inskrywing van elke vyfde jaar soos dit was aan die einde van elke jaar 7).

-
- 1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 117, 118.
 - 2) Ibid., 120, 121.
 - 3) Skooljoernaal, Boek 1, 132.
 - 4) Ibid., 262.
 - 5) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1921 - 1932.
 - 6) Skooljoernaal, Boek 1, 385 - 485 en Kwartaalstate in skoolkantoor.
 - 7) Ibid., 385 - 485, en Verslae van die Direkteur van Onderwys oor die betrokke jare.
-

1915 - 172
 1920 - 280
 1925 - 286
 1930 - 328
 1935 - 380
 1939 - 439
 1945 - 509
 1950 - 633.

In die 35 jaar van sy bestaan het die skool ontwikkel van 'n betreklike klein skooltjie tot een van die groot hoërskole van die Transvaal. Dit het in 1915 begin met 9 onderwysers(esse) op die personeel, en hierdie getal het uitgebrei tot 28 in 1950. Uit die getalle is dit duidelik dat die vinnigste groei plaasgevind het gedurende die laaste tien jaar.

Gedurende hierdie 35 jaar het die Hoër Volksskool onder die bekwame leiding van vooraanstaande opvoedkundiges gestaan.

Mnr. A.J. Louw, wat as eerste hoof die hoërskool in Januarie 1915 begin het, het 'n lang en vrugbare dienstyd aan die opbou daarvan gowy 1). Gedurende die eerste sewe jaar van sy dienstyd moes die skool dieselfde terrein en geboue met die Laer Volksskool deel en was daar dikwels gebrek aan die nodige ruimte. Vir die opening in die oggend het die hoërskool byvoorbeeld die maal drie oggende van die week gebruik en die laerskool die ander twee 2). Reeds in die eerste jaar van sy bestaan moes die hoërskool van 'n

1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 124.

2) Ibid., 125.

sinkgebou op die terrein vir klaskamers gebruik maak 1). Op 1 Februarie 1922 is die nuwe hoërskoolgebou egter in gebruik geneem 2). Aan die einde van die derde kwartaal 1928 het „Meester“ Louw afskeid geneem van die Hoër Volksskool, wat hy deur die moeilike beginjare veilig geloods het 3). Na die aftrede van mnr. Louw het mnr. I.B. Murray as hoof waargeneem tot aan die einde van die tweede kwartaal 1929 4). Mnr. J.C. Markötter het hom vanaf die begin van die derde kwartaal 1929 as permanente hoof opgevolg en het die pos beklee tot 14 Desember 1933, toe hy inspekteur geword het 5).

Met die heropening van die skool aan die begin van 1934 het mnr. S.H. Eyssen hoof geword 6). Hy is op 1 November 1941 geïnterneer, en intussen het mnr. J.P. Malan waargeneem tot hy weer op 1 Junie 1945 in sy pos herstel is 7). Op 17 April 1948 het mnr. Eyssen afgetree en het mnr. D.A.L. Naude waargeneem tot aan die einde van die jaar 8).

Dr. A.P. du Toit het op 18 Januarie 1949 as permanente hoof diens aanvaar en is nog hoof van die skool 9).

(IV) Uitbreiding van die koshuise te Heidelberg:

Die behoefte om 'n koshuis vir die Volksskool op te rig is alreeds in 1909 gevoel, en die skoolkommissie het die heer D.C. Cronjé, een van die

-
- 1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 127.
 - 2) Skooljoernaal, Boek I, 264.
 - 3) Ibid., 340.
 - 4) Ibid., 340, 364.
 - 5) Ibid., 364, 386, 387.
 - 6) Ibid., 388.
 - 7) Ibid., 476, 500.
 - 8) Skooljoernaal Boek 2, 29, 44.
 - 9) Ibid., 45.
-

onderwysers, genader om as huisvader op te tree 1). In die begin van Mei 1910 het die eerste koshuis tot stand gekom, met mnr. D.C. Cronjé as huisvader. Ds. P. Postma en kommandant B. Bouwer is deur die skoolkommissie as 'n subkomitee benoem om toesig oor die koshuis te hou. Daar was toe vyf kosgangers 2).

Op dieselfde vergadering waarop die totstandkoming van die eerste koshuis bespreek is, het die voorsitter, ds. A.J. Louw, gerapporteer dat die Ned. Herv. of Geref. Kerkraad 'n lening van £6000 by die heer F.J. Bezuidenhout aangegaan het om 'n nuwe koshuis op te rig.

Die Onderwysdepartement het onderneem om die gebou dan vir 'n tydperk van nege jaar te huur met 'n opsie om die huur vir 'n verdere nege jaar te verleng 3).

Op 5 Desember 1910 vra mnr. D.C. Cronjé al vir neer vertrekke vir die koshuis 4). Op 7 Februarie rapporteer die voorsitter dat 'n derde huis bygehuur is en dat daar 21 kosgangers is 5).

Voordat daar nog met die bou van die groot koshuis begin is, moes die skoolkommissie oorgaan tot die oprigting van 'n tweede koshuis. Die besluit is geneem op 2 November 1911 (6), en op 5 Februarie 1912 rapporteer die voorsitter dat die goewernent drie addisionele huise van mnr. C. Brink gehuur het

-
- 1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 40 - 41.
 - 2) Ibid., 50.
 - 3) Ibid., 50.
 - 4) Ibid., 52.
 - 5) Ibid., 54.
 - 6) Ibid., 69.

en dat die heer D.J.M. Jordaan, die houtwerkonderwyser, as huisvader begin het met dertien kosgangers. Tot subkomitee oor hierdie koshuis word eerw. H. Müller en mnr. J.S. Joubert benoem. Die tweede koshuis staan bekend as „Excelsior“, en die inrigting van mnr. Cronjé as die „Goede Hoop“ 1).

By hierdie vergadering het die skoolkommissie ook kennis geneem dat 'n tender van £7100 vir die oprigting van die nuwe meisieskoshuis aangeneem is nadat die administrateur en die Ned. Herv. of Geref. Kerkraad die addisionele bedrag van £1,100 goedgekeur het 2). Hierdie koshuis het die naam „Transvalia“ gekry en is op 15 Februarie 1913 in gebruik geneem 3). Dit was die eerste kerklike koshuis. Sedertdien is die koshuise wat ten behoeve van die Laer en Hoër Volksskool opgerig is, geleidelik deur die Ned. Herv. of Geref. Kerk oorgeneem en uitgebrei.

In die Ned. Herv. of Geref. Kerkargief te Heidelberg is 'n dokument, opgestel in die handskrif van ds. A.J. Louw, waarin 'n oorsig gegee word van die ontstaan en uitbreiding van die kerklike koshuise. Ek gee hier 'n kort opsomming van die feite daarin:

(1) Transvalia is in gebruik geneem op 15 Februarie 1913. Dit is in Januarie 1919 verdubbel om ruimte te maak vir 120 beddens, en die eetzaal is aangebou. Transvalia het al sy verbeterings en toevoegings het £23,000 gekos.

1) Notule: Skoolkommissie, Boek II, 72.

2) Ibid., 71.

3) Ned. Herv. of Geref. Kerkargief, Heidelberg, III, 2; J. 75.

(11) Concordia is op 23 Januarie 1917 as 'n kerklike koshuis in gebruik geneem vir ongeveer 80 seuns. In 1919 is die koshuis uitgebrei deur die aanbou van 'n studiesaal en musiekkamers. Dit het met al sy verbeterings £11,000 gekos.

(111) Excelsior is deur mnr. D.J.M. Jordaan in 1912 in Brinkdorp (westelike gedeelte van Heidelberg) in private huise as 'n seunskoshuis begin. Dit is in Januarie 1918 as 'n kerklike koshuis oorgeneem.

Ondertussen het die kerkraad vier erwe langs Concordia aangekoop en 'n koshuis vir 75 seuns daar laat bou. Die gebou is in 1923 in gebruik geneem en het £12,000 gekos.

Die volgende opsomming van uitgawes aangegaan ten opsigte van die Laer Volksskool en die kerklike koshuise word ook verstrek 1):

Die Laer Volksskool ongeveer...	£13,000
Transvalia	23,000
Concordia	11,000
Excelsior	12,000
Bestuurderswoning	1,600
Werkswinkel	400
Rioolstelsel	<u>2,000</u>
Totaal	<u>£63,000.</u>

Die stand van sake is vandag soos volg: Hoërskoolleerlinge word gehuisves in:

- (a) Transvalia met twee annekse vir dogters,
- (b) Concordia en Excelsior vir seuns.

Laerskoolleerlinge word gehuisves in:

- (c) Ons Toekoms, 'n ou hotelgebou wat in 1945 aangekoop is;
- (d) George Bell, 'n groot woonhuis wat tans as koshuis ingerig is (vroeër was dit een van die tydelike koshuise van die Normaalkollege en het bekend

1) Ned. Herv. of Geref Kerkargief, Heidelberg, III, 2; J.75.

gestaan onder die naam Protea);

(e) Paradys, wat ook vroeër 'n koshuis vir Normalistudente was.

Die koshuise besit ook 'n musiekafdeling waar aan kostgangers die geleentheid gebied word om opleiding in musiek te kry 1).

Om enigszins 'n idee te gee van die omvang van hierdie werk wat deur die Kerk behartig word, verstrekk ek hieronder die kontantbedrae wat vir losies en vir die musiekafdeling deur die kerklike kantoor gedurende sekere jare gehanteer is 2):

<u>Jaartal.</u>	<u>Losiesgelde.</u>	<u>Musiekgelde.</u>
1940	£10,255-16-2	£1,036-11-8
1945	14,521-12-4	1,129-17-6
1950	23,388-11-4	2,298- 1-5

Uit hierdie syfers sien ons dat die bedrae vanaf 1940 tot 1950 meer as verdubbel het. Die stygende lewensduurte is gedeeltelik hiervoor verantwoordelik, maar gedeeltelik is dit ook 'n bewys van die uitbreiding van die aantal kostgangers. Mansoek om toelating word lank vooruit gedoen. In die jongste tyd is elke beskikbare plek in die koshuise altyd gevul, terwyl verskeie leerlinge by private gesinne moet loseer omdat daar nie meer plek in die koshuise beskikbaar is nie. Die gemiddelde aantal kostgangers in 1950 was 484. Die oprigting van 'n groot koshuis vir laerskoolleerlinge is een van die oorwegings vir toekomstige uitbreiding 3).

-
- 1) Meegedeel deur mnr. A.S. Liebenberg, bestuurder van die Kerklike koshuise.
 - 2) Losiesboek, Kerklike kantoor, Heidelberg.
 - 3) Meegedeel deur mnr. A.S. Liebenberg, bestuurder van die kerklike koshuise.

Die klein begin wat in Mei 1910 met vyf kostgangers gemaak is, het dus gegroei tot 'n baie groot en onmisbare onderneming in belang van die opvoeding en onderwys in Heidelbergdorp en -distrik.

(V) Groei van die Heidelbergse Normaalkollege:

Op bladsy 114 hierbo het ek aangetoon dat die Heidelbergse Normaalkollege in Maart 1909 amptelik geopen is met mnr. T.A. Dönges as eerste hoof. Die gemiddelde inskrywing tot Junie 1909 was 70 (1). Aan die einde van 1909 sou 16 studente hul kursus voltooi, en aan die einde van 1910 sou 46 klaarmaak (2). In Junie 1911 het die inskrywing op 64 gestaan. Hiervan was 29 in hulle tweede jaar (3).

Wat die akkommodasie betref, was dit onder uiters moeilike omstandighede wat die werk gedoen moes word. Die lesings is gehou in drie klaskamers, in die saal van die Volksskool en in 'n ou winkel. As gevolg van die verskaffing van meer lesiesgeriewe te Heidelberg het die getalle van die Volksskool ook vinnig gestyg en kon die kamers nie vir 'n onbepaalde tyd aan die kollege afgestaan word nie.

Die huisvesting van die studente was in gehuurde private geboue, wat uiters ongeskik was vir hierdie doel. Die gebou van die manstudente was op die hoek van 'n straat en reg teenoor die openbare plein. Die gebou waarin die dames geloseer het, was 'n bietjie meer privaat geleë maar ook gladnie geskik nie.

Vir proefonderwys het die studente elke kwartaal twee weke lank na een van die twee dorpskole,

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1909, Bylae IV, 198.
 - 2) Ibid., 22.
 - 3) Ibid., 1912, 139.

die Volksskool en die Publieke Skool, gegaan. Die Direkteur verwys in sy rapport na die herhaalde versoeke van mnr. Dönges om 'n tipiese plaasskooltjie in Rensburgdorp, net buitekant Heidelberg, op te rig. Sy doel hiermee was om aan die studente die geleentheid te bied om ondervinding op te doen in die tipe skool waarin die meeste van hulle later sou moes gaan werk 1).

Vanaf 1912 het daar belangrike wysigings in die opleidingskursus in werking getree.

(i) As genoegsame kandidate hul vir opleiding aanmeld, sou in die toekoms slegs gematrikuleerdes aangeneem word.

(ii) Behalwe die aflegging van matriek sou van elke kandidaat verwag word om 'n voorbereidende tydperk van ses maande aan 'n goedgekeurde skool deur te maak voordat toelating tot 'n Normaalkollege verkry kan word.

(iii) Die kursus vir die Derde Klas-Onderwyser-sertifikaat sou voortaan vir alle studente twee jaar duur. Voor 1912 kon gematrikuleerdes dit in een jaar aflê.

(iv) Die Tweede Klas-Onderwysersartifikaat sou in die toekoms slegs geneem kon word na verwerwing van die Derde Klas Sertifikaat en dan ook alleen nadat die kandidaat minstens agttien maande skoolgehou het. Die Tweede Klas Sertifikaat kan dan in ses maande afgelê word 2).

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1912, 138 - 139.

2) Ibid., 15 - 18.

Die Voorbereidende klas vir aspirant-normaal-studente was aan die Volksskool te Heidelberg verbonde 1). Vanaf 1915 is die voorbereidende klas ook aan die Hoër Volksskool voortgesit 2).

In Mei 1914 het daar, wat die huisvesting van die Normaalklasse betref, verligting gekom, toe die nuwe kollegegebou in gebruik geneem is. Alleen drie kamers kon met die ou meubels gebruik word, want as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog en die finansiële krisis waarin die land verkeer het, kon daar nie dadelik nuwe meubels voorsien word nie. Die Houtwerk- en Ginnastiekklassse is nog in kamers van die plaaslike skole geges 3).

In die eerste jare van sy bestaan het dit ook moeilik gegaan om altyd geskikte personeel vir die kollege te kry, en baie verwisselinge op die personeel het die werk bemoeilik 4). In 1918 het mnr. J.H. Pierneef, die bekende kunsskilder, die betrekking van dosent in kuns tydelik aanvaar. Hy het slegs aangebly tot in Junie 1919 5).

1918 was 'n jaar van beproewinge vir die Kollege, aangesien die griepepidemie ook hier sy slagoffers geëis het. In die vierde kwartaal het mej. F.H. Retief, een van die dosente, wat vanaf Julie met siekteverlof was aan die griep gesterf. Gedurende dieselfde tyd het die epidemie ook in al die koshuise

-
- 1) Herhaaldelik in notule van skoolkommissie.
 - 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1915, 72.
 - 3) Ibid., 1914: rapport mnr. T.A. Dönges, 63.
 - 4) Ibid., 1914, 1915, 1919: rapporte mnr. T.A. Dönges.
 - 5). Ibid., 1918, 1919.

uitgebreek, en byna alle studente en lede van die personeel het dit onder lede gehad. Op 23 Oktober 1918 het die eerste sterfgeval in die Kollege plaasgevind, toe een van die veelbelowendste studente, Helgard du Preez, aan die siekte gesterf het.

In sy jaarrapport skryf die hoof net groot waardering van die hulp wat aan die inrigting deur die geneeshere, verpleegsters en privaat persone uit die dorp bewys is. Die selfopoffering van die twee dogters van ds. J. van Belkum, naamlik mev. ? Van Niekerk en mej. Jeane van Belkum, word spesiaal genoem. Hierdie twee dames het die studente gehelp verpleeg totdat hulle albei self siek geword het en mev. ? Van Niekerk ook gesterf het 1).

Teen die einde van 1919 is weer 'n verandering in die opleidingskursus gemaak. Die kursus vir die Derde Klas Sertifikaat kon in die toekoms in twee jaar in plaas van in twee en 'n halfjaar afgeloë word. Ook kon die Heidelbergstudente na voltooiing van die professionele kursus 'n jaar na een van die universiteite gaan 2).

In Februarie 1922 kon die manstudente die ou winkelgebou wat dertien jaar lank aan sowat 280 toekomstige onderwysers huisvesting verskaf het, vir goed verlaat en intrek neem in die nuwe koshuisgebou, wat naby die kollegegebou opgerig is. Die dames was nog altyd in die ondoelmatige tydelike koshuis gehuisves.

In hierdie jaar het die Kollege ook begin met die opleiding van die eerste studente vir die

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1918: rapport nmr. T.A. Dönges, 77 - 79.

2) Ibid., 1919: rapport nmr. T.A. Dönges, 77 - 79.

Tweede Klas-Onderwyserssertifikaat 1).

In 1924 vind daar weer nuwe ontwikkelinge aan die Kollege plaas. Die eerste groep diensdoende onderwysers het in hierdie jaar na die Normaal gekom om die Tweede Klas-sertifikaat te voltooi. Altesaam was daar 20. Hiervan was 18 mans en 2 dames.

Dit was ook die eerste jaar dat die studente vir praktiese onderwys na die skole in die distrik gegaan het 2).

Aan die einde van 1924 is die Normaalkollege te Ermelo gesluit. As gevolg hiervan is die kollege te Heidelberg versterk, want 49 studente en 5 dosente is oorgeplaas na Heidelberg. In hierdie jaar het die Kollege dan ook die hoogste inskrywing sedert sy stigting bereik, naamlik 176. Hiervan was 107 mans en 69 dames.

Die voorbereidende afdeling te Heidelberg is ook aan die einde van 1924 gesluit 3).

'n Belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Heidelbergse Normaalkollege was die jaar 1929. Mnr. T.A. Dönges, wat die volle 21 jaar van die Kollege se bestaan die hoof daarvan was en wat sedert 1895 feitlik sonder onderbreking aan die spits van alle opvoedkundige bedrywighede in Heidelberg gestaan het, het op 28 Augustus 1929 die aftree-ouderdom bereik. Teen die einde van die jaar het hy sy laaste jaarrapport geskryf en uit die diens van die Onderwysdepartement getree. In sy dank aan die personeel rig hy 'n

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1922, 51 - 52.

2) Ibid., 1924, 54 - 56.

3) Ibid., 1925, 67 - 68.

paar woorde van besondere waardering aan die adres van mnr. K. Bonsma, een van die ou veterane wat vanaf Augustus 1909 aan die Normaalkollege verbonde was en wat meermale as waarnemende hoof moes optree 1).

Mnr. C.A. Winter het in Januarie 1930 diens aanvaar as opvolger van mnr. Dönges. In Februarie is die eerste permanente dameskoshuis (Suiderkruis) in gebruik geneem. Die koshuis was te klein om al die dames te huisves, en 'n groep van hulle moes nog in die ou gehuurde geboue bly.

Tydens die depressiejare het die Kollege een van die moeilikste tydperke van sy bestaan deurgemaak. In 1932 het die Uitvoerende Komitee bepaal dat die getal studente wat in 1933 by die Heidelbergse Normaalkollege toegelaat sal word, beperk word tot 40. Hierdie veertig studente moes dan in 1933 eers na Pretoria of Potchefstroom gaan vir 'n jaar universitêre opleiding. Die volgende jaar gaan hulle dan na Heidelberg vir 'n tweejarige professionele kursus 2).

Die 94 studente wat in 1933 aan die Kollege was, het almal aan die einde van die jaar klaargemaak 3).

In 1934 is die laagwatermerk bereik. Die Kollege het slegs die 40 studente wat gedurende die vorige jaar op Pretoria en Potchefstroom was, ontvang. Daar was geen senior studente om rigting te gee aan die studente-organisasies nie. Die studente moes maar alles van vooraf opbou.

Om te verhoed dat van die personeellede verplaas sou word, het vyf personeellede op verskillende tye gedurende die jaar langverlof aangevra 4).

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys 1929: rapport mnr. T.A. Dönges, 37 - 38.
 - 2) Ibid., 1932, 52.
 - 3) Ibid., 1933, 54.
 - 4) Ibid., 1934, 36.
-

Teen 1935 was die krisis van die oorgangstyd verby. Die inskrywing was 103, en die koshuise was weer vol 1).

Nog 'n verandering in die opleidingskursus is in 1937 ingestel. 'n Laer Onderwysdiploma is by die Heidelbergse Normaalkollege ingestel. Die kursus sou slegs twee jaar duur en is suiwer professioneel. 'n Streekkomitee is ook in hierdie jaar vir die Kollege gestig. Die Direkteur van Onderwys was die voorsitter en die hoof van die Kollege sekretaris 2).

Op 6 Februarie 1938 is die Kollege onverwags in rou gedonpel, toe die hoof, mnr. C.A. Winter, na 'n siekbed van drie dae oorlede is. Vir die res van die jaar het mnr. D.H.M. Troskie as waarnemende hoof opgetree.

In die begin van Junie het 'n inspeksiekommissie onder leiding van die Direkteur vir die eerste keer in die geskiedenis van die Normaalkollege 'n inspeksiebesoek aan die Kollege gebring 3).

Mnr. A.M. Muller het aan die begin van 1939 as permanente hoof diens aanvaar.

Gedurende hierdie jaar het heelwat van die dienste waarvoor beide mnr. Dönges en Winter jaar na jaar in hulle rapporte aangedring het, werklikheid geword. 'n Kunskamer en gimnastieksaal is voltooi en in gebruik geneem, terwyl 'n begin gemaak is met die oprigting van nog 'n nuwe dameskoshuis vir 54 dames. Ook is die kollegegebou opgeknap en tenders gevra vir die opknapping van die twee koshuise Suiderkruis

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys 1935, 135.

2) Ibid., 1937, 117.

3) Ibid., 1938, 68, 69.

(dames) en Dönges-huis (mans).

Twee nuwe kursusse is ook aan die Kollege toegeken, naamlik juniorwerk vir dames en liggaansopvoeding vir mans. Hierdie twee kursusse het 'n lank gevoelde behoefte vervul 1).

Die dameskoshuis (Carl Winter-huis) wat in die vorige jaar begin is, is in die begin van 1940 in gebruik geneem 2). Verdere uitbreiding van losiesakkommodasie het in 1945 gevolg, toe die oprigting van die derde dameskoshuis (Muller-huis) begin is 3). Die gebou is aan die begin van die tweede semester 1946 in gebruik geneem 4).

Op 8 Desember 1949 het mnr. A.M. Muller uit die diens getree, en hy is vanaf 1 Januarie 1950 deur dr. G.J. Jordaan opgevolg as hoof van die Kollege 5).

Gedurende die tydperk van sy bestaan as opleidingskollege vanaf Maart 1909 tot Desember 1950 het die Heidelbergse Normaalkollege reusevooruitgang gemaak. Tydens die eerste inspeksie deur die Direkteur in Oktober 1909 was die inskrywing 68, en die personeel het 6 getel. Die Kollege het toe slegs 'n algemene opleidingskursus vir die Derde Klas-Onderwysersattifikaat aangebied. Die Kollege het toe nog geen enkele gebou van sy eie besit nie 6).

In Desember 1950 staan die inskrywing op 205, en die getal dosente saam met die bibliotekaris tel 21. Die Kollege het sy eie registrateur met kantoorperso-

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1939, 130.
 - 2) Ibid., 1940, 50.
 - 3) Ibid., 1945, 109.
 - 4) Moegedeel deur dr. G.J. Jordaan, hoof, Normaalkollege, Heidelberg.
 - 5) Gegewens verkry uit Joernaal, Normaalkollege.
 - 6) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1910, 199 - 202.
-

neel 1). Die volgende kursusse word tans deur die Kollege aangebied:

(i) Senior Primêre Onderwysersdiploma - 'n uitsluitlik professionele kursus wat drie jaar duur en waar studente veral toegerus word vir die werk in die hoër klasse van die laerskool;

(ii) die gewone Transvaalse Onderwysersdiploma - ook 'n driejarige professionele kursus met spesialisering in een of ander rigting in die derde jaar;

(iii) die Transvaalse Laer Onderwysersdiploma - 'n tweejarige professionele kursus, wat geneen kan word vir algemene laerskoolwerk of spesiaal in juniorwerk 2).

Die onderwyserskollege besit nou 'n lesingsgebou met die nodige laboratoria vir die verskillende professionele vakke, vier koshuise vir studente en die nodige sportterreine 3).

(VI) Laerskole met Middelbare Afdelings en Internediêre Skole:

In 1911 het die Onderwys-Kommissie 'n subkomitee benoem om 'n verslag met aanbevelings oor middelbare afdelings by laerskole uit te bring. Hierdie subkomitee het ook by die Heidelbergse Skoolraad getuigenis ingewin. Die Heidelbergse Raad was een van die wat toegestaan het dat die middelbare afdelings by laerskole afgeskaf moet word en die leerlinge in suiwer middelbare skole gekonsentreer moet word. Tegelykertyd het Heidelberg saam met die Middelburgse Raad daarop aangedring dat, met die oog op die sterk

1) Gegewens verstrekk deur registrateur, Normaalkollege.
 2) Prospektus, Heidelbergse Onderwyserskollege, 8, 13.
 3) Ibid., 5 - 6.

ontwikkeling van hulle middelbare afdelings, hulle 'n morele eis op die behou~~ing~~ daarvan het. Onder die Heidelbergse Raad was daar toe net twee laerskole met middelbare afdelings, en die getalle was aan die einde van die eerste kwartaal 1911 soos volg 1):

	<u>St. VI</u>	<u>Vorn II</u>	<u>Vorn III</u>	<u>Vorn IV</u>	<u>Vorn V.</u>
Heidelbergse					
Publieke Skool 13	11	5	4	0	
Heidelberg					
Volk	28	21	17	13	4

Die Subkomitee beveel dan ook Heidelberg en Ermelo aan as die twee dorpe in die oostelike distrikte waar die eerste middelbare skole opgerig moet word. Verder beveel hulle aan dat standerd VI en VII by sekere laerskole toegestaan behoort te word 2).

Die ontstaan van die Hoër Volksskool in 1915 het ek reeds behandel, maar dit was nie die einde van middelbare afdelings in Heidelberg nie.

In 1916 het 'n afvaardiging verteenwoordigende die skole Schoongezicht, Rustoord, Witkop, Vlakfontein, De Daur en Slangfontein, die Direkteur genader en gevra om 'n middelbare afdeling te Slangfontein sonder transport of beurs hulp. Die Direkteur het die aansoek gunstig oorweeg, maar die Raad se sienswyse gevra. Die Raad het dit sterk aanbeveel 3). Hierdie skole was almal geleë in die latere Vereenigingse Skoolraads-distrik, en behalwe De Daur bestaan nie een van hulle vandag meer nie.

Ook Modderfontein (naby Balfour) het om 'n middel-

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1912, Bylae II.
 - 2) Ibid.
 - 3) Notule, Skoolraad, 3 Augustus 1916.

bare afdeling by die Raad aansoek gedoen. Die Raad het die kommissie aangeraai om met die onliggende skole saam te werk en hulle te vergewis of daar genoeg leerlinge vir so 'n klas sal wees 1).

In September 1916 is 'n standaard VII-klas te Slangfontein toegestaan en is die pos vir 'n derde onderwyser geadverteer 2). Ook aan Modderfontein is 'n middelbare afdeling toegestaan 3).

Kort hierna het die skoolkommissie van Willensdal (Greylingstad) ook aansoek gedoen om 'n middelbare afdeling. Die Raad het die aansoek deurgestuur na die Departement 4).

In 1917 het Vereeniging ook 'n versoek om middelbare onderwys aan die Raad gerig. Die Raad het die aansoek by die Departement aanbeveel 5).

Nieteenstaande al die bogenoemde aansoeke en toekennings van middelbare afdelings skryf mnr. J. Lub in sy inspeksierapport van 1921 dat daar slegs twee skole met middelbare afdelings in Heidelberg bestaan, naamlik Heidelbergse Publieke Skool en Willensdal. Eersgenoemde skool het maar in 1921 met sy middelbare afdeling begin, en die getalle is so belowend dat 'n vorm III ook toegestaan is. Te Willensdal was dit reeds 'n paar jaar in werking, en oor die algemeen is goeie werk gedoen. Die getalle is egter so klein dat die voortbestaan van die afdeling twyfelagtig is 6). Die afdeling het egter nog bly voortbestaan

-
- 1) Notule, Skoolraad, 3 Augustus 1916.
 - 2) Ibid., 7 September 1916.
 - 3) Ibid., 12 Oktober 1916.
 - 4) Ibid.
 - 5) Ibid., 5 Julie 1917.
 - 6) Verslag van die Direkteur van Onderwys 1921, 129 - 130.
-

tot in 1928, toe die inspekteur van onderwys aanbeveel het dat dit weggeneem moes word omdat die afdeling te klein was. Die Raad het met sy bevinding ingestem, en die Departement het die middelbare afdeling afgeskaf 1). In 1934 is Willemsdal-, Hexrivier- en Herbstfonteinskole van Heidelberg oorgeplaas onder die Standertonse Raad 2).

Wat die aansoek van Vereeniging betref, het die saak gesloer tot na die verdeling van die skool in 'n Afrikaans-medium- en 'n Engelsmediumskool in Oktober 1924 3). In 1924 het die Raad weer die aansoek om 'n middelbare afdeling by die Vereenigingse Engelsmediumskool aanbeveel 4), en kort daarna het die Departement kennis gegee dat die skool vanaf begin 1925 'n intermediêre skool sal wees 5). Vanaf 1926 het Vereeniging 'n aparte skoolraadsdistrik gekry 6), en vanaf daardie datum val die Vereenigingse skole buite die bestek van hierdie verhandeling.

Die middelbare afdeling wat in 1921 vir Engelsmedium-leerlinge aan die Heidelbergse Publieke Skool begin is, het tien jaar bestaan maar nooit sterk geword nie. Die hoogtepunt is in 1924 bereik, toe die inskrywing van die middelbare afdeling aan die einde van die jaar 49 was 7). Aan die einde van 1930 het die inskrywing maar op 20 gestaan 8). Vanaf die begin van 1932 het die Departement hierdie middelbare afdeling afgeskaf. Daar was toe 24 leerlinge in standerds VII en VIII 9).

-
- 1) Notule, Skoolraad, 6 Januarie 1928 en 17 Februarie 1928.
 - 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1934, 123.
 - 3) Notule, Skoolraad, 17 Oktober 1924.
 - 4) Ibid., 21 November 1924.
 - 5) Ibid., 20 Februarie 1925.
 - 6) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1926, 26.
 - 7) Ibid., 1924, 246.
 - 8) Ibid., 1930, 140.
 - 9) Notule, Skoolraad, 21 Augustus 1931.
-

In 1936 het die Departement nogeens toestemming verleen vir 'n standaard VII-klas vir leerlinge aan die Heidelbergse Publieke Skool vanaf die begin van 1937 1). Die bestaan van hierdie afdeling was egter maar van kortte duur, want aan die einde van 1937 gee die Departement alweer kennis dat die standaard VII-klas by die Publieke Skool vanaf begin 1938 afgeskaf word en na die Hoër Volk-skool oorgeplaas word 2).

Om die motiewe vir die oprigting van 'n aantal middelbare afdelings wat blywend van aard was, beter te verstaan moet ons weer teruggaan tot die jaar 1933. In hierdie jaar is naamlik by Administrateursproklamasie No. 3 van 1933 die leerplig van alle blanke kinders in skole onder beheer van skoolrade vanaf 17 Januarie 1933 opgeskuif tot die bereiking van die sestiende lewensjaar of die geslaagde voltooiing van standaard VIII 3). Die Departement het toe met 'n beleid begin om jaarliks 20 nuwe standaard VII-en VIII-klasse te probeer instel 4).

In 1933 nog het die Heidelbergse Skoolraad 'n skrywe van die Departement ontvang waarin gevra word watter skole in die distrik vir middelbare afdelings aanbeveel kan word. Die Raad het as volg aanbeveel: Nigel vir standaard VIII en Balfour en Eendracht vir standaard VII 5). Die Departement het dan ook 'n standaard VIII-klas vir Nigel en 'n standaard VII-klas vir Eendracht goedgekeur vanaf begin 1934 6).

In 1935 het die Raad ook vir Grootvlei 76 'n stan-

-
- 1) Notule, Skoolraad, 27 November 1936.
 - 2) Ibid., 20 Desember 1937.
 - 3) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1933, 16.
 - 4) Ibid., 1935, 16.
 - 5) Notule, Skoolraad, 20 Oktober 1933.
 - 6) Ibid., 5 Januarie 1934.

derd VII-klas aanbeveel 1). Die klas is ook vanaf die begin van 1936 toegestaan, en in hierdie jaar het Eendracht ook die reg verkry om 'n standaard VIII-klas op te lei 2).

Vanaf die begin van 1937 het Balfour ook 'n standaard VIII-klas gekry en Grootvlei het standaard VIII bygekry 3). Met die grootskaalse sentralisasie in die begin van 1939 het Grootvlei sy middelbare afdeling verloor en is dit na Balfour gesentraliseer 4).

Die skool te Nigel het baie vinnig gegroei, en as gevolg van die normale uitbreiding en sentralisasie in 1940 het dit so groot geword dat dit verdeel is in 'n Afrikaans- en Engelsmediumskool 5). Die middelbare afdeling het voorlopig by die Engelsmediumskool gebly, en die skool sou bekend staan as intermediêre skool. Die Afrikaansmediumskool is na 'n nuwe gebou oorgeplaas, terwyl die intermediêre skool in die ou gebou gebly het. Die Raad het egter die oprigting van nuwe geboue vir die Engelsmedium en Junior hoërskool baie sterk bepleit 6). In 1942 is die middelbare afdeling afgestig as 'n aparte junior hoërskool 7).

Die middelbare afdelings te Eendracht en Balfour het bly voortbestaan, en veral die van Balfour het baie sterk uitgebrei. Vandag is dit die enigste twee intermediêre skole wat onder die Heidelbergse Skoolraad ressorteer: Balfour 'n P.A.-skool en Eendracht 'n P.D.-skool.

(d) Die skoolraad en sentralisasie.

(I) Die tydperk 1910 - 1934:

In die vorige hoofstuk het ek aangetoon dat die eerste skoolraad van Heidelberg onder die Smuts-wet hulle

- 1) Notule, Skoolraad, 23 Augustus 1935.
- 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1935, 121 en 1936, 31.
- 3) Ibid., 1937, 231.
- 4) Notule, Skoolraad, 7 November 1938.
- 5) Ibid., 27 Mei 1940.
- 6) Ibid., 27 Junie 1940.
- 7) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1942, 101.

sterk ten gunste van sentralisasie uitgespreek het. Ook inspekteur T.G. Ligertwood het die beginsel van sentralisasie sterk bepleit en aangenoodig, maar in sy rapport van 1910 moes hy erken dat die neiging op die platteland nog steeds in die rigting van desentralisasie was.

Die Onderwyswet van 1907 maak voorsiening vir die toekenning van beurse deur die skoolrade aan kinders van behoeftige ouers wat verder as drie myl van die naaste skool woon 1). Van hierdie geleentheid het die Heidelbergse skoolrade van die begin af gebruik gemaak om behoeftige kinders deur losies- of vervoerbeurse te help om 'n skool by te woon. In die verslag van die Direkteur van Onderwys wat oor die agttien maande tot 31 Desember 1911 handel, maak hy gewag van die feit dat die beginsel van sentralisasie taanlik gevorder het danksy die ywer van die skoolrade. Hy toon verder aan watter opofferings dit van ouers en kinders verg om per transport of deur privaat te loseer 'n sentrale skool by te woon. Die beginsel ondervind baie teenstand, maar sodra die voordele daarvan ingesien word verdwyn die teenstand 2).

Die aantal leerlinge wat gedurende 1911 van die Heidelbergse Skoolraad beurse ontvang het, was soos volg 3):

Aantal leerlinge wat vervoerbeurse ontvang het:	115
Aantal leerlinge wat losiesbeurse ontvang het:	40
Getal aan wie diere en /of rytuie verskaf is :	0
Totaal	<u>155</u>

Die skoolrade van Heidelberg, Pretoria en Witwatersburg het voorkeur gegee aan geldbeurse in plaas van transportdiere te verskaf. Die Direkteur beveel aan dat transportdiere lievers verskaf moet word, omdat dit op die duur baie goedkoper uitkom 4). Die Skoolraad van Heidelberg

1) Statutes of the Transvaal 1907, 92.
 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1912, 9 - 11.
 3) Ibid., 11.
 4) Ibid., 11.

het dadelik op hierdie aanbeveling gereageer, want op 31 Maart 1912 het hulle reeds die volgende aankope van diere en rytule gemaak 1).

<u>Mulle</u>	<u>Donkies</u>	<u>Osse</u>	<u>rytule</u>	<u>Totale Koste.</u>
11	96	14	5	£1,126-13-9.

Dit was die begin van 'n prosedure wat vir 'n lang ry van jare gevolg is om die vorming van eenmanskole teë te werk en leerlinge te help om die klein sentrale skole te bekom. Die stelsel het feitlik onveranderd in werking gebly totdat die eerste motorvervoerskemas in 1939 ingestel is 2).

Enkele gevalle waar die amalgamasie van twee of meer skole met mekaar onder oorweging was, het sonder uitsondering op niks uitgeloop nie. In 1913, byvoorbeeld, het die Skoolraad die amalgamasie van Bultfontein, Uitkyk, Frischgewaagd en Langzeekoogat oorwaag. 'n Subkommissie, bestaande uit ds. P. Postma (voorsitter), N. Alberts en dr. H. Mannsell, is benoem om 'n vergadering te Bultfontein te hou en die saak te ondersoek 3). Ds. Postma het gerapporteer dat op die vergadering waar die skoolkommissies van al vier skole teenwoordig was, besluit is om nie tot sentralisasie oor te gaan nie 4).

Op 4 Junie 1914 het 'n afgevaardigde van die skoolkommissie van Bultfontein voor die Raad verskyn om te pleit vir die sentralisasie van Bultfontein by Nigel-skool. Hy het vyf redes genoem waarom 'n ouervergadering en die skoolkommissie om sentralisasie vra. Daaruit blyk dat die skole slegs $2\frac{1}{2}$ myl van mekaar geleë is. Die Raad het besluit om al die stukke in verband met hierdie versoek aan die skoolkommissie van Nigel te stuur vir behandeling en rapport 5).

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys 1912, 12.
 - 2) Ibid., 1910 - 1939 en Notule Heidelbergse Skoolraad, 1910 - 1939.
 - 3) Notule, Skoolraad, 4 Desember 1913.
 - 4) Ibid., 5 Maart 1914.
 - 5) Ibid., 4 Junie 1914.

Op 11 Augustus 1914 het die Skoolraad al die stukke in sake die sentralisasie van die twee skole na die Departement gestuur en dit aanbeveel, mits die nodige transport verskaf kan word 1). Die Raad het selfs die verkiesing van 'n nuwe skoolkommissie vir Bultfontein uitgestel hangende die beslissing van die Departement 2). Die Departement het egter geantwoord dat onder omstandighede geen vervoer verskaf kan word nie en die Raad versoek om hulle voorstel van sentralisasie terug te trek 3).

Uit hierdie geval word dit duidelik dat die Departement nog nie oor die nodige middels beskik het om sentralisasieskemas, soos ons dit vandag ken, deur te voer nie.

In 1920 het 'n afvaardiging uit die omgewings van Wildealskraal en Witkop voor die Raad verskyn en gevra dat die twee skole gesentraliseer moet word op Klipdrif, die plaas van ene mnr. ? Human. Hy was gewillig om 'n gebou op te rig, op voorwaarde dat die Raad dit sal huur teen 'n huurgeld wat gelykstaan aan 7% van die boukoste. Die Raad se besluit was dat hulle die ouers sal help, maar hulle moet alles self met mnr. ? Human skriftelik reël 4).

Op 'n latere vergadering het 'n protesbrief van 'n ander groep ouers van Wildealskraal voor die Raad gedien. Die here L. Alberts en F. Hattingh is toe deur die Raad afgevaardig om die skoolkommissie en ouers te ontmoet en oor die hele aangeleentheid te rapporteer 5). Die uitslag was dat daar geen hoop vir sentralisasie bestaan nie. Die twee afgevaardigdes beveel aan dat 'n ondersteunde plaasskool op Witbank opgerig moet word 6). Dit was dus 'n aanbeveling in die rigting van

-
- 1) Notule, Skoolraad, 11 Augustus 1914.
 - 2) Ibid.,
 - 3) Ibid., 1 Oktober 1914.
 - 4) Ibid., 18 Mei 1920.
 - 5) Ibid., 17 Augustus 1920.
 - 6) Ibid., 21 September 1920.

desentralisasie.

Nog 'n versoek om te sentraliseer het in 1931 voor die Raad gedien. Die skole Grootvlei, Rietvlei, Braklaagte en Bothaskraal het 'n skema om te sentraliseer aan die Raad voorgelê 1). 'n Subkomitee van die Raad, bestaande uit die here ds. A.J.G. Oesthuizen, D.J.M. Jordaan en C.E. Moffitt, het die deputasie op 18 April 1931 ontmoet 2). By 'n latere vergadering van die Skoolraad rapporteer die subkomitee dat die skema bespreek en oorweeg is maar dat hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat die voorgestelde skema twyfelagtig en onseker is. Die skema sal 'n kapitaaluitgawe van £2200 verg en 'n ekstra lopende uitgawe van £1900 per jaar veroorsaak. Hulle kan dus nie die skema aanbeveel nie. Die Raad het hierdie rapport en aanbeveling net so aanvaar 3).

Uit die voorbeelde wat ek hier genoem het, sien ons dat gedurende 'n tydperk van meer as 25 jaar die beginsel van sentralisasie in gedagte gehou is maar dat die uitvoering daarvan deur baie faktore aan bande gelê is. Die Skoolraad het byvoorbeeld nooit die oprigting van 'n nuwe skool toegelaat alvorens hulle ter plaatse ondersoek ingestel het of die voorgestelde skool nie te naby 'n reeds bestaande skool sal wees nie en of die leerlinge nie met vervoer 'n bestaande skool kan bywoon nie 4). Die aantal losies- en vervoerbeurse wat aan leerlinge toegeken is, en die aantal goewermentsdiere wat vir vervoerdoeleindes verskaf is, gee 'n duidelike beeld van die omvang wat hierdie soort sentralisasie aangeneem het. Daarby moet nog onthou word dat beurse en diere slegs aan behoeftige leerlinge toegeken is, sodat die getalle van die kinders van bemiddelde ouers nie hierby getel is nie. Ek verstrek hieronder die gegewens in verband met losies en vervoer oor 'n

1) Notule, Skoolraad, 20 Maart 1931.

2) Ibid., 17 April 1931.

3) Ibid., 15 Mei 1931.

4) Ibid., vgl. o.a., 11.4.1918, 8.4.1919, 17.2.1920.

tydperk van jare:

Jaartal.	<u>Loseerders.</u>	<u>Priv. Transp.</u>	<u>Goewt. Transport.</u>		
	Gem. getal losiesbeur- se p.j.	Gem. getal beurse p.j.	Diere.Ry- tuie.kinders vervoer.	Getal	
1917	45	61	245	7	403
1918	37	91	285	7	436
1919	60	111	380	5	499
1920	83	171	402	6	503
1921	90	212	438	6	460
1922	69	288	526	6	422 (1)
1923	72	200	528	6	449
1924	43	210	571	4	439
1925	37	240	582	1	393
1926	37	243	454	1	322 (2)
1927	33	265	386	1	212
1928	32	218	246	0	201 (3)
1929	42	213	259	0	171
1930	37	214	210	0	157
1931	37	27	211	0	144
1932	51	29	176	0	138
1933	58	36	182	0	136 (4)

Uit hierdie tabel merk ons op dat die toekenning van laerskoolbeurse sy grootste omvang bereik het in die vroeë twintiger jare.

Na 1925 vind 'n geleidelike afname plaas, en in die jare 1930 tot 1933 daal die beurstoekennings tot 'n laagwatermerk. Dit was die depressiejare en die skoolrade het van die Onderwysdepartement opdrag gekry om op alle moontlike maniere te besuinig 5).

In die tydperk 1910 tot 1934 is die beginsel van sentralisasie dus gedeeltelik toegepas maar nie in so 'n mate

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1917 - 1922.
 2) Ibid., 1923 - 1926, Bylae ix.
 3) Ibid., 1927 - 1928, Bylae viii.
 4) Ibid., 1929 - 1933, Bylae vii.
 5) Notule, Skoolraad, 19/6/1931 en herhaaldelik in notule.

en op dieselfde wyse as wat dit in die daaropvolgende jare uitgevoer is nie.

(II) Sentralisasie van 1934 tot 1950:

Die jaar 1934 was die begin van nuwe ontwikkeling op onderwysgebied in die Transvaal. In sy jaarverslag verwys die Direkteur van Onderwys na die gedagte van skoolplase wat deur die Administrateur, mnr. S.P. Bekker, in verband met die plattelandse onderwys aanhangig gemaak is. Die gedagte was om groot sentrale skole met 'n plaas, waarop die leerlinge ook boerdery kon leer, op die platteland op te rig 1).

Dit was een manier van sentralisasie, maar in die distrik Heidelberg het nooit 'n skoolplaas tot stand gekom nie. 'n Ander manier om skole te sentraliseer was die instelling van motorvervoerskemas. In 1934 het die Onderwysdepartement die skoolrade per omsendbrief (No. 7 van 1934) in kennis gestel van 'n plan om 'n opname van die hele Transvaal te maak om te oorweeg waar sentralisasie deur middel van motorvervoerskemas of deur stigting van koshuise teweeggebring kan word. Die Heidelbergse Skoolraad het hierdie aangeleentheid opgedra aan die volgende here: W.J. Geerling (inspekteur van onderwys), F. Robertson, ds. A.J.G. Oosthuizen en die Sekretaris. Hulle moes die toestande in die distrik oorweeg om, indien dit gevra word, informasie aan die Onderwysdepartement te kan verskaf 2).

Op 24 Augustus 1934 het die nuutverkose Raad, bestaande uit die here F. Robertson, ds. N.H. van der Walt, ds. A.J.G. Oosthuizen, P.D. Bekker, C. Willemsen en M. Ackerman, hulle eerste vergadering gehou. Hierdie Raad het die Inspekteur van Onderwys, mnr. F. Robertson, di. A.J.G. Oosthuizen en N.H. van der Walt as die subkomitee vir sentralisasie benoem 3).

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1934, 1-4.

2) Notule, Skoolraad, 20 April 1934.

3) Ibid., 24 Augustus 1934.

By die volgende vergadering het die subkomitee gerapporteer dat „gewone sentralisasie” nog nie in hierdie distrik uitgevoer kan word nie 1).

Wat die oprigting van skoolplase betref, het die Raad in 1935 uit 'n aantal plase wat vir die doel te koop aangebied is, die volgende drie plase in orde van voorkeur by die Provinsiale Administrasie aanbeveel: Rietfontein 178, Goedgedacht en Tamboekiesfontein 2). Die Administrateur het hierop geantwoord dat dit nie vir hom moontlik is om enige stappe met die aankoop van skoolplase te doen voordat die begroting deur die Provinsiale Raad goedgekeur is nie 3). Hiermee was die saak vir goed van die baan.

Sentralisasie met motorvervoerskemas is vir die eerste keer op groot skaal aangepak en daadwerklik deurgevoer toe die sentralisasiebeampte, mnr. R.S. Ferreira, die distrik in Augustus 1938 besoek het en 'n opname van die moontlikhede gemaak het 4). Op 7 November 1938 is 'n spesiale Skoolraadsvergadering gehou om sentralisasie te bespreek en oor die aanbevelings van mnr. R.S. Ferreira te besluit. Die volgende skemas is aanvaar en by die Departement aanbeveel:

Modderfonteinskool na Balfour,
Annaskool na Grootvlei,
Leeuwfontein 159 na Grootvlei,
Steynskraalskool na Heidelberg Laer Volksskool,
Malanskraalskool na Heidelberg Laer Volksskool,
Elandsfonteinskool na Heidelberg Laer Volksskool,
Rooikraalskool na Rondebult (Witwatersrand-Oos,
Skoolraadsgebied),
Rietfontein 291 na Balfour 5).

Verder word aanbeveel dat die volgende skole gesluit moet word:

-
- 1) Notule, Skoolraad, 23 Sept. 1934.
 - 2) Ibid., 23 Aug. 1935.
 - 3) Ibid., 27 Maart 1936.
 - 4) Ibid., 25 Aug. 1938.
 - 5) Ibid., 7 Nov. 1938.

Leeuwfontein 330,

Palmietfontein 162 1).

Die Departement het besluit dat Leeuwfontein 159-skeol voorlopig nie gesluit sal word nie 2).

In 1939 is verder die volgende sentralisasieskemas aanbeveel en goedgekeur:

Witbank na Eendrachtskool,

Skikfontein-Kafferskraal na Heidelberg Laer Volksskool,

Hartebeestfontein na Grootvleiskool 3).

Aan die einde van 1939 het reeds die volgende vervoerskemas onder die Heidelbergse Skoolraad bestaan 4).

<u>Skema.</u>	<u>Getal lle. vervoer.</u>	<u>Afstand in myle, enkelroete.</u>
Balfour - Modderfontein	40	11.4
Balfour - Rietfontein	45	14.8
Eendracht - Witbank	40	13.4
Grootvlei - Anna	35	16.5
Grootvlei - Hartebeestfontein	35	13.5
Heidelberg - Skikfontein	36	13.5
Volksskool - Elandsfontein	40	17.2
Volksskool - Malanskraal	40	16.5
Volksskool - Steynskraal	35	15.6

Die getal skole onder die Skoolraad het in die jaar, as gevolg van die instelling van die sentralisasieskemas, met 9 verminder. Aan die einde van 1938 was daar 31 skole in werking 5), terwyl die getal aan die einde van 1939 tot 22 gedaal het 6).

In 1940 het nog drie skemas bygekom naamlik:

Beerlaagte - Leeuwlaagte - Witkleifontein,

Modderbult - Wolwehoek - Klippan,

Nigel - Frischgewaagd 7).

1) Notule, Skoolraad, 7 Nov. 1938.

2) Ibid., 23 Febr. 1939.

3) Ibid., 27 April 1939.

4) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1939, 213.

5) Ibid., 1938, 180.

6) Ibid., 1939, Bylae III.

7) Ibid., 1940, 141.

Nieteenstaande die intermediêre skool te Nigel gedurende die jaar afgestig het en 'n skool te Dunnottar opgerig is 1), het die totale getal skole nog van 22 aan die einde van 1939 na 20 in 1940 verminder 2).

Vanaf die begin van 1941 is nog vier skole gesentraliseer, naamlik Goedgezicht by Heidelberg Volksskool 3) en Bultfontein, Langzeekoegat en Uitkyk 97 by Nigel 4).

Hiermee was die belangrikste sentralisasiewerk afgehandel. Om 'n duidelike beeld te kry van wat deur sentralisasie teweeggebring is, gee ek hier 'n tabel wat 'n oorsig gee vanaf 1938 tot 1941 5).

<u>Jaartal.</u>	<u>Getal skole.</u>	<u>Getal leerkragte.</u>	<u>Totale getal lle. in Des.</u>	<u>Gem. getal lle. per onderwyser.</u>
1938	31	115	2859	24.9
1939	22	108	2780	25.7
1940	20	103	2749	26.7
1941	18	102	2712	26.6

Hoewel die getal leerlinge van 1938 tot 1941 maar met 147 verminder het, het die aantal skole met 13 verminder en die onderwysers ook met 13. Gemiddeld het elke onderwyser in 1941 byna 2 kinders meer behartig as in 1938. Dit moet vir elkeen duidelik wees dat die sentralisasie van skole 'n aansienlike besparing aan uitgawes beteken het. Maar die grootste voordeel lê daarin dat groter skole met groter personele en beter onderwysfasiliteite tot stand gekom het.

Vanaf 1941 tot 1950 het daar nog heelparty nuwe voorskemas en veranderings in bestaende busroetes gekom, maar dit het nie altyd beteken dat skole gesluit en gesentraliseer is nie 6). Hierdie optrede van die Skoolraad het net die stigting van klein skooltjies voorkom.

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1940, 187, en Notule, Skoolraad, 27 Mei 1940.
 - 2) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1939 en 1940, Bylae 111.
 - 3) Notule, Skoolraad, 29 Aug. 1940.
 - 4) Ibid., 26 Sept. 1940.
 - 5) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1936 - 1941,
 - 6) Herhaaldelik in Notule van Skoolraad./ Bylae 111.

Met die herindeling van skoolraadsdistrikte in 1947 het die volgende veranderinge in Heidelberg plaasgevind 1):

(i) Nigel-Afrikaansmedium, Nigel-Engelsmedium, Nigel Junior Hoër en Dunnottar is oorgeplaas na Witwatersrand-Oos.

(ii) Stompiesfontein- en Vischkuilskole is van Witwatersrand-Oos na Heidelberg oorgeplaas.

(iii) Greylingstad is van Standerton en Leslie van Bethal oorgeplaas na Heidelberg.

Verder is Leeuwlaagte Nr.235 aan die einde van die tweede kwartaal 1947 gesluit, terwyl 'n nuwe skool te Hallgate geopen is aan die begin van die derde kwartaal 1948. Op 7 Maart 1949 is die skool te Tamboekiesfontein gesluit, en die kinders is gesentraliseer by Volksskool, Heidelberg en Kate Hamel-skool onder Witwatersrand-Oos-Skoolraad. Modderbult 328-skool is ook vanaf die begin van die derde kwartaal 1949 by Balfour gesentraliseer 2).

Aan die einde van 1950 bestaan die volgende blanke skole onder die Heidelbergse Skoolraad 3):

<u>Naam van skool.</u>	<u>Inskrywing 1ste kw., 1951.</u>
Hoër Volksskool, Heidelberg	675
A.G. Visser	311
Balfour Intermediêr	577
Braklaagte	80
Devon	36
Eendracht Intermediêr	159
Greylingstad	129
Grootvlei	215
Hallgate	159
Heidelberg Publieke Skool	76
Jameson Park	88
Leslie	196

1) Departementele Omsendbrief No.2 van 1947, 10.

2) Meegedeel deur Sekretaris, Skoolraad, Heidelberg.

3) Skoolraadkantoor, Heidelberg, lêer 16/B/1.

Stompiesfontein	48
Vischkuil	210
Laer Volksskool, Heidelberg	592.

(e) Inspeksierapporte en verslae van 1910 tot 1950
met die oog op:

(I) Onderwyspersoneel:

My doel is om hier kortliks na te gaan hoe die onderwyspersoneel as een van die belangrikste faktore in die onderwys bygedra het tot die verbetering en ontwikkeling van die onderwys in Heidelberg van 1910 tot 1950. Die kwessie van kontinuïteit in die onderwys is direk afhanklik van die stabiliteit van die onderwyspersoneel. Veral by die plaasskole het daar gedurende die eerste jare onder bespreking 'n gebrek aan kontinuïteit bestaan as gevolg van die rondtrekkery van die onderwysers. Volgens inspekteur N. Hofmeyr was Heidelberg nogal gelukkig in die opsig, want hy het gevind dat die onderwysers betreklik lank in hul poste bly en nie so baie rondtrek nie 1). Maar dit wil gladnie sê dat daar nie veel ruimte vir verbetering was nie. In 1918 vind mnr. T.G. Ligertwood dat daar slegs drie onderwysers nog aan dieselfde skole was waar hulle ses jaar vantevore was. Hy skryf die rondtrekkery toe aan die gebrek aan geskikte onderwyserewonings 2). Vanaf 1920 het toe-stande geleidelik verbeter en het daar meer kontinuïteit in die onderwys gekom. In 1923 kon inspekteur J. Lub rapporteer dat die onderwysers minder van poste verwissel 3).

Van groot belang vir die onderwys is ook die genalte van die leerkragte wat die werk moet doen. Dit word ener- syds bepaal deur die persoonlike eienskappe en mate van belangstelling van die onderwysers, maar in 'n meerdere mate deur die opleiding en toegerustheid vir die werk. Die

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1913, 91 - 98.
 2) Ibid., 1918, 140 - 142.
 3) Ibid., 1923, 132 - 134.

kwalifikasies van die onderwyspersoneel het dus baie te doen met die onderwyspeil.

In die vroegste jare van hierdie tydperk was daar nog heelparty onderwysers in Heidelberg wat ongesertifiseerd was. In 1913 kon inspekteur N. Hofmeyr al rapporteer dat die meeste gekwalifiseerd was en dat baie onderwysers privaat studeer om hulle kwalifikasies te verbeter 1). Die toestand het geleidelik verder verbeter, sodat mnr. J. Lub in 1923 kon rapporteer: „Ongesertifiseerde onderwysers het feitlik verdwyn“. Daar was toe nog net 'n paar ongesertifiseerde assistente in Heidelberg. Die meeste onderwysers het hulle kwalifikasies verbeter 2).

Om enigsins 'n begrip te kry van hoe die toestand verbeter het, verstrek ek hier die statistieke wat die kwalifikasies van onderwysers(esse) aantoon vir die jaar 1917 en vanaf 1920 elke vyfde jaar 3):

Jaartal.	0. 2		0. 3		0. 3 (voorlopig)		Lisensie.		Lisensie, (voorlopig).	
	M.	V.	M.	V.	M.	V.	M.	V.	M.	V.
1917 :	17	3	30	27	20	14	-	-	-	1
1920 :	20	3	28	40	27	28	-	-	-	3
1925 :	35	8	34	68	19	6	-	-	-	-
1930 :	42	7	24	38	-	-	-	-	1	-
1935 :	40	17	20	24	-	-	-	-	-	-

Die onderwysverslae verstrek vanaf 1937 ook die getalle van gegradueerdes. In die statistieke van die volgende paar jare gee ek dus ook die aantal onderwysers(esse) met grade en deel hulle ook nog verder in volgens die professionele kwalifikasies 4):

Jaartal.	Met grade.		0.2 (opgelei).		0.2 (onopgelei).		0.3 (opgelei).		0.3 (onopgelei).		Sonder sert.	
	M.	V.	M.	V.	M.	V.	M.	V.	M.	V.	M.	V.
1940	21	1	47	21	2	-	11	20	-	-	1	1
1945	26	8	51	25	2	1	6	23	-	-	11	-
1948	23	2	46	23	-	-	6	21	1	-	-	-

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1913, 91 - 98.

2) Ibid., 1923, 132 - 134.

3) Ibid., Sien betrokke jare, Bylaes.

4) Ibid.

Die Direkteursverslae oor die jare 1949 - 1950 is nog nie gepubliseer nie, sodat dit nie vir my moontlik is om die statistieke tot 1950 te verstrek nie. Uit die syfers oor die jare hierbo verstrek, is dit duidelik dat die onderwyspersoneel, wat kwalifikasies betref, stap vir stap vooruitgegaan het. Die getalle van onderwysers(esse) met 'n Tweede Klas-sertifikaat het bestendig gestyg, terwyl die met 'n Derde Klas-sertifikaat geleidelik verminder het. Dit is veral die mans wat die hoër kwalifikasies, professioneel en akademies, verwerf.

(II) Metodes, leervakke en hulpmiddels by die onderwys:

Ook wat betref die metodes van onderwys, die verbetering en uitbreiding van die leervakke en die ingebruikneming van beter en meer leermiddels, was die tydperk 1910 tot 1950 jare van bestendige en vrugbare groei.

Wat die metodes van onderwys betref, word daar in die inspeksierapporte van die jare, veral voor 1930, heelwat gekla dat die beste metodes nie deur almal toegepas word nie 1). Onderwysers bly nie almal op hoogte met die ontwikkeling in hulle professie nie en lees te min opvoedkundige boeke, met die gevolg dat hulle metodes verouderd raak 2). Selfs nog in 1939 rapporteer mnr. C.J. Blom dat die metodes in die onderrig van die tweede taal deurgaans verkeerd is en daarom ondoeltreffend. Hoewel daar oor die algemeen vordering gemaak is, is daar nog heelwat ruimte vir verbetering, veral wat die metodes van onderwys betref 3).

In dieselfde jaar nog is 'n konferensie te Heidelberg deur 89% van die inspeksiekring se leerkragte bygewoon. Bybelonderwys en die onderrig van die tweede taal is op die konferensie bespreek, en die invloed ten goede kon daarna in die klaskamerpraktyk waargeneem word 4). In April 1942 is

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys 1912, 78 en 1913, 91 - 98.

2) Ibid., 1925, 140 en 1927, 137.

3) Ibid., 1939, 67.

4) Ibid., 1939, 68.

weer 'n vakansiekursus in Kunsvlyt en 'n reeks lesse en demonstrasies oor die onderrig van die tweede taal te Heidelberg gehou 1). In 1943 kon inspekteur Blom rapporteer dat die voordele wat uit die kursus getrek is, by die meeste skole op te merk is 2). Deur middel van kortkursusse, lesings en konferensies oor die metodes van onderwys het die onderwysers(esse) in die jongste jare genoegsame geleenthede om tred te hou met die nuutste ontwikkelinge op onderwysgebied.

Ook die leervakke het geleidelik verbeter en uitgebrei. Die twee tale was in 1912 die swak punt in die meeste Heidelbergse skole. Vir die Afrikaanse kinders was beide Hollands en Engels vreemde tale 3). Vanaf 1917 is Afrikaans ingevoer in die plek van Hollands. Dit was 'n groot stap vooruit, maar die probleem was dat daar so min boeke in Afrikaans beskikbaar was. Daar was 'n gebrek aan skoolboeke sowel as algemene leesboeke in Afrikaans 4). Mnr. A. Stephen het die feit betreur dat daar so baie verskil in die toepassing van Afrikaans as vak tussen die skole bestaan. Party skole begin met Afrikaans in die grade, ander skole pas dit dwarsdeur toe, terwyl 'n paar skoolkommissies Hollands as vak gekies het. Dit lei tot verwarring wanneer kinders van die een skool na 'n ander gaan 5).

Mnr. T.G. Ligertwood het gemeen dat die onderwysers te veel die gebrek aan boeke in Afrikaans voorhou as 'n rede waarom hulle nie die vak grondig kan onderrig nie. Baie onderwysers het aan hom in Afrikaans geskryf, en hy vind dat die Afrikaanse briewe baie natuurliker lees as die Hollandse 6).

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1941, 80.

2) Ibid., 1943, 89.

3) Ibid., 1912, 78.

4) Ibid., 1917, 138 - 144.

5) Ibid., 1918, 147 - 151.

6) Ibid., 1918, 140 - 142.

Die rapporte oor Engels en Afrikaans het gaandeweg verbeter. So rapporteer inspekteur J. Lub byvoorbeeld in 1923 dat die onderwys oor die algemeen verbetering toon - selfs ook in Rekene en Engels 1). In 1937 is mej. H.E. Cuffe verras oor die vaardigheid van die leerlinge in die tweede taal 2).

Georganiseerde liggaamsoefeninge en spele het in 1917 nog nie as 'n vak bestaan nie 3) en is baie jare daarna aan die meeste skole nog afgeskeep. So laat as 1937 rapporteer mej. Cuffe nog as volg: „Liggaamsoefeninge in die buiteskole is die Aspoester en Sang kom kort daarna. Handwerk en Naaldwerk is teleurstellend“ 4). Hieruit blyk dat hierdie vormende vakke veral in die buiteskole nie veel aandag gekry het nie. Maar ook hierin het verbetering gekom. In die begin van 1939 is 'n reeks van vyftien lesse op Saterdag in liggaamlike opvoeding te Heidelberg gehou. Dit is goed bygewoon deur die leerkragte van die inspeksiekring, en aan die einde van die jaar het die meeste skole 'n kort periode per dag aan liggaamsoefeninge afgestaan 5).

In 1941 is 'n nuwe vak Kuns-vlyt ingevoer. In die Heidelbergse skole het dit heelwat hoofbrekens aan onderwysers(esse) besorg. Om die saak te verhelp is 'n vakansiekursus, wat goed bygewoon is, in 1942 gehou. Dit het daartoe gelei dat ook hierdie vak in die skole tot sy reg gekom het 6).

Geskikte hulpmiddels was vir 'n lang tydperk van beperkte aard en omvang. 'n Groot hulpmiddel by die onderwys, veral van tale, is 'n geskikte boekery. Dit blyk dat baie hoofde veral van buiteskole nie die waarde daarvan besef het nie. In 1927 rapporteer dr. H. Gutsche dat by baie

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1923, 132 - 134.
 - 2) Ibid., 1937, 48.
 - 3) Ibid., 1917, 138 - 144.
 - 4) Ibid., 1937, 48.
 - 5) Ibid., 1939, 68.
 - 6) Ibid., 1941, 80 en 1943, 89.

skole nog geen biblioteek bestaan nie 1)). In 1933 was daar nog verskeie skole sonder 'n biblioteek, terwyl daar reeds baie skole was wat van die Germistonse Carnegie-biblioteek gebruik gemaak het om hulle boekery aan te vul 2)). Vanaf 1937 is die rapporte oor die skoolbiblioteke baie gunstiger en lyk dit asof die waarde daarvan ten volle beseef word 3)).

Die waarde van ander hulpmiddels by die onderwys is ook meer en meer beseef. In 1939 kon mnr. C.J. Blom rapporteer dat 'n aansienlike aantal skole gebruik gemaak het van die ondersteuning wat die Departement gee deur projektors, tikmasjiene en dupliseermasjiene aan te koop. Die projektor en opvoedkundige rolprente het begin veld wen in die skole 4)). Deur gebruik te maak van hierdie hulpmiddels het die metodes van onderwys ook baie verander en verbeter.

(III) Geboue en uitrusting:

In die eerste rapport van inspekteur T.G. Ligertwood na die totstandkoming van die Unie is sy opmerkings oor geboue en uitrusting heeltemal bemoedigend. Verskeie goeie geboue is in die Heidelberg-kring opgerig. Die nuwere onderwyserswonings was beter as die ouer tipe. By heelparty skole was daar nog nie onderwyserswonings nie. Meubels en ander uitrusting was geskikter en oor die algemeen voldoende 5)). Die bouprogram in die distrik het geleidelik gevorder, sodat ons in die verslag van 1919 die volgende opgawe kry van geboue wat van die stigting van die Unie in 1910 tot 31 Desember 1919 voltooi is 6)):

Onderwyserswonings 10

Skoolgeboue 15

Klaskamerruimte vir 1318 leerlinge.

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1927, 136.

2) Ibid., 1933, 107.

3) Ibid., 1927, 48.

4) Ibid., 1939, 68.

5) Ibid., 1912, 78.

6) Ibid., 1919, Bylae ix.

Die volgende jaar is nog twee nuwe geboue opgerig te Willemsdal vir 190 leerlinge en te Slangfontein vir 32 leerlinge.

Ook is die volgende geboue vergroot:

Braklaagte vir 25 leerlinge,

Modderbult vir 30 leerlinge en

Nigel vir 35 leerlinge 1).

In die eerste tien jaar van provinsiale bestuur is daar dus altesaam 17 nuwe skoolgeboue opgerig en klaskamer-ruimte voltooi vir 1630 leerlinge.

In 1922 is die gebou van die Hoër Volksskool, Heidelberg, vir 400 leerlinge voltooi en ook 'n koshuis vir die Normaalkollege 2). Vir die daaropvolgende jare is daar weinig aan geboue in Heidelberg gedoen.

Inspekteur J. Lub het in 1923 gerapporteer dat die geboue oor die algemeen goed is behalwe op Nooitgedacht, Rietfontein 291, Hexrivier en Bultfontein, waar skoolgeboue dringend noodsaaklik was 3). Eers in 1926 het Rietfontein 291 'n nuwe gebou gekry, en in die volgende jaar is geboue te Bultfontein, Hexrivier, Devon en Grootvlei opgerig 4).

Tot 1932 is nog enkele kleinere skoolgeboue en onderwyerswonings in die distrik opgerig 5), en daarmee was in die behoefte van die plaasskole voorsien.

Vanaf 1930 het die behoefte aan skoolruimte geleidelik van die plaasskole na die dorpskole verskuif en moes aanbouings by bestaande geboue van tyd tot tyd plaasvind. In 1935 rapporteer mnr. W.J. Geerling dat die geboue in die vinnig groeiende omgewings te klein word, en hy verstrek dan die gemiddelde vermeerdering van Desember 1932 tot Desember 1935 vir die skole hieronder soos volg 6):

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1920, Bylae III.
 - 2) Ibid., 1922, Bylae III.
 - 3) Ibid., 1923, 132 - 134.
 - 4) Ibid., 1926 en 1927, Bylae III.
 - 5) Ibid., 1928 - 1932, Bylae III.
 - 6) Ibid., 1935, 119.

<u>Skool.</u>	<u>Inskrywing, Des. 1932.</u>	<u>Inskrywing, Des. 1935.</u>	<u>Persent. vermeer- dering.</u>
Bultfontein	30	69	130
Eendracht	67	104	55
Heidelberg Publieke Skool	77	133	72
Nigel	246	435	176,8
Rensburgdorp	76	155	102
Laer Volksskool	328	378	15.

Met die instelling van sentralisasieskemas vanaf 1938 het die vermeerdering by die sentrale skole nog vinniger toegeneem en moes ekstra voorsiening deur aanbouings by die volgende skole gebou word 1):

Balfour (vir die tweede keer),
Eendracht,
Hoër Volksskool.

Ook by die Heidelbergse Kookkuns- en Handwerksentrums het die ruimte heeltemal ontoereikend geword 2). In 1939 is 'n nuwe gebou vir die Huishoudkunde- en Handwerksentrums by die Hoër Volksskool voltooi 3). So het die boubedrywighede onverpoosd aangegaan. Te Dunnottar en Rensburgdorp is nuwe skoolgeboue in 1940 opgerig en by Nigel is aangebou. Ook Balfour-skool moes in 1941 vir die derde keer aanbouings bykry 4).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Skoolraad van Heidelberg en die Onderwysdepartement hulle uiterste gedoen het om toe te sien dat die onderwys nie geskaad word deur die gebrek aan skoolruimte nie. Die boubedrywighede het altyd probeer tred hou met die ontwikkelinge en uitbreiding in die distrik.

(IV) Uitbreiding van die skool se pligte:

In die tydperk 1910 tot 1950 het die vereistes wat aan 'n volwaardige skool gestel word, ook geleidelik uitgebrei.

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1938, Bylae xvi.
2) Ibid., 1937, 47.
3) Ibid., 1939, Bylae xvi.
4) Ibid., 1940 en 1941.

Nie alleen het die pligte van die onderwyser binne die klaskamer meer gespesialiseerd geword en van hom voortdurende studie vereis nie, maar aan die onderwyser is ook geleidelik meer en meer pligte toegeken buite die klaskamer en na skoolure. Buitemuurse aktiwiteite het deel van elke skool se taak geword.

Ook die Heidelbergse skole het hierin nie agtergebly nie. Die vroeëre inspeksieverslae verswyg die bedrywighede buite skoolure, maar in 1933 maak inspekteur W.J. Geerling gewag van die lofwaardige werk van die personele om wedstryde in voetbal en korfbal vir die leerlinge te organiseer 1).

In 1939 rapporteer mnr. C.J. Blom dat die meeste skole voetbal en korfbal beoefen en jaarliks deelneem aan gekombineerde atletiese sportbyeenkomste op sentrale plekke. Ook het Heidelberg en distrik nog steeds besondere sukses met die jaarlikse kunswedstryd 2).

'n Nuwe taak het vanaf 1 Oktober 1943 bygekom, toe die Nasionale Voedingskema ingestel is 3). Vanaf daardie datum moes die laerskoolleerlinge elke skooldag by die skool gevoed word, en dit geskied in die meeste gevalle onder baie moeilike omstandighede. Dit verg meer tyd en verantwoordelikheid van hoofde en hulle personele. Aan die einde van die jaar het mnr. Blom oor die Heidelbergse skole gerapporteer dat die skema reeds by alle skole ingevoer is en met ywer toegepas word 4).

Afgesien van sportaktiwiteite, kunswedstryde en skoolvoeding het die meeste skole nog een of meer ander aktiwiteite wat nagekom moet word. Oor hierdie aangeleentheid wil ek egter volstaan met die volgende aanhaling uit die inspeksierapport van 1945 oor die Heidelbergse skole:

-
- 1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1933, 107.
 - 2) Ibid., 1939, 68.
 - 3) Ibid., 1943, 9 - 10.
 - 4) Ibid., 1943, 90.

'n Aspek van die werk van beide hoofde en assistente, wat besondere melding en 'n hartlike woord van waardering verdien, is hulle buitemuurse bedrywigheide in belang van hul skole en die leerlinge daarvan. Sport en Atletiek, scouts-, kadette- en Voortrekkerafdelings, skoolbasaars en tienie- en ouersaande, kunswedstryde en eie skooltentoonstelling, skoolvoeding en spaarklubs, verfraaiing van skoolterreine en skooltuine, gaan van die begin van die jaar tot die end voort en die reusesdeel van die werk word deur die personeel van die skole gedoen¹⁾.

(f) Skool-mediese dienste in Heidelberg:

Heidelberg is in die opsig gelukkig dat dit nie onderhewig is aan endemiese siektes soos bilharzia en malaria nie. Dit beteken egter nie dat mediese sorg vir die skoolgaande kinders nie nodig is nie.

In samewerking met die Tandheelkundige Vereniging van Transvaal het die Departement vanaf 1928 deeltydse dienste van tandartse in die plattelandse dorpe verkry²⁾. Onder hierdie skema het in die daaropvolgende paar jare die volgende getalle kinders in Heidelberg tandheelkundige behandeling ontvang³⁾:

<u>Jaar.</u>	<u>Getal seuns en dogters.</u>
1929	70
1930	317
1931	399
1932	373
1933	271

Hierdie skema het in 'n groot behoefte voorsien en die geleentheid vir behoeftige leerlinge geskep om behandeling te kan kry. Leerlinge het altyd meer en meer van die geleentheid gebruik gemaak. In 1940 en 1941 is 586 en 573 leerlinge respektiewelik behandel⁴⁾.

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1945, 103.

2) Ibid., 1929, 97.

3) Ibid., 1929 - 1933, mediese inspeksie: statistiek.

4) Ibid., 1940 - 1941, mediese inspeksie: statistiek.

Behalwe die tandheelkundige diens was die periodieke geneeskundige inspeksies by skole ook van groot waarde. Die belangrikste gebreke by die skoolbevolking het met sulke inspeksies aan die lig gekom en kon dan behandel word. In 1931 is byvoorbeeld 'n geneeskundige inspeksie by al die Heidelbergse skole gehou. 'n Opsomming van die syfers vir alle skole toon die volgende 1):

<u>Getal</u>	<u>Getal ge-</u>	<u>Swak</u>	<u>Oor, neus en</u>	<u>Onder-</u>	<u>Swak</u>
<u>ondersoek.</u>	<u>brekkig.</u>	<u>oë.</u>	<u>keelgebreke.</u>	<u>voeding.</u>	<u>hart.</u>
2363	1459	133	966	460	6.

Meer as die helfte van al die leerlinge wat ondersoek is, het dus een of ander liggaamlike moeilikheid gehad. Hiervan was die leerlinge met slegte tande, naamlik 966, verreweg die meeste, terwyl die getal hartlyers onbeduidend was.

Die aanstelling van 'n permanente skoolverpleegster in Heidelberg vanaf 1928 in die persoon van mej. J. Swemmer was 'n stap vooruit 2). Sy is in 1932 opgevolg deur mej. A. Kolbe, wat baie lank in Heidelberg as skoolverpleegster gedien het 3). Die verpleegsters doen waardevolle werk deur periodieke besoeke aan skole te bring en waar hulle dit nodig ag, die ouers van kinders te besoek en voorligting te gee. Ook gee hulle lesings en demonstrasies by skole om voorligting aan die kinders te verskaf 4).

'n Groot probleem waarmee die skoolverpleegsters in die jare voor 1936 te doen gehad het, was die gebrek aan onafhanklike vervoer. In Heidelberg waar slegs 'n paar skole per trein bereikbaar was, was dit 'n groot hindernis. Die verpleegster moes haar besoeke so reël dat dit inpas by die program van die inspekteur van onderwys, sodat sy met hom kon saamreis 5). In 1936 het die Departement reëlings

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1931, 173.

2) Ibid., 1928, 79.

3) Ibid., 1932, mediese inspeksie: statistieke.

4) Ibid., vanaf 1929.

5) Notule, Skoolraad, 21.3.30, 8.8.30 en 18.9.30.

getref om die skoolverpleegsters van 'n onafhanklike ver-
voerdienste te voorsien. Die reëling het vanaf die begin
van die tweede kwartaal in werking getree 1). Dit het
dadelik 'n verandering in die skoolbesoeke ten gevolge ge-
had, soos uit die gegewens vir 'n paar jare hieronder
blyk 2):

<u>Jaartal.</u>	<u>Aantal skoolbesoeke.</u>
1934	92
1935	98
1936 (10 maande)	100
1937	122.

Skool-mediese dienste is vandag 'n lank gevestigde en
vanselfsprekende ondersafdeling van opvoeding en onderwys in
Heidelberg.

(2) UNIE-ONDERWYS IN HEIDELBERG.

(a) Die Nywerheidskool te Emmasdal.

(I) Stigting en groei.

In 1909 het 'n verbeteringsgestig onder koloniale be-
stuur van Transvaal te Emmasdal tot stand gekom. In Janua-
rie 1912 is die verbeteringshuisbevolking oorgeplaas na
Houtpoort-verbeteringshuis, twee myl daarvandaan. Die
seuns van die Standertonse Nywerheidskool is toe oorgeplaas
na Emmasdal.

Vanaf Standerton het saam met die seuns twee onder-
wysers oorgekom, naamlik mnr. A. Webb en J.L. Pretorius.
Laasgenoemde was later hoof te Emmasdal en nog later hoof
te Houtpoort.

Die inrigting te Emmasdal het vanaf 1912 bekend gestaan
as 'n Staatsnywerheidskool of Industriëskool vir verwaarloos-
de kinders. Vanaf 1910 tot September 1917 het die inrig-
ting onder die jurisdiksie van die Departement van Ge-
vangeniswese gestaan. In September 1917 het die

1) Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1936, 91.
2) Ibid., 1934 - 1937, mediese inspeksie: statistieke.

Departement van Unie-onderwys die beheer oorgeneem.

In die beginjare is leerlinge vanaf die grade in die inrigting opgeneem. Vandag word alleen leerlinge van st. V en hoër opgeneem. Alleen kinders wat deur 'n Kommissaris van Kindersorg onder die Kinderwet van 1937 gekommitteer word, word deur die inrigting opgeneem. Offisieel neem die inrigting 260 leerlinge op, maar op die datum van my besoek was daar 280 op die rol 1).

(II) Die doelstelling van die inrigting.

Die inrigting het ten doel om die gedragsafwykende of sorgbehoewende kinders te rehabiliteer en hulle voor te berei om as nuttige burgers hulle plek in die samelewing in te neem 2).

(III) Leervakke en ambagte.

Die volgende skoolvakke word gedoseer: Bybelonderrig, Afrikaans en Engels, Matesis, Wetenskap, Tekene (Tegnies), Burgerkunde, Liggaamlike Opvoeding en Sang.

Elke seun moet een van die volgende ambagte leer: Bakkery, Messelwerk, Skilderwerk, Kleremakery, Loodgieterswerk, Pas- en draaibankwerk en Houtwerk.

Leerlinge kan die volgende eksamens aan die skool aflê: Nasionale st. VI, st. VII (Tegnies) en st. VIII (Tegnies) 3).

(IV) Uitplasing en nasorg.

Deur middel van verstandsmeting en skooltoetse word bepaal tot watter eksamen elke seun in staat behoort te wees. Wanneer 'n seun geslaag het in die standerd waartoe hy verstandelik in staat is, en hy, wat sy gedrag betref, genoegsaam aangepas is, word uitplasing in sy geval aanbeveel. Die Plaaslike Beheerraad het geen seggenskap oor die opname van die leerlinge nie maar moet toestemming verleen dat 'n seun uitgeplaas mag word.

1) Meegedeel deur mnr. J.H. Foster, vise-hoof, Emmasdal, en mnr. J.N. Struwig, hoof, Houtpoort en verkry uit die lêers van die Skoolkantoor.
 2) Meegedeel deur mnr. J.H. Foster.
 3) Ibid.

In sommige gevalle vind die skool vir die leerlinge werk en plaas hul daarheen uit. In ander gevalle gaan seuns na hul huise en vind self werk deur die hulp van die Arbeidsdepartement of andersins.

Wanneer seuns uitgeplaas word, staan hul nog onder toesig van die inrigting. Die toesig geskied deur die proefbeampte van die area waar die seun woonagtig is. Elke ses maande lewer die proefbeampte rapport oor die seun by die skool in. In uitsonderlike gevalle kan 'n proefbeampte aanbeveel dat 'n seun ontslaan word van die bepalinge van die Kinderwet voordat die toesigperiode verstryk het.

Die duur van die toesigperiode hang daarvan af op watter leeftyd 'n leerling na die skool gekommitteer is. As 'n leerling voor sy sestiende jaar na die inrigting gekommitteer word, duur die toesigperiode tot hy een-en-twintig jaar oud is. As hy na sy sestiende jaar gekommitteer is, duur die toesigperiode tot hy sy drie-en-twintigste jaar bereik het 1).

(V) Die beheer oor die Inrigting:

Die inrigting as geheel ressorteer onder die Departement van Unie-Onderwys, Kuns en Wetenskap. 'n Plaaslike Beheerrand van ses lede met die plaaslike magistraat, wat ex officio voorsitter is, word deur die Minister van Onderwys Kuns en Wetenskap vir 'n tydperk van twee jaar aangestel. Hulle vergader tweemaandeliks en dien die hoof van die inrigting en die departement van advies oor sake rakende die inrigting in die algemeen en in die besonder.

Die inrigting as sodanig staan onder die direkte beheer van 'n hoof; vanaf 1948 is dit mnr. J.J. Eksteen, bygestaan deur 'n onderhoof, tans mnr. J.H. Foster, en 'n aantal onderwysers, instruksieure en die nodige klerklike,

1) Meegedeel deur mnre. J.H. Foster en J.N. Struwig.

koshuis- en plaaspersoneel 1).

(VI) Die Inrigting:

Die inrigting is geleë op 'n plaas van ongeveer 700 morg groot. Die boerdery word behartig deur 'n plaasvoorman met natuurlike-arbeid.

Benewens die skool en werksinkels bestaan daar gerieflike koshuise vir die huisvesting van die seuns en inwonende personeel. Die inrigting besit ook sy eie hospitaal met 'n verpleegster. Die distriksgeneesheer is die huisdokter van die inrigting.

Elke koshuis besit 'n eie biblioteek. Boeke word aangekoop uit 'n jaarlikse toewysing van die departement en word dan onder die verskillende biblioteke verdeel 2).

(VII) Buite-aktiwiteite van seuns:

Buite skoolure word die leerlinge nuttig besig gehou. Die verfraaiing en bewerking van die skool- en koshuisterreine word deur die seuns behartig.

Ook bestaan daar 'n besonder aktiewe kadetafdeling, wat in die verlede al mooi gevestig was.

Die seuns kry voldoende geleentheid om aan sport deel te neem. In die winter word rugby, sokker, tennis, jukskel en sagtebal gespeel, terwyl in die somer krieket gespeel word en deelgeneem word aan atletiekbyeenkomste 3).

(b) Die J.W. Lückhoff-hulpskool vir subnormales:

(I) Die stigting en groei:

Oorspronklik was daar 'n gevangenis vir naturelle op die plaas Houtpoort, waar die J.W. Lückhoff-hulpskool vandag geleë is. Teen die einde van 1911 is die naturelle-gevangenes na Barberton oorgeplaas, en kort daarna is die verbeteringskoolkinders van Emmasdal na Houtpoort verskuif.

1) Meegedeel deur mnr. J.H. Foster en verkry uit die lêers van die Skoolkantoor.

2) Meegedeel deur mnr. J.H. Foster.

3) Ibid.

Vanaf sy ontstaan tot aan die einde van die eerste kwartaal van 1935 het die inrigting onder die beheer van die Departement van Gevangeniswese geressorteer. Dit het bekend gestaan as die Houtpoort-verbeteringsgestig. Aan die begin van die tweede kwartaal van 1935 is die inrigting oorgeplaas onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement.

Vanaf 1912 tot 1917 was die heer J.W. Lückhoff hoof van beide die inrigtings te Emmasdal en Houtpoort. Na 1917 was hy alleen hoof van die Nywerheidskool te Emmasdal, terwyl die magistraat van Heidelberg beheer uitgeoefen het oor die verbeteringsgestig te Houtpoort tot die inrigting in 1935 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is.

Mnr. M. Zeeman was die eerste hoof van die verbeteringsgestig nadat dit onder die beheer van die Onderwysdepartement geplaas is. Vanaf 1936 tot Januarie 1939 was mnr. J.L. Pretorius hoof. Hy is op 1 Maart 1939 opgevolg deur mnr. J.N. Struwig, die teenswoordige hoof.

Vanaf 1 Julie 1942 is die verbeteringskool gesluit en staan die inrigting bekend as die J.W. Lückhoff-hulpskool vir subnormale leerlinge. Dit het toe 'n Nywerheidskool geword soos die een te Emmasdal, met die verskil dat dit die subnormale gekommitteerde leerlinge opneem.

Toe die verbeteringskool gesluit is, was daar nog 42 leerlinge. Oor hulle is as volg beskik:

- (i) 15 het te Houtpoort gebly;
- (ii) 6 of 7 is na Emmasdal gestuur;
- (iii) sowat 8 of 10 is na die Porter-verbeteringskool naby Kaapstad gestuur;
- (iv) die res is huis toe gestuur of in werk uitgeplaas 1).

1) Meegedeel deur mnr. J.N. Struwig.

Teen die einde van Augustus 1942 was daar reeds 76 leerlinge aan die nywerheidskool, en in die tweede jaar het die getalle gestyg tot 90 1).

Vanaf 1945 bly die inskrywing op ongeveer 120 leerlinge, vir wie daar in die twee koshuise akkommodasie verskaf kan word 2).

(II) Doelstelling van die Inrigting.

Onder die Departement van Gevangeniswese was die doel van die verbeteringsgestig om die gekommitteerdes deur dwangmetodes en strengte dissipline te hervorm.

Onder die Onderwysdepartement het die doelstelling feitlik onveranderd gebly, maar die metodes om die doel te bereik het verander. Vandag word daar getrag om deur sielkundig-opvoedkundige metodes die gewenste hervorming teweeg te bring en die leerlinge se belangstelling vir een of ander ambag te wek 3).

(III) Leervakke en ambagte.

Die eksamenvakke is Afrikaans, Engels, Rekene, Burgerleer en Aardrykskunde. As byvakke word geneem: Bybelonderrig, Gesondheidsleer, Natuurkennis en Liggaamlike Opvoeding.

Een van die volgende ambagte kan deur die leerlinge gekies word: Houtwerk, Skoenmakery, Verfwerk, Messel- en Pleisterwerk en Landbou (groente- en vrugtekeukery en melkery).

Leerlinge kan slegs die Nasionale st. VI-eksamen aan hierdie skool aflê 4).

(IV) Uitplasing en nasorg,

Uitplasing geskied met goedkeuring van die Plaaslike Beheerraad en nadat 'n leerling voldoende aangepas is en in die skool gevorder het sover as wat hy verstandelik in staat is. Heelparty leerlinge gaan werk in tabakfabrieke of op die spoorweë. Ander gaan huis toe en word daar in werk geplaas.

1) Eerste Toelatingsregister, J.W. Luckhoff-hulpskool.

2) Meegedeel deur mnr. J.N. Struwig.

3 en 4) Ibid

Volgens die bepalinge van die Kinderwet van 1937 bly die leerlinge onder toesig van die skool tot die toesigperiode wat deur die wet bepaal word, verstryk het 1).

(V) Die Inrigting as sodanig.

Die beheer oor die inrigting word op dieselfde wyse uitgeoefen soos wat hierbo in die geval van die Nywerheid-skool te Emmasdal beskryf is.

Die inrigting is geleë op 'n plaas van ongeveer 700 morg. Die boerderybedrywighede word waargeneem deur 'n plaasvoorman met naturelle-arbeid. Behalwe die skoolgebou is daar werkswinkels en twee koshuise, wat elk 60 leerlinge kan huisves. Alle leerlinge is kosgangers.

Vir die geestelike bearbeiding van die seuns word gesorg deur die kerke waaraan hulle behoort, en ook deur lede van die personeel. Sondagskool word deur studente van die Onderwyserskollege van Heidelberg waargeneem.

Ongeveer tagtig persent van die leerlinge is gewoonlik Afrikaanssprekend en die res Engelsprekend. Die personeel bedien leerlinge in hul eie taal, maar dan word gevind dat alle leerlinge na 'n tyd deurgaans Afrikaans praat 2).

(VI) Buite-aktiwiteite en sport.

Die leerlinge help met die versorging en verfraaiing van die skool- en koshuisterreine.

Daar bestaan 'n kadetafdeling vir die leerlinge. Ook kry hulle die nodige afleiding en oefening deur deelname aan verskeie sportsoorte. In die somer word jukskei en tennis gespeel en atletiek beoefen. In die winter neem die seuns deel aan rugby, sokker en ringtennis 3).

1) Meegedeel deur mnr. J.N. Struwig.

2) Ibid.

3) Ibid.

3. KRITIESE SAMEVATTING.

(a) Groei op onderwysgebied in Heidelberg, 1910 - 1950.

Aan die begin van hierdie tydperk was daar nog nie genoegsame voorsiening gemaak vir al die kinders van skoolgaande ouderdom in die distrik Heidelberg nie. Die Skoolraad, wat simpatiek gestaan het teenoor die onderwys en hulle beywer het vir die voorsiening van onderwysfasiliteite vir alle kinders, het morele en geldelike steun verleen in die oprigting van skole. Hoewel die Skoolraad en Inspekteur van Onderwys die beginsel van konsentrasie probeer uitvoer het, was die neiging in die distrik in die rigting van desentralisasie. Dit het gelei tot die oprigting van 'n groot aantal eenman- en tweemanskole, maar aan die ander kant was dit onder omstandighede die beste weg om die geleentheid vir die verkryging van laerskoolonderwys aan alle kinders van die distrik te verskaf.

In die dorp het die Volksskool vinnig gegroei, en in 1915 is die middelbare afdeling afgestig as die Hoër Volksskool. Beide die Laer en Hoër Volksskole het uitgebrei tot klas A-skole. Om huisvesting aan die leerlinge van buite te voorsien is oorgegaan tot die oprigting van 'n aantal koshuise onder beheer van die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

Die Onderwyserskollege, wat in 1909 tot stand gekom het, het in die veertig jaar die een mylpaal na die ander verbygesteek en tot volwassenheid gegroei. Dit het reeds 'n groot aantal onderwysers(esse) opgelei en daardeur 'n onberekenbare diens aan die provinsie gelewer.

(b) Onderwyspersoneel.

Die gebrek aan behoorlik opgeleide leerkragte het hom in die jare 1910 tot ongeveer 1925 as 'n beperkende faktor in die onderwys laat geld. Geleidelik het hierin ook verbetering gekom. Nie alleen het die ongesertifiseerde

onderwyser verdwyn nie, maar die algemene kwalifikasies van die onderwyserskorps as geheel het 'n baie hoër peil bereik. Die beter toegerustheid van die onderwyspersoneel het ook die gehalte van die onderwys tot 'n baie hoër peil verhef.

(c) Onderwysfasiliteite.

Ongeskikte geboue of die algehele gebrek aan geboue was 'n stremmende faktor vir die vordering van die onderwys in die jare kort na die totstandkoming van die Unie. 'n Geleidelike maar doelbewuste uitvoering van die bouprogram het ook in hierdie behoefte stap vir stap voorsien. Vandag besit alle skole in Heidelberg betreklik genoegsame en doeltreffende geboue. Waar nog tekort aan ruimte gevoel word, is dit aan uitbreiding toe te skrywe. Dit is 'n bemoedigende teken, want dit is 'n bewys dat groei en ontwikkeling nog voortgaan.

Die verskaffing van leer- en hulpmiddels by die onderwys het ook sedert 1910 geweldig in aard en omvang ontwikkel en die moontlikheid vir doeltreffendheid in die onderwys vergroot.

(d) Sentralisasie.

Die neiging tot desentralisasie is geleidelik teëgewerk. Tot 1934 was die enigste middels om teë te werk die toekenning van losies- en vervoerbeurse of die verskaffing van transportdiere aan behoeftige leerlinge. Vanaf 1934 het die hele provinsie in die teken van sentralisasie deur middel van motorvervoerskemas gestaan. Heidelberg het in 1938 aan die beurt gekom, en toe is op groot skaal vervoerskemas ingestel, kleiner skole gesluit en sentrale skole in die lewe geroep. Die voordele van groter skole is gou ingesien, en motorvervoerskemas het baie gewild geraak. Behalwe op Heidelberg self bestaan daar slegs nog op Eendracht en Balfour provinsiale koshuise as 'n alternatiewe middel vir sentralisasie.

(a) Die stand van onderwys in Heidelberg in 1950.

Na 'n taamlik breedvoerige studie van die ontwikkelinge in die onderwys oor die afgelope veertig jaar kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die onderwys nou op 'n peil staan wat dit nog nooit vantevore bereik het nie. Op elke gebied was daar groei en ontwikkeling. Die aantal laer- en hoërskoolleerlinge staan vandag in 'n ronde getal op 3500, maar is gesentraliseer in slegs vyftien skole, sodat feitlik elke leerling die fasiliteite van 'n betreklike groot skool kan geniet. Die personeel is oor die algemeen toegerus met kennis oor hulle vak en het die gebruik van genoegsame en doeltreffende leer- en hulpmiddels tot hulle beskikking.

Vir die leerlinge word nie alleen verstandelik gesorg nie, maar daar is ook genoegsame buitemurse bedrywigheide om 'n gesonde sterk liggaam op te bou en goeie geestelike eienskappe te ontwikkel. Die onderwys van 1950 is daarop gerig om die hele mens te ontwikkel: verstandelik, geestelik en liggaamlik.

-----0-----

Bylae A.Regulatiën voor de Heidelberg - School.

(Op los blaas in die „Notulen van de Plaatselijke School-commissie district Heidelberg“ te vind in die Ned. Herv. of Geref. Kerkargief, Heidelberg, Transvaal).

Artikel I: De bovengenoemde school zal stiptelijk geregeld worden naar de bestaande wetten des Lands.

Art. II: De schooldagen zullen zijn van Maandag tot en met Vrydag, dagelijks vijf uren, 's morgens van 9 - 12 en 's middags van 2 - 4 uur.

Art. III: De vacantietyden zullen zijn tweemaal 's jaars namelijk tegen Nieuwjaar en tegen het einde van de maand Juni, en ieder keer zullen er drie weken vacantie gegeven worden makende zes weken per jaar, benevens de gewone publieke feestdagen.

Art. IV. Er zal uitdrukkelijk gezorgd worden voor de handhaving van orde en zindelijkheid. De kinderen moeten naar omstandigheden behoorlijk en rein gekleed zijn.

Art. V. Voor minder dan drie maanden wordt een kind niet toegelaten. Blijft het in de vierde maand dan wordt het weer voor drie maanden gerekend, en zoo vervolgens. Eén maand vooruit moet aan den Thesaurier kennis worden gegeven wanneer men een kind uit de school wil nemen. Bij het einde van de maand moet het schoolgeld aan den Thesaurier betaald worden. Men lette op het begin van eene kwartaal. Getrouwe en geregelde bijwoning der school wordt van de leerlingen verwacht.

Art. VI. Wanneer een kind niet gedurende de volle maand de school bijwoont dan moet toch het volle schoolgeld betaald worden, met bepaling evenwel dat in geval van ernstige ziekte kwijtschelding kan gegeven worden, hetgeen door den Onderwijzer moet worden beoordeeld, en door de Commissie goedgekeurd.

Art. VII. De schoolgelden per maand zijn vijf shillings voor een leerling van de lagere klasse; voor het middelbaar

Onderwijs zeven shillings en zes pence. Vacantie-dagen worden aangemerkt als schooldagen.

Art. VIII. Voor de schoolbehoeften, boeken, leien, griffels, pennen, inkt enz, moet extra betaald worden. Er worden maatregelen genomen om zoo goedkoop mogelijk bij den Onderwijzer zulke benodigdheden zich te kunnen aanschaffen. De School-Commissie zal zorg dragen, dat van het verkoopen van boeken geen misbruik zal worden gemaakt, en zal ook toezicht houden over de keus der noodige schoolboeken.

Art. IX. Er wordt bepaald dat niemand hoegenaemd het recht zal hebben om in de school eenige aanmerking te maken. Eenige klacht moet ingeleverd worden bij de School-Commissie. De Onderwijzer, van wien verwacht wordt dat hij over de leerlingen een vaderlijke tucht zal uitoefenen, is alleen aan de School-Commissie verantwoording schuldig voor het bestuur der school.

Art. X. Aan het einde van ieder jaar zal er een publieke Examen gehouden worden. Bij die gelegenheid zullen er ook prijzen worden uitgereikt.

Door de School-Commissie goedge-
keurd op heden te Heidelberg,
2 Dec. 1890.

N.J. van Warmelo

Voorzitter.

In de volgende leervakken kan privaats onderwijs ge-
nooten worden, waaromtrent inlichting kan verkregen worden
bij den onderwijzer:- Boekhouden, Stel- en Meetkunde, Vreem-
de Talen, Teekenen, Gewijde muziek, Handwerken voor meisjes,
enz.

Over deze leervakken beschickt de School-Commissie niet.

Bylae B.

Huishoudelijk Reglement

van de

V O L K S S C H O O L

te

HEIDELBERG, TRANSVAAL.

(Oorspronklike reglement ingeplak in Notulen Boek No.1, 24).

Algemeene Bepaling.

Er zal te Heidelberg een Volksschool zijn. Deze school zal onderhouden worden door ouders en belanghebbenden.

Het doel der school zal zijn de kinderen van ons volk op te voeden in Afrikaanschen zin, volgens christelike beginselen. Deze beginselen steunen op de belofte des Doops, door de ouders afgelegd.

Deze school zal heeten ⁵DE VOLKSSCHOOL te Heidelbergⁿ.

In deze school zal gelijke rechten aan de Hollandsche en Engelsche talen worden toegekend, terwijl het leerplan van de Commissie van het Christelijk Nationaal Onderwijs gevolgd zal worden in de vakken van onderwijs.

De Commissie.

Art. I.

De School Commissie zal bestaan uit minstens zeven leden, die gekozen moeten worden, uit, en door, de ondersteuners der school.

Ondersteuners zijn zij:-

- (a) die op de waarborglijst hebben geteekend voor minstens £5.
- (b) die een aandeel hebben genomen.
- (c) Ouders die een kind op school hebben.

Art. II.

De leden der Commissie worden gekozen voor een tijdperk van twee jaren, de helft der leden om de beurt jaarlijks af te treden. Zij zijn echter herkiesbaar.

Art. III.

Bij het ontstaan van vacaturen in de Commissie, zullen

de overgeblevene leden de opengevallen plaatsen voorloopig aanvullen door het benoemen van andere leden.

Art. IV.

De aftredende leden blijven in functie tot dat hunne opvolgers zitting nemen.

Art. V.

Niemand mag lid der Commissie zijn, die eenig ander school ondersteunt ten nadele van deze school. De redenen van zoodanige handelwijze der leden altijd door de School Commissie te worden beoordeeld.

Art. VI.

De School Commissie komt drie-maandelijks bijeen, tijd en plaats van samenkomst naar gelang van omstandigheden te worden bepaald door den Voorzitter en Vice-Voorzitter; zoo-veel mogelijk echter op den maandag vóór de school sluit aan het einde van ieder kwartaal.

Art. VII.

Buitengewone zittingen worden belegd door den Voorzitter wanneer vereischt, met opgave van redenen, of wanneer daartoe verzocht door twee of meer leden.

Art. VIII.

Eenig lid, afwezig zijnde van twee achtereenvolgende gewone vergaderingen der School Commissie, zonder kennisgeving aan en goedkeuring van de Commissie, zal beboet worden met tien shillings. Daarna zal hem worden kennis gegeven dat zoo hij in de volgende gewone vergadering niet verschijnt hij beschouwd zal worden als afgetreden te zijn, en zijne plaats aangevuld zal worden.

Art. IX.

De leden der Commissie zullen ten allen tijde vrijen toegang tot de school hebben.

Art. X.

De Commissie bepaalt het bedrag der schoolgelden van tijd tot tijd naar bevind van zaken. De school gelden

worden kwartaalsgewijze geeind en zijn vooruit betaalbaar.

Art. XI.

De rekeningen van school gelden zullen gedurende de eerste maand van het kwartaal worden uitgezonden. Ouders, die gedurende drie achtereenvolgende maanden in gebreke blijven, wegens nalatigheid, met het vereffenen der rekeningen, zullen hunne kinderen niet langer ter school mogen zenden alvorens het achterstallige is aangezuiverd.

Art. XII.

De Commissie heeft het recht en de macht ten einde de gevolgen van slechte voorbeelden en wanorde in de school te voorkomen, kinderen uit de school te verbannen, wegens verregaande ongehoorzaamheid en wangedrag.

Art. XIII.

De volstrekte meerderheid van de leden der Commissie zal een quorum uitmaken.

Art. XIV.

De Commissie kiest uit haar midden, een Voorzitter, Vice-Voorzitter, Secretaris en Thesaurier.

De Voorzitter.

Art. XV.

De Voorzitter zal hetzelfde recht hebben als andere leden aan de beraadslagingen, het doen van voorstellen, en aan de stemmingen deel te nemen. Op staking der stemmen zal hij ook een beslissende stem hebben.

Art. XVI.

De Voorzitter is belast met het openen en sluiten der vergaderingen, en met het houden van orde gedurende de zitting.

De Secretaris.

Art. XVII.

De Secretaris zal behoorlijk notulen houden van de verrichtingen der School Commissie en legt dezelve ter goedkeuring voor de volgende gewone zitting, als wanneer die door Voorzitter en Secretaris geteekend moeten worden.

Art. XVIII.

De Secretaris brengt alle besluiten der Commissie schriftelijk en zoo spoedig mogelijk ter kennis van de daarbij belanghebbende partijen.

Art. XIX.

Alle klachten moeten in geschrifte bij den Secretaris worden ingediend, die daarvan kennis geeft aan den Voorzitter, en dezelve voor de Commissie legt in hare eerstvolgende vergadering.

De Thesaurier.Art. XX.

De Thesaurier doet al het financiële werk, houdt behoorlijk boek van de inkomsten, en uitgaven der school, en doet verslag aan het einde van elk kwartaal; als wanneer zijne boeken ook door twee leden der Commissie zullen worden geauditeerd.

De Onderwyser.Art. XXI.

De Onderwijzers worden aangesteld of bedankt door, en zijn verantwoordelijk aan de School Commissie.

Art. XXII.

De ~~Onderwijzers~~ moeten zijn van goed zedelijk gedrag, van beslist Christelijke beginselen, en behoorlijk gecertificeerd.

Art. XXIII.

De Hoofd Onderwijzer zal bij het einde van elk kwartaal, de vereischte staten behoorlijk opmaken en aan den Thesaurier overhandigen ter verzending aan het Christelijk Nationaal Onderwijs Comité.

Art. XXIV.

Het salaris der onderwijzers zal kwartaalsgewijze aan hen worden uitbetaald.

Vedere Belangen.Art. XXV.

Elk jaar in Juni zal de Commissie een kort verslag van hare verrichtingen, en van den financieelen toestand der School aan het Publiek voorleggen: bij welke vergadering leden, in plaats van de afgetreden leden, gekozen zullen worden.

Art. XXVI.

De keuze van leerboeken, verdeeling van klassen, en het opmaken van tijdtafels zullen gedaan worden door den Hoofd Onderwijzer, onderworpen aan de goedkeuring der School Commissie.

Art. XXVII.

De school uren zullen zijn minstens vijf uren iederen dag, Zaterdag, Zondag, Feest en Vacantiedagen uitgezonderd, welke uren met de Vacantiedagen van tijd tot tijd naar omstandigheden, door de School Commissie zullen worden bepaald.

Art. XXVIII.

Alle wijzigingen van, of toevoegingen aan, deze Huis-houdelijke regels moeten in twee achtereenvolgende vergaderingen der Commissie bij volstrekte meerderheid van stemmen geschieden.

NOOT: Dit Reglement is in alle opzichte 'n getrouwe afskrif van die oorspronklike. Vgl. die twee spellings van "schoolgelden" en die foutiewe spelling van "geeïnd", " art. X.

Bylae C.

(Oorspronklike te vind in "Notulen Boek No. I van de Commissie der Heidelberg Volksschool", 75 - 102: Argief Lær-Volk-skool, Heidelberg, Transvaal).

Overeenkomst.

De School Commissie van de Volksschool te Heidelberg, overwegende dat de Regeering des Lands thans in handen is gekomen van mannen die tot "Het Volk" behooren, alsmede dat

de hoofdpersonen in het Ministerie en vooral de Koloniale Secretaris op 't Hoofd Comité van C.N.O. hebben gediend, koestert de verwachting dat de groote beginselen, waarvoor 't C.N.O. tot hiertoe gestreden heeft, - t.w. 't initiatief der ouders, de aanstelling van onderwijzers door eigen School Commissiën, volkomen recht voor onze Moedertaal, en 't Christelijk Onderwijs op school, - in de nieuwe onderwijs-wet gehandhaafd zullen worden; en verder vertrouwend dat Generaal Smuts toezien zal dat het personeel en de administratie zoodanig zijn zullen dat gemelde beginselen in den geest van onze volks-opvatting zullen worden toegepast:- besluit, met de Reggering mee te werken en onze School voortaan als eene openbare inrichting te doen gelden, onder de volgende voorwaarden:-

1. Het zelfstandig voortbestaan der Volksschool zal gewaarborgd worden als eene afsonderlijke Publieke School voorziening makende voor lager („primary") en middelbaar („secondary") onderwijs, en met dien verstande dat de bestaande Normaal-klas in verband met de school zal voortgezet worden.
2. Totdat de nieuwe onderwijs-wet in werking treedt, blijft deze school voortwerken zooals voorheen d.i. geene verandering in leercursus, handboeken, voermiddel enz. worde gemaakt ten einde verwarring en vertraging van 't onderwijs te voorkomen.

3. Alle onderwijzers thans in deze school werkzaam, zullen door 't Departement van Onderwijs als zoodanig worden erkend en blijven in dienst tegen een salaris volgens de schedule v. 't gouvernement maar niet geringer dan zij thans genieten. De onderwijzers zijn:-

de heer T.A. Dönges gehuwd Intern. B.A. II klas Ond.	Salaris	£350.
" P.W. de Villiers do. Matric	do. -	£200.
Mej. Anna Basson 16 jaren ondervinding op Gouvts. scholen		
aan de kaap en Tr.-vaal	-	£130.

Mej. Johanna Rossouw Matric en III klas onderw. - £130.

Jongeheer Justus Killian Kweekeling £24.

4. Daar het onderwyzend personeel, wegens de drukkende tijden, ontoereikend is voor 150 leerlingen zoo stellen we voor, vooral met 't oog op eene toestroming van kinderen indien gratis onderwijs wordt ingevoerd, dat het ons toegestaan worde nog aan te stellen, een assistent-hoofd en eene onderwijzeres. In dat geval sou de kweekeling kunne aftreden.

5. De dienstitjd der onderwijzers in vroegere Gouvernements en C.N.O. scholen, zal in aanmerking komen met betrekking tot privileges die Gouvernements onderwijzers mogen toekomen.

6. De tegenwoordige School Commissie van 9 leden, gekozen door de ouders en ondersteuners der Volksschool in eene openbare Vergadering zal erkend worden en in functie blijven zooals tot hiertoe, volgens 't Reglement der school.

7. De volgende Artt. van ons Huishoudelijk Reglement (Exemplaar hierbij gevoegd) worden ten minste in derzelver strekking, goedgekeurd als van toepassing op deze school; als er zijn - de algemeene bepaling of aanhef, met verandering van onderhouden in uitgaan van geruggesteund en weglating van den laatsten zin, Artt. I (b) en (c), II, III, VI, VII, XII, XIV, XV, XIX, XX, XXI, XXII, XXV, en XXVI.

8. De schoolgebouwen met eene prachtige en ruime zaal en meubelen (een portret gaat hierbij), die opgericht zijn ter waarde van ruim £5000, behoorende aan de Vereenigde Kerk alhier en zullen gehuurd worden tegen £25 per maand voor ten minste 20 jaren, de eigenaar evenwel het recht behoudende om alle vijf jaar den huur op te zeggen.

9. De eigenaar van de school behoudt zich het recht voor de gebouwen te gebruiken voor Godsdienstige doeleinden, als anderzins, op tijden wanneer die niet in school gebruik zijn.

10. Het ameublement ter waarde van ruim £500 blijft 't eigendom van den eigenaar: het Gouvernement betalende £50 per jaar voor gebruik en slijtage.

11. Alle Gouvernements en Municipale belastingen met sanitaire- en waterfoolen, alsmede de onkosten in verband met de reiniging en verlichting der school, zullen door het Departement van Onderwijs gedragen worden.

12. Alle boeken en schoolbehoefden, ten dienste der school zullen door het Departement van Onderwijs gratis verschaft worden.

13. Deze overeenkomst in werking te treden van af 't begin van 't loopend kwartaal.

Goedgekeur op eene vergadering der Commissie van de Volksschool, op heden den 30sten April 1907 te Heidelberg, terwijl de voorzitter (Ds. A.J. Louw) tesamen met de heeren F.J. Bezuidenhout en T.A. Dönges benoemd werden tot eene deputatie om dit stuk onder de aandacht van den Kolonialen Secretaris te brengen.

Hierbij wordt ook gevoegd het volgende stuk bij wijze van toelichting van den toestand en de positie onzer school.

Geschiedkundig Overzicht.

Geschiedkundig overzicht van het ontstaan en het voortbestaan der Volksschool te Heidelberg, onder de aandacht van den Kolonialen Secrétaris gebracht, met het doel om aan te hooren haar recht van bestaan en de aanspraak die zij maakt op den status van een „Secondary" school met Normaal klasse.

1. „De Heidelberg Volksschool" bestaat sedert Aug. 1903 en is dus ongeveer 4 jaar oud.

2. Wij hebben een zeer doelmatig ingericht schoolgebouw ter waarde van £5000, het eigendom van de Vereenigde Kerk.

3. Ons personeel bestaat uit onderwijzers en onderwijzeressen, die hun werk zeer degelijk doen, tot onlangs telde het zes, maar door finantieel gebrek moesten wij het verminderen tot 4 met 1 kweekeling.

4. Sedert de stichting der school bezoeken of hebben 325 leerlingen de school bezocht, ons tegenwoordig getal bedraagt ongeveer 150, welk getal aanzienlijk meer zou geweest zijn

ware het niet dat de Commissie afwijzen moest van wege gebrek aan finantien.

5. De meesten onzer leerlingen komen uit de Gouvernements scholen, waar zij veelal vrij onderwijs genoten; hieruit blijkt dat onze school al dien tijd voorziening heeft gemaakt in eene bestaande behoefte. Wij hebben heel wat leerlingen van buiten alsook van andere districten, de Kerkraad der Vereenigde gemeente dit ziende heeft reeds een ruimen tijd besloten vier groote erven af te staan voor eene kostenrichting en tot het bouwen over te gaan zoodra de finantien zulks toelaat.

6. Er werd gemiddeld ieder jaar £1000 opgebracht door ouders en belangstellenden aan schoolgelden, aandeelen, Bazaars, enz. ter instandhouding van deze inrichting; terwijl er nog op een waarborg-lijst voor zoowat £350 per jaar geteekend werd, om een mogelijk tekort te dekken.

7. Onze maandelijksse salarissen, nu lager dan vroeger, beloopten nog ongeveer £70 per maand.

8. Wij hebben eene plaatselijke kostenrichting waarin 28 weezen gratis gehuisvest en verzorgd worden door de vriendelijke hulp van leden der gemeenten. Andere leerlingen logeeren bij private huisgezinnen bij gebrek aan ruimte in de weesinrichting.

9. Van 40 tot 60 leerlingen ontvingen geregeld gratis onderwijs al dien tijd.

10. Onze schoolgelden zijn als volgt:-

15 shils. per kwartaal voor std. I en II.

21 " " " " " III en IV.

27 " " " " " V en hooger.

11. Onze School Commissie worat gekozen door de ouders van schoolgaande kinderen, aandeelhouders en waarborgers.

12. De Commissie houdt zich aan het huishoudelijk reglement, hierbij gevoegd, waaruit het blijkt dat de twee talen gelijke rechten ontvangen.

B I B L I O G R A F I E .A. Argiefstukke.

1. O.D.-Bande: 1 - 6, Uniegebou, Pretoria.
2. R.-Stukke (Staatsekretaris), Uniegebou, Pretoria.
3. Z.A.R.-Lyste, Landdroste en Delwerye, Uniegebou, Pretoria.
4. Ned. Herv. of Geref. Kerkargief, Heidelberg, Transvaal, III 2. J. 75.

B. Ongepubliseerde Dokumente.

1. Notulen van de Plaatschelyke Schoolcommissie, district Heidelberg.
2. Notulen Boek van de Commissie der Heidelberg Volksschool, No. I en II.
3. Notulen van de Ned. Herv. Kerk, Heidelberg, Boek I en III.
4. Notulen Ned. Herv. of Geref. Kerk, Heidelberg, Boek II.
5. Losiesboek, Kerklike Kantoor, Heidelberg.
6. Joernaal, Hoër Volksskool, Heidelberg, Boek I en II.
7. Joernaal, Laer Volksskool, Heidelberg.
8. Joernaal, Onderwyserskollege, Heidelberg.
9. Briewelêers (tot 1907) en kwartaalstate, Laer Volksskool.
10. Lêers en registers, J.W. Luckhoff-Hulpskool, Houtpoort.
11. Lêers en registers, Nywerheidskool, Emmasdal.
12. Lêers, Skoolraadskantoor, Heidelberg.
13. Notule van die Heidelbergse Skoolraad, 1906 - 1941.

C. Ongepubliseerde Verhandelinge.

1. Viljoen, D.J: Die geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Heidelberg, Tvl., sedert sy stigting tot na die stryd om Kerklike Eiendomme, 1865 - 1897. B.D.-Verhandeling, Univ. van Pretoria, Sept.

1949.

D. Gepubliseerde Bronne.

(a) Onderwysverslae: Transvaal.

1. Superintendentsverslae in die Zuid-Afrikaanse Republiek, 1878 - 1898.
2. Transvaal Education Department, Report for the School Year, January - December, 1903.
3. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys, 1900 - 1948.

(b) Omsendbriewe.

1. Transvaalse Onderwysdepartement: Omsendbriewe.

(c) Brosjures, Koerante, Tydskrifte, Wette ens.

1. Almanak voor de Gereformeerde Kerk, Zuid-Afrika.
2. Bonsma, K: Iets uit die geskiedenis van Heidelberg dorp en distrik.
3. De Staats Courant, 1858 - 1877 en 1881 - 1900.
4. De Gereformeerde Kerkbode.
5. De Kerkbode.
6. Het Kerkblad der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.
7. Opwaarts, Junie 1936.
8. Fleur, November 1946.
9. Prospektus, Heidelbergse Onderwyserskollege, 1952.
10. Statutes of the Transvaal, 1907.
11. Symington, F.C.: Die Konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat. (Verhandeling gepubliseer in Historiese Studies, Maart 1944).

E. Gepubliseerde Werke: Boeke.

1. Coetzee, J. Chris.: (a) Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838 - 1938; Afr. Pers Beperk, Pleinstraat 3, Johannesburg; S.j.
(b) Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937; J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1941.

2. Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek; Van de Sandt de Villiers en Kie. Beperk, Kaapstad, 1929.
3. Engelbrecht, S.P. : (a) Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865.- 1935; Wallach's, Beperk, Pretoria, S.j.
(b) Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika; J.H. de Bussy, Pretoria, 1936.
4. Gerdener, G.B.A.: (a) Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Transgariep; Nas. Pers Bpk., Kaapstad, 1930.
(b) Ons Kerk in die Transgariep; S.A. Bybelvereniging, Kaapstad, 1934.
5. Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836-1900; J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1925.
6. Moorrees, A.: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652 - 1873; S.A. Bybelvereniging, Kaapstad, 1937.
7. Potgieter, C. en Theunissen, N.H.: Hendrik Potgieter; Afr. Pers Beperk, Johannesburg, S.j.
8. Preller, G.S.: Andries Pretorius; Afr. Pers Beperk, Johannesburg, 1940.

F. Deponente.

1. Mev. A.S. Badenhorst (gebore Van der Linden), Heidelberg, Transvaal.
2. Mnr. K. Bonsma, Heidelberg, Transvaal.
3. Mev. J.H.J. (Sina) Botha (gebore Maré), Rietspruit, Heidelberg, Transvaal.

13. De volgende resultaten werden door ons bij de verschillende examens geleverd:-

	<u>Lof.</u>	<u>Gepasseerd.</u>	<u>Gedropen.</u>
In 1904 Sept. L. Taalb.	2	3	1
" 1904 Nov. Cape University	2	3	1
" 1906 Sept. L. Taalb.	6	3	0
" 1906 Sept. Hooger "	1	3	0
" 1906 Sept. Gesch. "	5	0	0
" 1906 Sept. 3de klas onderw.			
(C.N.O.)	3	1	0
Totaal	<u>19</u>	<u>13</u>	<u>2</u>

Verscheidene van deze kandidaten sloegen een zeer goed figuur zoodat zeven hunner of een beurs of een prijs kregen.

14. Benevens de inspecties door C.N.O. Inspecteur en Hoofd der school gehouden, heeft de Commissie den Heer R.D. Collins van de Eendrachtschool, als bekwaam oud onderwijzman uitgenoodigd de school te komen inspecteeren, waarvan bijgaand rapport eenigszins zijne indrukken weergeeft.

15. De Commissie heeft te alle tijde getracht de school eene degelijke „secondary" inrichting te laten zijn en heeft 2½ jaar geleden besloten eene normaal klasse jaarlijks daaraan te verbinden, waarvan de eerste vruchten zoo brilliant laatste Sept. geleverd werden. E. K. Sept, zoowel als voor het a.s. jaar hebben we weer kandidaten in voorbereiding voor dat Examen.

16. Aantal leerlingen in ieder standaard (volgens overplaatsing die thans plaatsvindt door den C.N.O. Inspecteur, den heer te Boekhorst) zijn ongeveer als volgt 1):-

Beneden Stand.
 Stand. I
 Stand. II
 Stand. III
 Stand. IV
 Stand. V
 Stand. VI
 Normaal Klassen.

Hierbij diene niet vergeten te worden dat de C.N.O. standaard eische, zooals in onze school, streng toegepast, altijd bleken minstens één standaard hooger te zijn dan die van de Gouvernements scholen.

1) Die aantal leelinge in die verskillende standerds is nie ingeskryf nie.

4. Mnr. T.A. Dönges, Wetter, Heidelberg, Tvl.
5. Mnr. D.J.M. Jordaan, Heidelberg, Tvl.
6. Dr. G.J. Jordaan, Onderwyserskollege, Heidelberg, Tvl.
7. Mnr. A.S. Liebenberg, Bestuurder Kerklike koshuise,
Heidelberg, Tvl.
8. Mev. M.F. Lotz (gebore Spruyt), Heidelberg, Tvl.
9. Mnr. Ferdinand Maré, Rietspruit, Heidelberg, Tvl.
10. Mnr. J.N. Struwig, Hoof, J.W. Lückhoff-Hulpskool,
Houtpoort, Heidelberg, Tvl.
11. Mnr. J.H. Forster, Vise-hoof, Nywerheidskool, Emmasdal,
Heidelberg, Tvl.
